¹Ordonnansie om die stigting van dorpe en die onderverdeling van landgoedere te reël en om voorsiening te maak vir die opstel en goedkeuring van dorpsaanlegskemas. [Afgeskondig 14 September, 1934. In werking getree 1 Januarie, 1935 (Art. 64.)] E.

HOOFSTUK 1. — WOORDVERKLARINGS.

Woordverklarings.

1. Tensy dit uit die samehang anders blyk, het die onderstaande woorde in hierdie Ordonnansie die volgende betekenisse:—

“Goedgekeurde dorp of onderverdeelde landgoed” beteken ’n dorp of onderverdeelde landgoed, die stigting waarvan deur die Administrateur goedgekeur en ²tensy vry stelling verleen is van die nakoming van subartikel (6) van artikel twintig as sodanig bekend gemaak is kragtens hierdie Ordonnansie.

“Kommissie” beteken die Dorpekommissie soos saamgestel kragtens artikel twee.

“Registrasiekantoor van Aktes” beteken, met betrekking tot enige grond, die Registrasiekantoor van Aktes wat gestig is vir daardie gedeelte van die Provinsie waarin die grond geleë is.

“Erf” beteken elke stuk grond in ’n dorp of onderverdeelde landgoed (hetsy goedgekeur kragtens hierdie Ordonnansie of nie) wat op die Registrasiekantoor van Aktes as ’n erf, standplaas, lot of perseel geregistreer is en sluit in enige stuk grond, behalwe ’n openbare plek wat aangetoon word op ’n algemene plan van ’n dorp of onderverdeelde landgoed of voorgestelde dorp of onderverdeelde landgoed.

“Stig” of “stigting” sluit in, met betrekking tot ’n dorp of onderverdeelde landgoed, “uitbrei” of “uitbreiding” van daardie dorp of onderverdeelde landgoed.

“Algemene plan” beteken ’n plan waarop die betreklike ligging aangetoon word van die erwe en openbare plekke binne ’n dorp of onderverdeelde landgoed of voorgestelde dorp of onderverdeelde landgoed en sluit in ’n plan wat voor die inwerkingtreëning van hierdie Ordonnansie op ’n Registrasiekantoor van Aktes of Kantoor van die Landmeter-generaal as ’n algemene plan erken en gedeponeer is.

“Regering” beteken die Regering van die Unie van Suid-Afrika.

“Plaaslike owerheid” beteken die Afdelingsraad, Munisipale Raad, Dorpsbestuur of Plaaslike Bestuur binne die gebied waarvan die dorp of onderverdeelde landgoed of voorgestelde dorp of onderverdeelde landgoed geleë is, met die verstande dat die gebied van ’n Afdelingsraad vir die doeleindes van hierdie Ordonnansie nie beskou word as die gebied in te sluit van ’n Munisipale Raad of Dorpsbestuur of Plaaslike Bestuur wat binne sy grense geleë is nie.

³“Klein onderverdeling” beteken enige grond onderverdeel of uitgelê hetsy deur werklike opmeting, die oprigting van geboue of strukture of op enige ander wyse—

(a) in hoogstens tien erwe, standplase, lotte of persele vir woon-, nywerheids-, beroeps- of dergelike doeleindes, ongeag of sodanige grond binne of buite die gebied van ’n stedelike plaaslike owerheid geleë is, of

(b) in enige aantal stukke vir enige ander doel as dié vermeld in paragraaf (a), waar sodanige grond binne die gebied van ’n stedelike plaaslike owerheid geleë is, maar omvat nie ’n onderverdeling of uitleg van grond ten opsigte waarvan aansoek gedoen word, of die Kommissie ingevolge paragraaf (b) van subartikel (6) van artikel nege gelas het dat aansoek gedoen word, om die stigting van ’n dorp of die onderverdeling van ’n landgoed nie.

⁴„eienaar” met betrekking tot ’n dorp, onderverdeelde landgoed of klein onderverdeling beteken die persoon wat van tyd tot tyd in ’n Registrasiekantoor van Aktes geregistreer

¹ Verwys ook na O 12/38; O 16/53; O 17/54; O 10/58, en O 19/59. Bepalings van hierdie Ordonnansie nie van toepassing ten opsigte van grond wat deel uitmaak van Kaapstadse Strandgebied nie, solank die eiendomsreg op daardie grond by die Kaapstadse Strandgebiedsraad berus—a.10(3)/W 26/50. Insake die onthefing van die Gemeenskapsontwikkelingsraad van besondere bepalinge van ordonnansies, van verordeninge of regulasies van plaaslike besture en die stigtingsvoorwaardes van ’n dorp, kyk a.20/W 3/66, soos gewysig.

² Gewysig by a.1/O 30/48.

³ Omskrywing ingevoeg by a.1/O 19/59.

⁴ Gewysig by a.1/O 12/62.

^{4a} Omskrywing vervang by a.1/O 28/68.

included or to be included therein, and includes the successor in title to such owner in respect of any remaining portion of such township subdivided estate or minor subdivision, the liquidator or judicial manager of an owner which is a company incorporated or registered as such under any law and which is under liquidation or judicial management, the trustee or assignee of the estate of an owner which has been sequestrated or assigned, the executor or administrator of the estate of a deceased owner, the legal representative of an owner who is under any other legal disability and the authorised representative in the Republic of an owner who is absent from the Republic or whose whereabouts are unknown.

"Prescribed" means prescribed under this Ordinance or by regulation made thereunder.

"Proclaimed land" means any land which has been proclaimed by proper authority as a river diggings, alluvial or other diggings or mining area under any law relating to mining for precious or base metals or minerals or precious stones.

"Public place" means and includes the land comprising any street, road, square, thoroughfare, sanitary lane, park, recreation or sports ground, or open space shown on the general plan of a proposed township or subdivided estate or of an approved township or subdivided estate or of a township or subdivided estate in existence at the commencement of this Ordinance.

"Street" includes any street, road, avenue, lane, sanitary lane or thoroughfare shown on the general plan of a proposed township or subdivided estate or of an approved township or subdivided estate or of a township or subdivided estate in existence at the commencement of this Ordinance.

"The Court" means the Provincial or Local Division of the Supreme Court having jurisdiction.

"Township or subdivided estate" means any land subdivided or laid out, whether by actual survey, the erection of buildings or structures or in any other manner, for residential, industrial, occupational or similar purposes, but does not include a minor subdivision.

"Registrar," in relation to any land, means the Registrar of Deeds for the area within which the land is situate.

"Surveyor-General" means the Surveyor-General of the Province of the Cape of Good Hope.

"Urban local authority" means a Municipal Council, Village Management Board or Local Board.

CHAPTER 2. — THE ESTABLISHMENT OF TOWNSHIPS AND THE SUBDIVISION OF ESTATES GENERALLY.

Constitution of Townships Board.

72. (1) The Townships Board shall consist of the following members (hereinafter referred to as the ordinary members):—

(a) the Surveyor-General or his deputy;

(b) the Registrar of Deeds at Cape Town or his deputy;

⁷(c) not more than four persons appointed by the Administrator: provided that no person who holds a whole-time post in the service of the State shall be appointed under this paragraph;

^{7a}(d) not more than two persons appointed by the Administrator of whom one shall be employed in the office of the Director of Local Government and the other in the office of the Provincial Roads Engineer.

^{7b}(1A) With the approval of the Administrator, the Board may, either for general or special purposes, appoint from amongst its ordinary members committees of not less than two members each and may delegate to such committees, either absolutely or conditionally, such of its powers, functions or duties as the Administrator may from time to time approve.

⁵ Definition substituted by s.1/O 19/59.

⁶ Definition inserted by s.1/O 30/48.

⁷ [2] substituted by s.1/O 17/54. Persons holding office as members of the Board under repealed s.2 deemed to have been appointed under paragraph (c) of subsection (1) of this section — s.1/O 17/54.

^{7a} (d) added by s.1/O 25/69.

^{7b} (1A) inserted by s.1/O 25/69.

is as die eienaar van die grond wat daarin ingesluit is of ingesluit sal word, en omvat die regsopvolger van sodanige eienaar ten opsigte van enige restant van sodanige dorp, onderverdeelde landgoed of klein onderverdeling, die likwidateur of geregtelike bestuurder van 'n eienaar wat 'n maatskappy is wat kragtens enige wet as sodanig geïnkorporeer of geregistreer is en wat in likwidasie of onder geregtelike bestuur is, die trustee of beredderaar van die boedel van 'n eienaar wat gesekwestreer of afgegaan is, die eksekuteur of administrateur van die boedel van 'n oorlede eienaar, die regsverteenvoorder van 'n eienaar wie se handelingsbevoegdheid op enige ander wyse beperk is en die gemagtigde verteenwoordiger in die Republiek van 'n eienaar wat uit die Republiek afwesig is of wie se verblyf onbekend is.

“Voorgeskrif” beteken voorgeskryf kragtens hierdie Ordonnansie of regulasie daaronder gemaak.

“Geproklameerde grond” beteken enige grond wat deur 'n behoorlike owerheid as 'n rivierdelwery, spoel- of ander delwerye of myngebied geproklameer is kragtens enige wet wat betrekking het op die delwing van edel- of onedelmetale of minerale of edelgesteentes.

“Openbare plek” beteken en sluit in die grond wat bestaan uit enige straat, pad, plein, verkeersweg, sanitêre gang, park, ontspannings- of sportgronde of ope ruimte aangetoon op die algemene plan van 'n voorgestelde dorp of onderverdeelde landgoed of van 'n goedgekeurde dorp of onderverdeelde landgoed of van 'n dorp of onderverdeelde landgoed wat op die datum van die inwerkingtreding van hierdie Ordonnansie bestaan.

“Straat” sluit in 'n straat, pad, laan, gang, sanitêre gang of verkeersweg aangetoon op die algemene plan van 'n voorgestelde dorp of onderverdeelde landgoed of van 'n goedgekeurde dorp of 'n onderverdeelde landgoed of van 'n dorp of onderverdeelde landgoed wat op die datum van die inwerkingtreding van hierdie Ordonnansie bestaan.

“Die Hof” beteken die Provinsiale of Plaaslike Afdeling van die Hooggeregshof wat jurisdiksie het.

“Dorp of onderverdeelde landgoed” beteken enige grond onderverdeel of uitgelê, hetsy deur werklike opmeting, die oprigting van geboue of strukture of op enige ander wyse, vir woon-, nywerheids-, beroeps- of dergelike doeleindes, maar omvat nie 'n klein onderverdeling nie.

“Registrateur” beteken, met betrekking tot enige grond, die Registrateur van Aktes vir die gebied waarin die grond geleë is.

“Landmeter-generaal” beteken die Landmeter-generaal van die Provinsie die Kaap die Goeie Hoop.

“Stedelike plaaslike owerheid” beteken 'n Munisipale Raad, Dorpsbestuur of Plaaslike Bestuur.

Samestelling van Dorpekommissie.

⁷²(1) Die Dorpekommissie bestaan uit die volgende lede (hierna die gewone lede genoem);

(a) die Landmeter-generaal of sy plaasvervanger;

(b) die Registrateur van Aktes te Kaapstad of sy plaasvervanger;

⁷(c) hoogstens vier persone deur die Administrateur aangestel; met dien verstande dat geen persoon wat 'n voltydse betrekking in die diens van die Staat beklee, kragtens hierdie paragraaf aangestel mag word nie;

^{7a}(d) hoogstens twee persone deur die Administrateur aangestel van wie een in die kantoor van die Direkteur van Plaaslike Bestuur en die ander in die kantoor van die Provinsiale Padingenieur in diens moet wees.

^{7b}(1A) Met die goedkeuring van die Administrateur kan die Kommissie, òf vir algemene òf vir spesiale doeleindes, uit sy gewone lede komitees van minstens twee lede elk aanstel en kan hy aan sodanige komitees òf volstrek òf voorwaardelik enige van sy bevoegdhede, funksies of pligte deleger wat die Administrateur van tyd tot tyd goedkeur.

⁵ Omskrywing vervang by a.1/O 19/59.

⁶ Omskrywing ingevoeg by a.1/O 30/48.

⁷ [2] vervang by a.1/O 17/54. Lede van Kommissie wat deur Administrateur aangestel is voor die inwerkingtreding van hierdie Ordonnansie, word beskou as aangestel kragtens paragraaf (c) van subartikel (1) van hierdie artikel — a.1/O 17/54.

^{7a} (d) toegevoeg by a.1/O 25/69.

^{7b} (1A) ingevoeg by a.1/O 25/69.

(2) For the purpose of assisting the Board in any specific matter, the Administrator may appoint such number of additional members to the Board as he may deem necessary. Any such additional member shall for all purposes relating to such matter be a member of and have a vote on the Board.

(3) The Administrator may, subject to the provisions of sub-section (8) direct any number of additional members or any number of additional members and ordinary members to act as the Board in regard to any specific matter assigned to them by the Administrator.

(4) The Administrator may during the absence or incapacity of any member appoint a person to act as substitute for such member, and any such substitute shall, while so acting, for all purposes be a member of the Board.

(5) For the purpose of assisting the Board in any specific matter, the Administrator may appoint such number of assessors as he may deem necessary. Any such assessor shall be entitled to attend meetings of the Board when the matter in question is dealt with, but shall act in an advisory capacity only and shall have no vote on the Board.

(6) Appointments of members and assessors shall be subject to such conditions, including tenure of office, remuneration, fees and allowances, as the Administrator may prescribe: provided that allowances shall not exceed the rates applicable to the public service.

(7) If any member shall, without leave of the Board, have been absent from four consecutive meetings of which he has been notified, he shall automatically cease to be a member of the Board.

(8) Any three members shall form a quorum at meetings of the Board.

(9) The Administrator shall appoint a chairman and deputy chairman for the Board, and any person so appointed shall, if not already an ordinary member, for all purposes be a member of the Board. Whenever the chairman and deputy chairman are absent or for any reason incapacitated, the members present at any meeting shall determine by agreement or failing agreement, by lot which of them shall be chairman at such meeting.

(10) The chairman at any meeting of the Board shall have both a deliberative and a casting vote.

(11) No member or assessor shall be present at any meeting or take part in the proceedings of the Board while any matter in which he has directly or indirectly any interest is dealt with.

(12) Subject to there being a quorum at any meeting of the Board, any vacancy in the membership of the Board shall not invalidate the proceedings thereof.

(13) Meetings of the Board shall be held from time to time as the Board may decide: provided that the chairman may cause a meeting of the Board to be called at any time.

(14) The Provincial Secretary shall, subject to the law governing the public service, be responsible for providing all such officers as may be necessary to assist the Board in the performance of its functions, and all such officers shall be under the control of the Provincial Secretary. All executive and administrative work arising out of the performance of its functions by the Board shall be undertaken by the Provincial Administration.

2 bis. [Inserted by s.2/O 11/49; repealed by s.2/O 17/54.]

Duties of Board.

3. It shall be the duty of the Board^a

- (a) to enquire into any application referred to it under section *eleven* for permission to establish a township or subdivide an estate and, if it deem fit, to inspect the land affected by such application and where necessary the adjoining land;
- (b) in connection with any such application to consider and make recommendations in respect of any or all of the following matters:—
 - (i) the need or desirability of establishing a township or subdividing an estate on the proposed site.

^a Words deleted by s.2/O 19/59.

(2) Ten einde die kommissie in verband met enige bepaalde saak behulpsaam te wees, kan die Administrateur enige getal addisionele lede wat hy nodig ag, in die kommissie aanstel. Enige sodanige addisionele lid is vir alle doeleindes met betrekking tot so 'n saak 'n lid van, en het vir sodanige doeleindes 'n stem in, die kommissie.

(3) Die Administrateur kan, behoudens die bepalings van sub-artikel (8), enige getal addisionele lede of enige getal addisionele lede en gewone lede gelas om as die kommissie op te tree in verband met enige bepaalde saak wat deur die Administrateur aan hulle opgedra word.

(4) Die Administrateur kan tydens die afwesigheid of onbekwaamheid van enige lid iemand aanstel om as plaasvervanger vir so 'n lid op te tree, en enige sodanige plaasvervanger is, terwyl hy aldus optree, vir alle doeleindes 'n lid van die kommissie.

(5) Ten einde die kommissie in verband met enige bepaalde saak behulpsaam te wees, kan die Administrateur enige getal assessore aanstel wat hy nodig ag. So 'n assessor is geregtig om vergaderings van die kommissie by te woon wanneer die onderhawige saak behandel word, maar tree alleen in 'n raadgevende hoedanigheid op en het geen stem in die kommissie nie.

(6) Die aanstellings van lede en assessore is onderworpe aan die voorwaardes, insluitende ampsduur, besoldiging, gelde en toelaes, wat die Administrateur bepaal; met dien verstande dat die toelaes nie meer mag wees as die tariewe wat op die staatsdiens van toepassing is nie.

(7) As 'n lid sonder verlof van die kommissie van vier agtereenvolgende vergaderings waarvan hy in kennis gestel is, afwesig was, hou hy outomaties op om lid van die kommissie te wees.

(8) Enige drie lede maak 'n kworum uit op vergaderings van die kommissie.

(9) Die Administrateur stel 'n voorsitter en ondervoorsitter vir die kommissie aan, en enigiemand wat aldus aangestel word, is, indien hy nie reeds 'n gewone lid is nie, vir alle doeleindes lid van die kommissie. Wanneer ook al die voorsitter en ondervoorsitter afwesig of om enige rede onbekwaam is, bepaal die lede wat op 'n vergadering aanwesig is, by ooreenkoms of, by ontstentenis aan 'n ooreenkoms, by loting watter een van hulle die voorsitter op so 'n vergadering moet wees.

(10) Die voorsitter op 'n vergadering van die kommissie het sowel 'n beraadslagende as 'n beslissende stem.

(11) Geen lid of assessor mag teenwoordig wees op 'n vergadering of deelneem aan die verrigtinge van die kommissie terwyl enige saak waarin hy regstreeks of onregstreeks enige belang het, behandel word nie.

(12) Onderworpe daaraan dat daar 'n kworum op 'n vergadering van die kommissie is, maak 'n vakature in die lidmaatskap van die kommissie nie die verrigtinge daarvan ongeldig nie.

(13) Vergaderings van die kommissie word van tyd tot tyd gehou al na die kommissie besluit; met dien verstande dat die voorsitter te eniger tyd 'n vergadering van die kommissie kan laat belê.

(14) Onderworpe aan die wet wat op die staatsdiens van toepassing is, is die Provinsiale Sekretaris verantwoordelik vir die verskaffing van al die amptenare wat nodig is om die kommissie behulpsaam te wees by die uitvoering van sy pligte, en al sodanige amptenare staan onder die beheer van die Provinsiale Sekretaris. Alle uitvoerende en administratiewe werk wat by die uitvoering van sy pligte deur die kommissie ontstaan, word deur die Provinsiale Administrasie onderneem.

2 bis. [Ingevoeg by a.2/O 11/49; herroep by a.2/O 17/54.]

Pligte van Kommissie.

3. ⁸Dit is die plig van die Kommissie

- (a) om ondersoek in te stel na enige aansoek wat kragtens artikel *elf* aan hom verwys is vir verlof om 'n dorp te stig of 'n landgoed te onderverdeel en, indien hy dit wenslik ag, om die grond deur so 'n aansoek geaffekteer en, waar nodig, die aangrensende grond te inspekteer;
- (b) om in verband met enige sodanige aansoek oorweging te skenk aan en aanbevelings te doen ten opsigte van enige of al die volgende sake:—
 - (i) die behoefte of wenslikheid vir die stigting van 'n dorp of die onderverdeling van 'n landgoed op die voorgestelde terrein.

⁸ Gewysig by a.2/O 19/59.

- (ii) the suitability of the site with regard to position, water supply, soil, aspect, slope, climatic conditions, and to any other physical features, conditions or circumstances which may affect the proposal to establish a township or subdivide an estate on the proposed site, including the necessity for the provision of retaining walls for the support and protection of roads.
- (iii) the proposed design or lay-out of the township or subdivided estate.
- (iv) the allocation of districts or zones within the proposed township or subdivided estate for residential, commercial, industrial or other purposes or a combination of such purposes.
- (v) the regulation of buildings with particular reference to the maximum number which may be built upon each erf, the maximum area of each erf which may be built upon, open spaces in and about buildings, the position of buildings on each erf in relation to any street or other buildings and their character, use height and harmony in design.
- (vi) the provision of land for education, health and other Government or local authority purposes.
- (vii) the endowment, if any, which shall be made to, or in trust for, the local authority present or prospective and the form which such endowment shall take ⁸and the endowment which shall be made if no land is required to be provided for education purposes.
- (viii) the regulation of sales of endowed or other erven within a township or subdivided estate.
- (ix) any other matters material to the application which the Board may deem it desirable to bring to the notice of the Administrator or which the Administrator may refer to the Board.
- (c) on receipt of any objection to an application to give the applicant notice thereof in writing.
- (d) ⁸to consult any local authority concerned and thereafter to inform the local authority of the conditions which it is proposed to recommend to the Administrator under paragraph (f) so as to afford the local authority ^{10a} further opportunity of stating, within such period as the Board may specify, its views before the recommendation is made to the Administrator under paragraph (e).
- (e) to recommend to the Administrator whether such application should be granted or refused.
- (f) if the grant of such application is recommended further to recommend the conditions upon which it should be granted.
- ^{10a}(g) to undertake such investigations or surveys in connection with the town planning of local authority areas or any matters related thereto, and to prepare such plans and reports in regard thereto, as may be considered by the Administrator to be necessary for the purposes of this ordinance.

Provisions of this Chapter deemed to be in substitution for the provisions of other laws.

4. Should any of the regulations of a local authority within whose area of jurisdiction an application is granted be in conflict with the conditions set forth in the grant of such application under this Chapter, such regulations shall, to the extent of such conflict, be of no effect.

Applicant for subdivision of land to supply certain particulars to the local authority.

5. It shall be the duty of every owner when applying for permission to establish a township or subdivide an estate to supply particulars in writing to the local authority with the application in regard to the following:—

- (a) the source and approximate distance of the nearest drinking water supply.
- (b) the proposed provision for disposal of night-soil, slop water and refuse.
- (c) the distance from the nearest main thoroughfares, the manner in which the roads from the subdivided land are to link up with the said main thoroughfares, and the manner in which demarcated and existing roads on adjoining subdivided properties link up with the roads traversing the land proposed to be subdivided.

⁸ Words deleted by s.2/O 19/59.

⁹ Words to end of paragraph added by s.2/O 12/38.

¹⁰ Amended by s.2/O 19/59.

^{10a} (g) inserted by s.1/O 5/64.

- (ii) die geskiktheid van die terrein met betrekking tot die ligging, watertoevoer, grond, uitsig, helling, klimaatstoestande en enige ander kenmerke van die natuur, voorwaardes of omstandighede wat die voorstel raak vir die stigting van 'n dorp of die onderverdeling van 'n landgoed op die voorgestelde terrein, met insluiting van die noodsaaklikheid vir die voorsiening van steunmure vir die ondersteuning en beskerming van paaie.
- (iii) die voorgestelde ontwerp of aanleg van die dorp of onderverdeelde landgoed.
- (iv) die vasstelling van distrikte of wyke binne die voorgestelde dorp of onderverdeelde landgoed vir bewonings-, handels-, nywerheids- of ander doeleindes of vir sulke doeleindes gesamentlik.
- (v) die reëling van geboue met besondere verwysing na die maksimumaantal wat op elke erf gebou mag word, die maksimum-grootte van elke erf waarop gebou mag word, ope ruimtes in en om geboue, die ligging van geboue op elke erf in verhouding tot enige straat of ander geboue en die aard, doel, hoogte en ooreenstemming van ontwerp daarvan.
- (vi) voorsiening van grond vir onderwys-, gesondheids- en ander Goewermentsdoeleindes of vir die doeleindes van 'n plaaslike owerheid.
- (vii) die skenking, indien enige, wat aan of in trust vir die bestaande of toekomstige plaaslike owerheid toegeken moet word en die vorm waarin sodanige skenking moet geskied ⁸en die skenking wat toegeken moet word indien dit nie vereis word dat grond vir onderwysdoeleindes opsy gesit word nie.
- (viii) die reëling van verkopings van geskenkte of ander erwe binne 'n dorp of onderverdeelde landgoed.
- (ix) enige ander sake van belang in verband met die aansoek wat die Kommissie wenslik mag ag om onder die aandag van die Administrateur te bring of wat die Administrateur aan die Kommissie mag verwys.
- (c) om op ontvangs van enige beswaar teen 'n aansoek die applikant skriftelik daarvan in kennis te stel;
- (d) om ¹⁰enige betrokke plaaslike owerheid te raadpleeg en daarna die plaaslike owerheid in kennis te stel van die voorwaardes wat hy voornemens is om by die Administrateur ingevolge paragraaf (f) aan te beveel om sodoende die plaaslike owerheid ⁸n verdere geleentheid te gee om, binne die tydperk wat die Kommissie bepaal, sy sienswyse kenbaar te maak voordat die aanbeveling by die Administrateur ingevolge paragraaf (e) gedoen word.
- (e) om by die Administrateur aan te beveel of so 'n aansoek toegestaan of afgekeur moet word;
- (f) om, as so 'n aansoek vir goedkeuring aanbeveel word, verder die voorwaardes waarop dit toegestaan behoort te word, aan te beveel;
- ^{10a}(g) om die ondersoek of opnames in verband met die dorpsaanleg van plaaslike owerheidsgebiede of enige verwante sake te onderneem, en om die planne en verslae in verband daarmee op te stel wat die Administrateur vir die doeleindes van hierdie ordonnansie nodig ag.

Die bepalinge van hierdie Hoofstuk word beskou die bepalinge van ander wette te vervang.

4. Ingeval enige van die regulasies van 'n plaaslike owerheid, binne wie se gebied van jurisdiksie 'n aansoek toegestaan word, in stryd is met die voorwaardes soos uiteengesit in die goedkeuring van sodanige aansoek ooreenkomstig hierdie Hoofstuk, is sodanige regulasies tot die omvang van sodanige teenstrydigheid nie van krag nie.

Applikant vir onderverdeling van landgoed moet sekere besonderhede aan die plaaslike owerheid verskaf.

5. Dis die plig van elke eienaar, wanneer hy aansoek doen vir toestemming om 'n dorp te stig of 'n landgoed te onderverdeel om skriftelike besonderhede aan die plaaslike owerheid met die aansoek te verskaf, met betrekking tot die volgende:—

- (a) die bron en afstand naasteby van die naaste drinkwatervoorraad.
- (b) die voorgestelde voorsiening vir wegdoen van nagvuil, vuil water en vullis.
- (c) die afstand van die naaste hoofverkeersweë en die wyse waarop die paaie vanaf die onderverdeelde landgoed met genoemde hoofverkeersweë sal aansluit; asook die wyse waarop afgebakende en bestaande paaie op aangrensende eiendomme wat onderverdeel is, aansluit met die paaie wat loop oor die grond wat voorgestel is om onderverdeel te word.

⁸ Gewysig by a.2/O 19/59.

⁹ Woorde tot end van paragraaf toegevoeg by a.2/O 12/38.

¹⁰ Woorde geskrap by a.2/O 19/59.

^{10a} (g) ingevoeg by a.1/O 5/64.

- (d) the slope or level of building plots in relation to the nearest road; as well as the space along the front and lateral boundaries upon which no buildings may be erected.

Townships to be established only under this Ordinance except where land has previously been laid out.

6. After the commencement of this Ordinance no township shall be established or estate subdivided ¹¹or minor subdivision made except in accordance with the provisions of this Ordinance. Any land which at the date of such commencement has been laid out as a township or has been subdivided by means of actual survey into erven and public places and the plan of which has been registered in the office of the Surveyor-General shall be exempt from the provisions of this Chapter ¹¹except in so far as any portion thereof or any erf therein is further subdivided or laid out.

Transfer of certain erven although general plan not approved.

7. Where any person has to the satisfaction of the Administrator *bona fide* purchased before the 2nd December, 1927, any erf or block of erven in any township or subdivided estate, the general plan of which has not been approved under the provisions of the Township Ordinance, 1927 (Ordinance No. 13 of 1927) nothing contained in that Ordinance shall prevent transfer of such erf or erven being effected notwithstanding the fact that the general plan of the township or subdivided estate has not been approved nor the township or subdivided estate notified as an approved township or subdivided estate.

Cancellation or revision of unregistered plans approved prior to promulgation of Ordinance.

8. (1) Where any plan of subdivision of land was approved by any local authority before the commencement of the Townships Ordinance, 1927 (Ordinance No. 13 of 1927) but has not been registered in the office of the Surveyor-General and it is desirable in the opinion of the local authority that such plan should be revised or cancelled, such local authority shall have the power after giving one month's notice in writing to the owner of the land concerned to cancel or revise such plan, provided that such owner shall have the right of appeal to the Administrator from the decision of the local authority and that the Administrator's decision shall be final.

(2) Should the Administrator decide that such plan be not cancelled nor revised then it shall be the duty of such owner, within twelve months from the date of the Administrator's decision, to register such plan in the office of the Surveyor-General.

Minor subdivisions.

¹²9. (1) The owner of land who proposes to make a minor subdivision thereon shall make written application to the local authority for authority to do so in such form and accompanied by such information and documents as may be prescribed. Where there is no local authority, such application shall be made to the Surveyor-General.

(2) The local authority shall duly consider any application received by it and shall, within eight weeks of the receipt thereof, forward such application to the Surveyor-General together with such information as may be prescribed, and if it recommends the application, the conditions, if any, which it considers should be attached to the approval.

(3) The Surveyor-General may approve any such application if he is of opinion that no conditions need be imposed and, where the subdivision is within the area of a local authority, such local authority has recommended such subdivision without conditions and has stated that it would not be in conflict with the provisions of its town planning scheme, if any, whether such scheme is in the course of preparation or awaiting approval or has been approved.

(4) Any application not approved by the Surveyor-General in accordance with the preceding provisions of this section shall as soon as possible be submitted by him to the Board which may, subject to the provisions of subsection (5) grant the application if it is satisfied that the sub-

¹¹ Amended by s.3/O 19/59.

¹² [9] substituted by s.4(1)/O 19/59. This section not to apply to minor subdivisions already approved — s.4(2)/O 19/59.

- (d) die helling of gelykte van boupersele in verhouding tot die naaste pad; sowel as die ruimte langs die grense aan die voor- en sykante waar geen geboue opgerig mag word nie.

Dorpe mag slegs kragtens hierdie Ordonnansie gestig word, behalwe waar grond vroeër uitgelê is.

6. Na die inwerkingtreding van hierdie Ordonnansie mag geen dorp gestig of landgoed onderverdeel ¹¹of klein onderverdeling uitgevoer word nie behalwe in ooreenstemming met die bepalings van hierdie Ordonnansie. Grond wat op die datum van sodanige inwerkingtreding as 'n dorp uitgelê of onderverdeel is deur middel van 'n werklike opmeting in erwe en openbare plekke en die plan waarvan op die kantoor van die Landmeter-generaal geregistreer is, is vrygestel van die bepalings van hierdie Hoofstuk ¹¹behalwe vir sover enige gedeelte daarvan of enige erf daarin verder onderverdeel of uitgelê word.

Oordrag van sekere erwe alhoewel algemene planne nie goedgekeur is nie.

7. Waar enige persoon tot bevrediging van die Administrateur en voor 2 Desember 1927 te goedertrou enige erf of blok erwe in 'n dorp of onderverdeelde landgoed aangekoop het, die algemene plan waarvan nie goedgekeur is kragtens die bepalings van die Ordonnansie op Dorpe, 1927 (Ordonnansie No. 13 van 1927) nie, word, niesteenstaande die bepalings van daardie Ordonnansie, die transporteer van so 'n erf of erwe nie belet nie niesteenstaande die feit dat die algemene plan van die dorp of onderverdeelde landgoed nie goedgekeur is of dat die dorp of onderverdeelde landgoed nie verklaar is as 'n goedgekeurde dorp of onderverdeelde landgoed nie.

Intrekking of hersiening van ongeregisteerde planne voor afkondiging van Ordonnansie goedgekeur.

8. (1) Waar enige plan van 'n onderverdeling van grond deur 'n plaaslike owerheid voor die inwerkingtreding van die Ordonnansie op Dorpe, 1927 (Ordonnansie No. 13 van 1927) goedgekeur was, maar nie op die kantoor van die Landmeter-generaal geregistreer is nie, en dit volgens die mening van die plaaslike owerheid wenslik is dat so 'n plan hersien of ingetrek behoort te word, besit so 'n plaaslike owerheid die mag, nadat hy skriftelik kennis van een maand aan die eienaar van die betrokke grond gegee het, om so 'n plan in te trek of te hersien, met die verstande dat so 'n eienaar die reg besit om homself op die Administrateur te beroep teen die beslissing van die plaaslike owerheid en met die verstande dat die beslissing van die Administrateur finaal is.

(2) Ingeval die Administrateur besluit dat so 'n plan nie ingetrek of hersien moet word nie, dan is dit die plig van so 'n eienaar om binne twaalf maande vanaf die datum waarop die Administrateur sy beslissing gee, sodanige plan op die kantoor van die Landmeter-generaal te registreer.

Klein onderverdelings.

¹²⁹(1) Die eienaar van grond wat voornemens is om 'n klein onderverdeling daarop uit te voer, moet by die plaaslike owerheid skriftelik om magtiging daartoe aansoek doen in die vorm en vergesel van die inligting en dokumente wat voorgeskryf word. Waar daar nie 'n plaaslike owerheid is nie, moet sodanige aansoek by die Landmeter-generaal gedoen word.

(2) Die plaaslike owerheid moet enige aansoek wat deur hom ontvang word, behoorlik oorweeg en moet, binne agt weke van die ontvangs daarvan, sodanige aansoek na die Landmeter-generaal stuur tesame met die inligting wat voorgeskryf word en, indien die plaaslike owerheid die aansoek aanbeveel, die voorwaardes, indien daar is, waaraan die goedkeuring na sy mening onderworpe moet wees.

(3) Die Landmeter-generaal kan enige sodanige aansoek goedkeur indien hy van mening is dat geen voorwaardes opgelê hoef te word nie en, waar die onderverdeling binne die gebied van 'n plaaslike owerheid is, sodanige plaaslike owerheid sodanige onderverdeling sonder voorwaardes aanbeveel het en verklaar het dat dit nie strydig sal wees met die bepalings van sy dorpsaanlegskema nie, indien daar is, hetsy sodanige skema opgestel word of op goedkeuring wag of goedgekeur is.

(4) Enige aansoek wat nie deur die Landmeter-generaal goedgekeur word in ooreenstemming met die voorafgaande bepalings van hierdie artikel nie, moet so gou doenlik deur hom voorgelê word aan die Kommissie wat, onderworpe aan die bepalings van subartikel (5), die aansoek kan goedkeur as hy oortuig is dat die onderverdeling bevredigend is en dat dit nie

¹¹ Gewysig by a.3/O 19/59.

¹² [9] vervang by a.4(1)/O 19/59. Die bepalings van hierdie artikel is nie van toepassing ten opsigte van klein onderverdelings wat voor inwerkingtreding goedgekeur is — a.4(2)/O 19/59.

division is satisfactory and that it is not necessary to attach any conditions to such grant, or refuse the application if it considers the subdivision to be undesirable.

(5) If the Board is of opinion that approval should be granted to a minor subdivision which—

- (a) would be in conflict with the provisions of a town-planning scheme, whether such scheme is in the course of preparation or awaiting approval or has been approved, or
- (b) the local authority has refused to recommend or has recommended should only be approved subject to the imposition of certain conditions,

it shall submit the application and the local authority's views thereon to the Administrator together with its recommendation; provided that before coming to a decision on an application which the local authority has refused to recommend, the Administrator shall afford the local authority and the applicant a further opportunity of stating their views.

(6) If the Board itself is of opinion that in connection with any subdivision the imposition of conditions is desirable it shall—

- (a) submit the application to the Administrator together with its recommendation, or
- (b) refuse the application and direct that, if the applicant is desirous of proceeding with the matter, application should be made for the establishment of a township or the subdivision of an estate.

(7) Any applicant whose application to make a minor subdivision is refused by the Board may appeal to the Administrator.

(8) The Administrator shall in respect of minor subdivisions *mutatis mutandis* have the powers conferred on him by section *fourteen* and sub-sections (2), (3) and (3) *bis* of section *eighteen*.

(9) The grant of an application for the making of a minor subdivision shall lapse unless the separate registration of at least one erf, lot, plot or piece therein is effected in the Deeds Registry within twenty-four months of the date of notification to the applicant of such grant or within such further period as the Administrator may determine.

(10) The Surveyor-General shall not approve the diagram of any subdivision to which this section relates unless such subdivision has been approved in terms of this section. The approval of any such diagram by the Surveyor-General shall be *prima facie* evidence that such subdivision has been approved in terms of this section.

(11) No transfer ^{12a}or lease of any erf, lot, plot or piece in accordance with a subdivision approved in terms of this section shall be registered in the Deeds Registry unless a certificate is endorsed on the diagram thereof by the town clerk or secretary of the local authority that the lawful requirements of the local authority arising out of such subdivision (other than conditions imposed by the Administrator) have been complied with.

(12) Upon the separate registration in the Deeds Registry of any erf, lot, plot or piece in an approved minor subdivision, the Surveyor-General shall define any public place or street shown on the subdivisional plan thereof as if it were a portion of land referred to in sub-section (2) of section *twenty-three* of the Land Survey Act, 1927 (Act No. 9 of 1927), and thereupon the ownership of such public place or street shall vest in the local authority or, if there is no local authority, in the Administrator in trust for a future local authority.

No building plan to be approved if subdivisional plan not approved and reasonable ground exists for believing that Ordinance is being evaded.

10. (1) If a plan is submitted to a local authority in respect of a proposed building or buildings and the local authority is of opinion that such proposal is likely to constitute an evasion of the intent of the Ordinance and that a plan of subdivision of the land concerned ought first to be submitted, the local authority shall refuse to consider the said building plan until a plan of subdivision in respect of the said land has been submitted and has been approved under this Ordinance.

(2) No building shall thereafter be erected on such land unless the position assigned to it in relation to the boundaries of the erven represented on the plan of the proposed subdivision is in conformity with such boundaries.

^{12a} Words inserted by s.1/O 26/64.

nodig is om sodanige goedkeuring aan enige voorwaardes onderworpe te maak nie, of die aansoek kan weier as hy van mening is dat die onderverdeling onwenslik is.

(5) Indien die Kommissie van mening is dat goedkeuring geheg behoort te word aan 'n klein onderverdeling wat—

- (a) strydig sal wees met die bepalings van 'n dorpsaanlegskema, hetsy sodanige skema opgestel word of op goedkeuring wag of goedgekeur is, of
- (b) die plaaslike owerheid geweier het om aan te beveel of ten opsigte waarvan hy aanbeveel het dat dit slegs goedgekeur word onderworpe aan die oplegging van sekere voorwaardes,

moet hy die aansoek en die plaaslike owerheid se sienswyse daarvoor aan die Administrateur voorlê tesame met sy aanbeveling; met dien verstande dat, voordat die Administrateur 'n besluit neem oor 'n aansoek wat die plaaslike owerheid geweier het om aan te beveel, hy die plaaslike owerheid en die applikant 'n verdere geleentheid moet gee om hul sienswyse kenbaar te maak.

(6) Indien die Kommissie self van mening is dat die oplegging van voorwaardes in verband met enige onderverdeling wenslik is, moet hy—

- (a) die aansoek aan die Administrateur voorlê tesame met sy aanbeveling, of
- (b) die aansoek weier en gelas dat, indien die applikant met die saak wil voortgaan, aansoek gedoen moet word om die stigting van 'n dorp of die onderverdeling van 'n landgoed.

(7) Enige applikant wie se aansoek om 'n klein onderverdeling uit te voer, deur die Kommissie geweier word, kan hom beroep op die Administrateur.

(8) Ten opsigte van klein onderverdelings besit die Administrateur *mutatis mutandis* die bevoegdheede wat by artikel *veertien* en subartikels (2), (3) en (3) *bis* van artikel *agttien* aan hom verleen word.

(9) Die goedkeuring van 'n aansoek om die uitvoering van 'n klein onderverdeling verval tensy die afsonderlike registrasie van minstens een erf, lot, perseel of stuk daarin in die Registrasiekantoor van Aktes uitgevoer word binne vier-en-twintig maande van die datum van kennisgewing aan die applikant van sodanige goedkeuring of binne die verdere tydperk wat die Administrateur bepaal.

(10) Die Landmeter-generaal mag nie die kaart van enige onderverdeling waarop hierdie artikel van toepassing is, goedkeur nie tensy sodanige onderverdeling ingevolge hierdie artikel goedgekeur is. Die goedkeuring van enige sodanige kaart deur die Landmeter-generaal is *prima facie* bewys dat sodanige onderverdeling ingevolge hierdie artikel goedgekeur is.

(11) 'n Oordrag ^{12a}of *huurkontrak* van 'n erf, lot, perseel of stuk in ooreenstemming met 'n onderverdeling wat ingevolge hierdie artikel goedgekeur is, mag nie in die Registrasiekantoor van Aktes geregistreer word nie, tensy 'n sertifikaat op die kaart daarvan deur die stadsklerk of sekretaris van die plaaslike owerheid geëndosseer word dat die wetlike vereistes van die plaaslike owerheid wat as gevolg van sodanige onderverdeling ontstaan (uitgesonderd voorwaardes deur die Administrateur opgelê) nagekom is.

(12) Wanneer die afsonderlike registrasie in die Registrasiekantoor van Aktes van enige erf, lot, perseel of stuk in 'n goedgekeurde klein onderverdeling uitgevoer is, moet die Landmeter-generaal enige openbare plek of straat aangetoon op die onderverdelingsplan daarvan, afteken asof dit 'n stuk grond is waarna in subartikel (2) van artikel *drie-en-twintig* van die Opmetingswet, 1927 (Wet no. 9 van 1927) verwys word, en daarna berus die eiendomsreg in sodanige openbare plek of straat by die plaaslike owerheid of, indien daar nie 'n plaaslike owerheid is nie, by die Administrateur in trust vir 'n toekomstige plaaslike owerheid.

Geen bouplan word goedgekeur indien onderverdelingsplan nie goedgekeur is nie en as daar redelike grond bestaan om te vermoed dat die Ordonnansie ontduik word.

10. (1) As 'n plan aan 'n plaaslike owerheid voorgelê word ten opsigte van 'n voorgestelde gebou of geboue en die plaaslike owerheid die mening toegedaan is dat sodanige voorstel moontlik 'n ontduiking sal wees van die bedoeling van die Ordonnansie en dat 'n plan van die onderverdeling van die betrokke grond eers voorgelê behoort te word, moet die plaaslike owerheid weier om die genoemde bouplan in oorweging te neem totdat 'n plan van die onderverdeling ten opsigte van gemelde grond voorgelê en goedgekeur is ingevolge hierdie Ordonnansie.

(2) Geen gebou mag daarna op sodanige grond opgerig word nie tensy die plek daarvoor aangewys in verhouding tot die grense van die erwe aangetoon op die plan van die voorgestelde onderverdeling ooreenstem met sodanige grense.

^{12a} Woorde ingevoeg by a.1/O 26/64.

(3) The owner of the land or any other person interested shall have the right of appeal against such action by the local authority to the Administrator whose decision shall be final.

Establishment of township by local authority on direction of Administrator.

¹³10 bis. (1) If the Administrator is satisfied—

- (a) that any land has been or is being developed as a township without compliance with the provisions of this ordinance or any other law, or
- (b) that any land is required for building purposes or urban settlement, or
- (c) that the establishment of a township on any land is necessary for town improvement,

he may, notwithstanding any steps already taken by the owner for the establishment of a township on such land, but subject to the provisions of sub-section (2), direct the local authority within or contiguous to whose area of jurisdiction such land is situated to expropriate such land for the establishment of a township in accordance with the provisions of this ordinance and so much additional land as in his opinion is necessary for other purposes in connection with such township, including future extension, the provision of commonage and services and amenities.

(2) Before issuing any direction under sub-section (1) the Administrator shall advise the owner of the land concerned and the local authority to whom it is proposed to issue such direction, of his intention and that they may submit their representations in regard thereto within such period as he may specify.

(3) On receipt of any such direction under sub-section (1) the local authority shall forthwith proceed to expropriate the land required by the Administrator to be expropriated and shall thereafter take all necessary steps in law to establish on such land or on any portion thereof indicated by the Administrator a township in accordance with the provisions of this ordinance, and thereafter to dispose of the erven therein in such manner and on such terms and conditions as the Administrator may direct.

(4) For the purpose of the expropriation of land by a local authority under sub-section (3) the provisions of Chapter X of the Municipal Ordinance, 1951, in so far as they relate to expropriation, arbitration and compensation shall *mutatis mutandis* apply: provided that, notwithstanding anything to the contrary in the aforesaid chapter—

20. (1) Binne 'n tydperk van drie maande vanaf die datum van bekendmaking deur die Landmeter-generaal van die goedkeuring van die algemene plan en kaart in die onmiddellik voorafgaande artikel genoem, moet die eienaar gemelde algemene plan en kaart, saam met 'n kopie van die voorwaardes waaronder die aansoek deur die Administrateur goedgekeur is en die eiendomsbewys waaronder die grond in besit gehou word, by die Registrateur indien, en as daar 'n verband op die grond is, dan ook die toestemming van die verbandhouer vir die stigting van die dorp of die onderverdeling van die landgoed op die voorwaardes deur die Administrateur voorgeskryf.

³⁰ (a) vervang by a.5/O 16/53.

³¹ (3) vervang by a.5/O 16/53.

³² (3) *bis* ingevoeg by a.5/O 16/53.

³³ Gewysig by a.5/O 16/53.

(2) Thereupon the Registrar shall open a register for the township or subdivided estate in which particulars of each erf appearing on the general plan shall be entered on the folio bearing its number and particulars of the public places and commonage, if any, and the conditions upon which the application has been granted shall be entered on an introductory folio.

(3) Should the owner fail to lodge the general plan and diagram within the said period of three months or within such further period as the Administrator may determine, the grant of the application shall be deemed to have lapsed.

(4) The Registrar shall make an endorsement on the owner's title-deed and on the duplicate original thereof filed in his office to the effect that the land described therein or the portion thereof represented by the diagram referred to in section *nineteen* has been laid out as a township or subdivided estate and that it is subject to the provisions of this Ordinance.

(5) If the land is subject to a mortgage bond the Registrar with the written consent of the mortgagee shall further make an appropriate endorsement thereon, and on the duplicate original thereof filed in his office relative to the establishment of the township or subdivided estate on the mortgaged property.

(6) Upon the receipt of a notification from the Registrar that the provisions of the preceding sub-sections have been complied with the Administrator shall cause the township or subdivided estate to be notified in the *Provincial Gazette* as an approved township or subdivided estate.

(7) No registration of the transfer of any erf in a township or subdivided estate laid out after the commencement of this Ordinance shall be effected in the Deeds Registry unless and until such township or subdivided estate has been notified to be an approved township or subdivided estate, and the conditions upon which the application was granted by the Administrator shall have been endorsed on the general plan.

(8) Nothing contained in this section or any other section of this Ordinance shall be deemed to make the submission of a separate diagram of each separate erf necessary in any case where prior to the 2nd December, 1927, transfer of more than one erf would have been passed on one diagram.

No transfer of any erf to be registered until land reserved for public purposes transferred to the Government or trustees.

21. (1) Before the transfer by the owner of any erf in an approved township or subdivided estate is registered in the Deeds Registry ³³or before a certificate of registered title in respect of any erf is issued by the Registrar the owner shall

- (a) furnish the Registrar with his title-deed to the land and with diagrams in duplicate approved by the Surveyor-General of
 - (i) such land or erven as have been reserved for Government ³⁴provincial and educational purposes;
 - (ii) such land or erven as have been reserved as commonage or for local authority endowment purposes;
 - (iii) such land or erven as have been reserved for local authority purposes,
 all of which lands or erven shall hereinafter be referred to as the "reserved land," and
- (b) transfer the land referred to in paragraph (a) (i) to the Government ³⁴Provincial Administration or to the Educational Trustees, as the case may require, and the land referred to in paragraphs (a) (ii) and (a) (iii) to trustees, appointed by the Administrator, in trust for any local authority which may thereafter be constituted for the township or subdivided estate or to the local authority itself if such local authority is already in existence.

³⁵(c) furnish proof to the Registrar that all endowment moneys in respect of such erf have been paid ³⁵or security to the satisfaction of the Administrator has been furnished for the payment thereof.

(2) All expenses of transfers and incidental charges connected with such transfer shall be borne by the Provincial Administration in respect of any of the land or erven referred to in

³³ Amended by s.3/O 10/58.

³⁴ Amended by s.6/O 30/48.

³⁵ (c) added by s.6/O 30/48.

(2) Daarna moet die Registrateur 'n register open vir die dorp of onderverdeelde landgoed waarin besonderhede van elke erf wat op die algemene plan voorkom, opgeteken moet word op die bladsy waarop die nommer daarvan en besonderhede van die openbare plekke en dorpsgronde, indien enige, voorkom, en die voorwaardes waaronder die aansoek goedgekeur is, moet op 'n inleidingsbladsy aangeteken word.

(3) Ingeval die eienaar versuim om die algemene plan en kaart binne gemelde tydperk van drie maande of binne sodanige verdere tydperk as wat die Administrateur mag bepaal, in te dien, word dit beskou dat die goedkeuring van die aansoek verval het.

(4) Die Registrateur moet 'n endossement op die eiendomsbewys van die eienaar en op die duplikaat van die oorspronklike kopie daarvan wat op sy kantoor bewaar word, maak ten effekte dat die daarin-beskrewe grond of die gedeelte daarvan op die kaart aangegee waarna in artikel *neëntien* verwys word, uitgelê is as 'n dorp of onderverdeelde landgoed en dat dit onderhewig is aan die bepalings van hierdie Ordonnansie.

(5) As daar 'n verband op die grond is, moet die Registrateur met die skriftelike toestemming van die verbandhouer verder 'n toepaslike endossement daarop en op die duplikaat van die oorspronklike kopie daarvan wat op sy kantoor bewaar word, maak met betrekking tot die stigting van die dorp of onderverdeelde landgoed op die eiendom waarop daar 'n verband rus.

(6) Op ontvangs van 'n kennisgewing van die Registrateur dat aan die bepalings van die voorgaande subartikels voldoen is, laat die Administrateur die dorp of onderverdeelde landgoed in die *Provinsiale Koerant* bekendmaak as 'n goedgekeurde dorp of onderverdeelde landgoed.

(7) Geen registrasie van die transport van 'n erf in 'n dorp of onderverdeelde landgoed na die inwerkingtreding van hierdie Ordonnansie uitgelê, mag geskied op die Registrasiekantoor van Aktes nie, tensy en totdat so 'n dorp of onderverdeelde landgoed bekendgemaak is as 'n goedgekeurde dorp of onderverdeelde landgoed en die voorwaardes waarop die aansoek deur die Administrateur toegestaan is, op die algemene plan geëndosseer is.

(8) Geen van die bepalings van hierdie artikel of enige ander artikel van hierdie Ordonnansie word beskou as die indiening van 'n aparte kaart van elke afsonderlike erf verpligtend te maak nie in 'n geval waar die transporteer van meer as een erf voor 2 Desember 1927 op een kaart goedgekeur sou geword het.

Geen transport van 'n erf mag geregistreer word totdat grond uitgehou vir openbare doeleindes aan die Regering of trustees oorgedra is nie.

21. (1) Voordat die transport deur die eienaar van 'n erf in 'n goedgekeurde dorp of onderverdeelde landgoed geregistreer word op die Registrasiekantoor van Aktes, ³⁴of voordat 'n *sertifikaat van geregistreeerde titel ten opsigte van 'n erf deur die Registrateur uitgereik word* moet die eienaar

- (a) die Registrateur voorsien van sy eiendomsbewys ten opsigte van die grond en van kaarte, in duplo, deur die Landmeter-generaal goedgekeur, van
 - (i) sodanige grond of erwe as wat vir ³⁵*regerings-, provinsiale en onderwysdoeleindes* uitgehou is;
 - (ii) sodanige grond of erwe as wat vir dorpsgronde of vir begiftigingsdoeleindes van 'n plaaslike owerheid uitgehou is;
 - (iii) sodanige grond of erwe as wat vir die doeleindes van 'n plaaslike owerheid uitgehou is,
 en al hierdie gronde of erwe word hierna genoem "gereserveerde grond"; en
- (b) die grond waarvan melding gemaak word in paragraaf (a) (i) aan die Regering ³⁶*Provinsiale Administrasie* of aan die Onderwystrustees, soos die geval mag wees, oordra, en die grond genoem in paragraaf (a) (ii) en (a) (iii) aan trustees deur die Administrateur aangestel, in trust vir enige plaaslike owerheid wat daarna vir die dorp of onderverdeelde landgoed gevorm mag word, of aan die plaaslike owerheid self indien so 'n plaaslike owerheid reeds bestaan.
- ³⁶(c) aan die Registrateur bewys lewer dat alle begiftigingsgelde ten opsigte van sodanige erf betaal is ³⁴*of sekuriteit tot genoeë van die Administrateur vir die betaling daarvan verskaf is.*

(2) Al die transportregte en bykomende koste in verband met so 'n oordrag word deur die *Provinsiale Administrasie* gedek ten opsigte van enige van die grond of erwe in hierdie artikel

³⁴ Gewysig by a.3/O 10/58.

³⁵ Gewysig by a.6/O 30/48.

³⁶ (c) toegevoeg by a.6/O 30/48.

this section, except where transfer is passed to a local authority which is already in existence, or to the Union Government, in which case such expenses and charges shall be borne by the local authority concerned, or the Union Government, as the case may be.

(3) Upon the constitution of such local authority the land referred to in paragraphs (a) (ii) and (a) (iii) of sub-section (1) shall, with the consent of the Administrator, be transferred to the local authority.

How reserved land may be dealt with.

²²(1) As long as reserved land which is vested in trustees in trust for a local authority remains so vested, the Administrator may—

- (a) direct that such land or any portion thereof be used for the benefit of the inhabitants of the township or subdivided estate in such manner and subject to such conditions as he may think fit; or
- (b) direct the said trustees—
 - (i) to sell such land or any portion thereof subject to such conditions as he may think fit; or
 - (ii) to exchange, subject to such conditions as he may think fit, such land or any portion thereof for other land.

(2) The proceeds of any sale referred to in subsection (1)(b)(i) shall be paid to the divisional council within whose division the land sold is situated and shall be dealt with in the manner set out in section 14(4), (5) and (6).

Owner may impose conditions on certain reserved open spaces.

23. Where in the approved plan of a township or subdivided estate there are reserved public places sufficient in the opinion of the Board and the Administrator for the present and future needs of the inhabitants of such township or subdivided estate, then an owner shall be empowered to impose conditions upon the use and control of any additional open spaces as may be approved by the Administrator. Subject to the said conditions any such additional open space shall be deemed to be a public place for the purposes of this Ordinance.

Ownership in public places to vest in Administrator till local authority created. Where public places closed others may be substituted.

²⁴(1) The ownership of all public places in an approved township or subdivided estate shall, upon notification in the *Provincial Gazette* in terms of section twenty (6), vest in the Administrator in trust for any such local authority as may thereafter be constituted for such township or in the local authority itself if such local authority is already in existence the owner being entirely dispossessed of any interest in such public places: provided that in the event of the registered owner of the township or subdivided estate wishing to transfer away that portion thereof which remains registered in his name, he may include in the transfer those public places which are registered in his name subject to the vestment thereof remaining in the Administrator in trust. The Registrar shall record on the introductory folio of the township register that the public places as shown on the general plan are in terms of this Ordinance vested in the Administrator. If a local authority be later constituted the Registrar shall on the authority of the Administrator similarly record in the township register that the ownership of such public places vests in it.

(2) If the general plan of an approved township or subdivided estate is lawfully altered in consequence of the closing of a public place and the creation of a new public place the ownership of the land constituting the closed public place shall revert in the person on whose land the township or subdivided estate was laid out or his successor in title and the ownership of the land constituting the new public place shall vest in the Administrator or local authority, as the case may be, as from the date of the alteration of the general plan in the same manner as if it had been shown on the original plan of the township or subdivided estate. The Registrar shall thereupon make the necessary endorsements on the title-deed of the land and the

²² Words to end of subsection substituted by s.1/O 6/41.

²³ Section substituted by s.1/O 10/67.

²⁴ As to closing, diverting or altering in character of a public place, see s.5/O 12/38 and s.154/O 19/51.

genoem, behalwe waar transport aan 'n reeds bestaande plaaslike owerheid geskied, ³⁷of aan die Unieregering, in watter geval sodanige onkoste en gelde deur die betrokke plaaslike owerheid of die Unieregering, na gelang van die geval, betaal moet word.

(3) By die instelling van so 'n plaaslike owerheid word die in paragrawe (a) (ii) en (a) (iii) van subartikel (1) gemelde grond, met die toestemming van die Administrateur, aan die plaaslike owerheid oorgedra.

Hoe met gereserveerde grond gehandel kan word.

³⁷22. (1) Solank gereserveerde grond wat in trustees gevestig is in trust vir 'n plaaslike owerheid, aldus gevestig bly, kan die Administrateur—

- (a) gelas dat sodanige grond of enige gedeelte daarvan gebruik word tot nut van die inwoners van die dorp of onderverdeelde landgoed op die wyse en onderworpe aan die voorwaardes wat hy goed dink; of
- (b) genoemde trustees gelas—
 - (i) om sodanige grond of enige gedeelte daarvan te verkoop onderworpe aan die voorwaardes wat hy goed dink; of
 - (ii) om sodanige grond of enige gedeelte daarvan vir ander grond te verruil onderworpe aan die voorwaardes wat hy goed dink.

(2) Die opbrengs van enige verkoop vermeld in subartikel (1)(b)(i) word betaal aan die afdelingsraad binne wie se afdeling die verkoopte grond geleë is en met sodanige opbrengs word gehandel op die wyse in artikel 14(4), (5) en (6) uiteengesit.

Eienaar kan voorwaardes stel ten opsigte van sekere gereserveerde ope ruimtes.

23. Waar daar op die goedgekeurde plan van 'n dorp of 'n onderverdeelde landgoed openbare plekke uitgehou word wat volgens die mening van die Kommissie en die Administrateur voldoende is vir die teenswoordige en toekomstige behoeftes van die inwoners van so 'n dorp of onderverdeelde landgoed, besit 'n eienaar die mag om voorwaardes te stel in verband met die gebruik en beheer van enige addisionele ope ruimtes wat deur die Administrateur goedgekeur mag word. Onderhewig aan die genoemde voorwaardes, word enige sodanige addisionele ope ruimte beskou as 'n openbare plek vir die doeleindes van hierdie Ordonnansie.

Eiendomsreg op openbare plekke, berus by die Administrateur totdat plaaslike owerheid gevorm is. Waar openbare plekke gesluit word, kan ander in die plek gestel word.

³⁸24. (1) Die eiendomsreg op alle openbare plekke in 'n goedgekeurde dorp of onderverdeelde landgoed berus, na bekendmaking in die *Provinsiale Koerant* ooreenkomstig artikel *twintig* (6), by die Administrateur in trust vir enige sodanige plaaslike owerheid as wat daarna vir so 'n dorp ingestel mag word of by die plaaslike owerheid self indien so 'n plaaslike owerheid reeds bestaan, en die eienaar is heeltal onteien van enige belang in sulke openbare plekke; met die verstande dat ingeval die geregistreerde eienaar van die dorp of onderverdeelde landgoed verlang om transport te verleen van daardie deel daarvan wat in sy naam geregistreer bly, hy daardie openbare plekke wat in sy naam geregistreer is, mag insluit in die oordrag onderhewig aan die voorwaarde dat dit in die Administrateur in trust gevestig bly. Die Registrateur moet op die inleidingsbladsy van die dorpsregister 'n aantekening maak dat die openbare plekke wat op die algemene plan aangedui word, kragtens hierdie Ordonnansie in die Administrateur gevestig is. As 'n plaaslike owerheid later ingestel word, moet die Registrateur met die magtiging van die Administrateur, 'n dergelike aantekening maak in die dorpsregister dat die eiendomsreg ten opsigte van sodanige openbare plekke in die plaaslike owerheid gevestig is.

(2) As die algemene plan van 'n goedgekeurde dorp of onderverdeelde landgoed wettiglik verander word as gevolg van die sluiting van 'n openbare plek en die stigting van 'n nuwe openbare plek, val die eiendomsreg van die grond wat die gesluite openbare plek uitmaak, terug aan die persoon op wie se grond die dorp of onderverdeelde landgoed uitgelê was of aan sy opvolger in eiendomsreg en die eiendomsreg ten opsigte van die grond waaruit die nuwe openbare plek bestaan, is gevestig in die Administrateur of plaaslike owerheid, na gelang van omstandighede, vanaf die datum van die verandering van die algemene plan op dieselfde wyse asof dit op die oorspronklike plan van die dorp of onderverdeelde landgoed aangetoon was. Die Registrateur moet daarna die nodige endossemente maak op die eiendoms-

³⁷ Woorde tot end van subartikel vervang by a.1/O 6/41.

^{37a} Artikel vervang by a.1/O 10/67.

³⁸ Insake die sluit, verlé of verandering van enige openbare plek, sien a.5/O 12/38 en a. 154/O 19/51.

duplicate thereof filed in his office and shall further make the necessary entries in the township register.

(3) In the event of the owner or successor in title having no longer any interest in the estate, the public places shall remain vested in the local authority.

On cancellation of general plan public places and reserved land to revert to owner.

25. (1) If a general plan of an approved township or subdivided estate or of any part thereof is lawfully cancelled the ownership of the public places represented thereon shall revert in the owner or his successor in title subject to any terms, conditions or exceptions made by the Administrator who shall cause such cancellation to be notified in the *Provincial Gazette*.

[continued on page 596]

bewys van die grond en op die duplikaat daarvan wat op sy kantoor bewaar word en moet verder die nodige aantekeninge in die dorpsregister maak.

(3) Ingeval die eenaar of opvolger in eiendomsreg nie langer enige belang in die landgoed het nie, bly die openbare plekke gevestig in die plaaslike owerheid.

By die intrekking van algemene plan, val openbare plekke en gereserveerde grond terug aan die eenaar.

25. (1) As 'n algemene plan van 'n goedgekeurde dorp of onderverdeelde landgoed of van enige gedeelte daarvan wettiglik ingetrek word, val die eiendomsreg ten opsigte van die openbare plekke daarop aangedui terug aan die eenaar of sy opvolger in eiendomsreg, onderhewig aan enige terme, voorwaardes of uitsonderings gestel deur die Administrateur wat so 'n intrekking in die *Provinsiale Koerant* moet laat bekendmaak. Die Registrateur moet daarna

[vervolg op bladsy 597]

The Registrar shall thereupon make the necessary endorsements on the title-deed of the land and the duplicate thereof filed in his office and shall further make the necessary entries in the township register.

(2) If a general plan of an approved township or subdivided estate or of any part thereof is lawfully cancelled all reserved land which is shown thereon or on the part cancelled, as the case may be, shall be transferred to the owner or his successor in title, free of any conditions imposed thereon in connection with the approval of the township or subdivided estate.

General plan may be amended.

26. Subject to the provisions of section *thirty* of the Land Survey Act, 1927, upon the application of any interested party or of the local authority the Administrator shall have power to authorise the amendment of a general plan approved under this Ordinance or the Townships Ordinance, 1927 (Ordinance No. 13 of 1927), provided that the procedure laid down in this and any amending Ordinance in connection with the granting of an application to establish a township or subdivide an estate shall be followed in every respect ^{27a}unless the Townships Board shall recommend to the Administrator that, in view of the fact that the proposed amendment is of a minor nature, compliance with the procedure referred to should be dispensed with, in which event the Administrator shall have power to authorise the amendment without the said procedure being followed.

Boundaries may be extended.

^{26 bis} If any area of land constitutes by reason of its situation, a portion of an existing township, the Administrator may, by notice in the *Provincial Gazette*, extend the boundaries of that township to include such area, and thereupon such area of land shall be deemed to be and shall be registered as an erf in that township, and shall be subject to such conditions as the Administrator, after consultation with the Townships Board, may deem fit.

CHAPTER 3. — THE ESTABLISHMENT OF TOWNSHIPS AND THE SUBDIVISION OF ESTATES WITHIN CERTAIN LOCAL AUTHORITIES.

Powers conferred upon scheduled local authorities. Prior conditions to be observed. Publication of order conferring powers with exceptions.

27. (1) On application from any local authority to which the provisions of Chapter 4 have been applied, the Administrator ²⁸may, subject to the conditions hereinafter stated, make and publish in the *Provincial Gazette* an order conferring on the said local authority in lieu of the Board *mutatis mutandis* the powers and duties relating to the establishment of townships or the subdivision of estates that are conferred on the Board by Chapter 2.

(2) The conditions aforesaid shall be as follows, that is to say:

- (a) No such application shall be granted unless and until the local authority has given to the Administrator an undertaking in writing to prepare in accordance with Chapter 4 a town-planning scheme for its area or for such specified part of its area as the Administrator may approve, and to commence such preparation within one year from the date of such order.
- (b) The said local authority shall frame such regulations dealing with the subdivision of land in its area as may be approved by the Administrator and unless and until this has been done no such application shall be granted.

(3) Upon the Administrator making and publishing an order as aforesaid the powers and duties relating to the establishment of townships and the subdivision of estates that are conferred on the Board by Chapter 2 shall be *mutatis mutandis* conferred upon and be exercised by the said local authority in lieu of the Board in respect of all land within the area of the said local authority, subject to the following conditions, that is to say:

- (a) Notwithstanding sub-section (1) of section *eleven* the said local authority shall not be required to transmit to the Administrator any application for permission to establish a township or subdivide an estate.

^{27a} Words to end of section added by s.4/O 12/38.

²⁸ Section inserted by s.2/O 6/41.

²⁹ Amended by s.3/O 11/49.

die nodige endossemente maak op die eiendomsbewys van die grond en op die duplikaat daarvan wat op sy kantoor bewaar word en moet verder die nodige aantekeninge in die dorpsregister maak.

(2) As 'n algemene plan van 'n goedgekeurde dorp of onderverdeelde landgoed of van enige gedeelte daarvan wettiglik ingetrek word, word al die gereserveerde grond wat daarop of op die ingetrokke gedeelte daarvan aangetoon word, soos die geval mag wees, aan die eenaar of sy opvolger in eiendomsreg oorgedra vry van enige voorwaardes wat daarop van toepassing gemaak is in verband met die goedkeuring van die dorp of onderverdeelde landgoed.

Algemene plan kan gewysig word.

26. Onderhewig aan die bepalings van artikel *dertig* van die Opmetingswet, 1927, besit die Administrateur, wanneer aansoek gedoen word deur enige belanghebbende party of deur die plaaslike owerheid, die bevoegdheid om die wysiging te magtig van 'n algemene plan, soos goedgekeur kragtens hierdie Ordonnansie of die Ordonnansie op Dorpe, 1927 (Ordonnansie No. 13 van 1927), met die verstande dat die prosedure in hierdie en enige Wysigingsordonnansie neergelê in verband met die goedkeuring van 'n aansoek vir die stigting van 'n dorp of die onderverdeling van 'n landgoed in elke opsig gevolg moet word ³⁹tensy die Dorpekommissie by die Administrateur aanbeveel dat, aangesien die voorgestelde wysiging van 'n geringe aard is, daar van die nakoming van genoemde prosedure afgesien word, en in so 'n geval het die Administrateur die bevoegdheid om die wysiging goed te keur sonder dat genoemde prosedure gevolg word.

Grense kan uitgebrei word.

⁴⁰26 bis. Indien enige grondgebied weens die ligging daarvan deel uitmaak van 'n bestaande dorp, kan die Administrateur deur kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* die grense van daardie dorp uitbrei om sodanige gebied in te sluit, en daarna word sodanige grondgebied beskou en geregistreer as 'n erf in daardie dorp, en is onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat die Administrateur, na oorleg met die Dorpekommissie, mag goedag.

HOOFSTUK 3. — DIE STIGTING VAN DORPE EN DIE ONDERVERDELING VAN LANDGOEDERE BINNE SEKERE PLAASLIKE OWERHEDE.

Magte verleen aan plaaslike owerhede in Bylae genoem. Voorlopige voorwaardes wat nagekom moet word. Publikasie van bevel wat magte verleen, met uitsonderings.

27. (1) Op aansoek van 'n plaaslike owerheid waarop die bepalings van Hoofstuk 4 van toepassing gemaak is, ⁴¹kan die Administrateur, onderhewig aan hierna bepaalde voorwaardes, 'n bevel in die *Provinsiale Koerant* uitvaardig en publiseer waardeur aan die genoemde plaaslike owerheid, in plaas van aan die Kommissie, *mutatis mutandis* die magte en pligte verleen word in verband met die stigting van dorpe of die onderverdeling van landgoedere wat aan die Kommissie deur Hoofstuk 2 verleen is.

(2) Die voornoemde voorwaardes is as volg, d.w.s.:

- (a) Geen sodanige aansoek word toegestaan nie tensy en totdat die plaaslike owerheid skriftelik aan die Administrateur 'n onderneming verskaf het om ooreenkomstig Hoofstuk 4 'n dorpsaanlegskema vir sy gebied of vir sodanige gespesifiseerde deel van sy gebied op te stel as wat die Administrateur mag goedkeur en om met die opstel daarvan te begin binne een jaar vanaf die datum van sodanige bevel.
- (b) Die genoemde plaaslike owerheid moet sodanige regulasies opstel in verband met die onderverdeling van grond in sy gebied as wat deur die Administrateur goedgekeur mag word en tensy en totdat dit gedoen is, word geen sodanige aansoek toegestaan nie.

(3) Wanneer die Administrateur 'n bevel, soos voornoem, uitvaardig en publiseer, word die magte en pligte in verband met die stigting van dorpe en die onderverdeling van landgoedere wat aan die Kommissie verleen is deur Hoofstuk 2 *mutatis mutandis* verleen aan die genoemde plaaslike owerheid en deur hom uitgeoefen in plaas van die Kommissie ten opsigte van alle grond binne die gebied van die genoemde plaaslike owerheid, onderhewig aan die volgende voorwaardes, d.w.s.:

- (a) Nieteenstaande subartikel (1) van artikel *elf* is dit nie nodig vir die genoemde plaaslike owerheid om enige aansoek vir toestemming om 'n dorp te stig of 'n landgoed te onderverdeel aan die Administrateur op te stuur nie.

³⁹ Woorde tot end van artikel toegevoeg by a.4/O 12/38.

⁴⁰ Artikel ingevoeg by a.2/O 6/41.

⁴¹ Gewysig by a.3/O 11/49.

- (b) The said local authority shall without reference to the Board and in lieu of the Administrator exercise the power conferred upon the Administrator by section *fourteen* to require the owner of the land upon which it is proposed to establish a township or subdivide an estate to grant even to be used as sites for Government, education, and local authority purposes provided that in respect of sites for Government and education purposes the approval of the Administrator shall be obtained.
- (c) The said local authority shall without reference to the Board exercise in lieu of the Administrator the powers conferred upon the Administrator by section *eighteen*. If such application be granted by the local authority all the provisions of section *nineteen* (requiring the owner to cause a general plan to be framed and submitted to the Surveyor-General) shall apply *mutatis mutandis*.
- (d) The said local authority shall in lieu of the Administrator, exercise the powers conferred upon the Administrator by sub-section (1) of section *nineteen* to extend the period within which a general plan is to be framed and submitted to the Surveyor-General, and by sub-section (3) of section *twenty* to extend the period within which the general plan and diagram shall be lodged with the Registrar, and by sub-section (6) of section *twenty* to cause to be notified a township or subdivided estate in the *Provincial Gazette* as an approved township or subdivided estate.
- (e) The said local authority shall without reference to the Board exercise in lieu of the Administrator the powers conferred upon the Administrator by section *twenty-three* in regard to additional open spaces.
- (f) The said local authority shall forthwith upon receipt of an application for approval of a proposal to establish a township or subdivide an estate send copies of all relevant documents and plans to the Surveyor-General for his comments and suggestions, which together with any objections or other relevant matter received as the result of advertisement or otherwise shall be placed before the local authority or its responsible committee before it takes any decision.
- (g) The said local authority shall not approve of any proposal to establish a township or subdivide an estate which is not in accordance with the regulations framed under paragraph (b) of sub-section (2), without the written consent of the Administrator upon the application of such local authority.
- (h) The said local authority shall charge the same fees as are prescribed for and charged by the Board for considering proposals to establish townships or subdivide estates, and shall remit one half of such fees to the Provincial Administration.
- (j) Any applicant or other interested person shall have the right of appeal from the decision of the said local authority to the Administrator. Parties who desire to appeal must lodge such appeal with the Provincial Secretary within thirty days after the date of such decision and shall deposit with him such sum as the Administrator may consider sufficient to cover the additional costs, which sum or any part thereof shall be forfeited in the discretion of the Administrator if the appeal be not upheld. On all issues the Administrator's decision shall be final; such deposit not to exceed £20.
- (k) (i) The decision of the said local authority, together with the conditions imposed and all relevant documents and plans shall be sent to the Surveyor-General, who shall without undue delay notify the local authority if he is in agreement with its decision.
- (ii) The Surveyor-General shall have the right of appeal to the Administrator if he has cause to think that the regulations framed under paragraph (b) of sub-section (2) have not been fulfilled, or if he considers that the powers conferred under this Ordinance relating to the acquisition of land for Government, education and other public purposes have not reasonably been satisfied, or for any other reason which he considers to be in the public interest to bring forward.
- (iii) The Administrator may refer the appeal to the Board who shall hear evidence from the said local authority and the Surveyor-General and if necessary from any

- (b) Die genoemde plaaslike owerheid oefen sonder verwysing na die Kommissie en in plaas van die Administrateur die magte uit wat aan die Administrateur verleen is deur artikel *veertien* om van die eenaar van die grond waarop dit voorgestel word om 'n dorp te stig of 'n landgoed te onderverdeel, te verlang om erwe te skeik om gebruik te word as persele vir goewerments-, onderwys- en plaaslike owerheidsdoeleindes, met die verstande dat wat betref persele vir goewerments- en onderwysdoeleindes, die goedkeuring van die Administrateur verkry moet word.
- (c) Die genoemde plaaslike owerheid oefen sonder verwysing na die Kommissie en in plaas van die Administrateur die magte uit wat aan die Administrateur verleen is kragtens artikel *agtien*. Indien so 'n aansoek deur die plaaslike owerheid toegestaan word, geld al die bepalinge van artikel *neëntien mutatis mutandis* (waarvolgens die eenaar verplig is om 'n algemene plan te laat opstel en aan die Landmeter-generaal voor te lê).
- (d) Die genoemde plaaslike owerheid oefen in plaas van die Administrateur die magte uit wat aan die Administrateur verleen is ingevolge subartikel (1) van artikel *neëntien* om die tydperk waarin 'n algemene plan opgestel en aan die Landmeter-generaal voorgelê moet word, te verleng en om kragtens subartikel (3) van artikel *twintig* die tydperk te verleng waarin die algemene plan en tekening by die Registrateur ingelewer moet word en om kragtens subartikel (6) van artikel *twintig* 'n dorp of onderverdeelde landgoed in die *Provinsiale Koerant* te laat bekendmaak as 'n goedgekeurde dorp of onderverdeelde landgoed.
- (e) Die genoemde plaaslike owerheid oefen sonder verwysing na die Kommissie en in plaas van die Administrateur die magte uit wat aan die Administrateur verleen is kragtens artikel *drie-en-twintig* met betrekking tot addisionele ope ruimtes.
- (f) Die genoemde plaaslike owerheid moet onmiddellik op ontvangs van 'n aansoek vir die goedkeuring van 'n voorstel om 'n dorp te stig of 'n landgoed te onderverdeel kopieë van alle desbetreffende dokumente en planne aan die Landmeter-generaal opstuur vir sy opmerkings en voorstelle, wat saam met enige besware of ander desbetreffende sake ontvang as gevolg van advertensie of andersins voorgelê moet word aan die plaaslike owerheid of sy verantwoordelike komitee voordat hy enige besluit neem.
- (g) Die genoemde plaaslike owerheid mag nie enige voorstel vir die stigting van 'n dorp of die onderverdeling van 'n landgoed wat nie in ooreenstemming is met die regulasies opgestel onder paragraaf (b) van subartikel (2), sonder die skriftelike toestemming van die Administrateur op aansoek van sodanige plaaslike owerheid goedkeur nie.
- (h) Die genoemde plaaslike owerheid moet dieselfde gelde vorder as wat voorgeskryf is en gevorder word deur die Kommissie vir die oorweging van voorstelle vir die stigting van dorpe of die onderverdeling van landgoedere en moet een-helfte van sodanige gelde aan die Provinsiale Administrasie inbetaal.
- (j) Enige applikant of ander belanghebbende persoon besit die reg om homself teen die beslissing van die genoemde plaaslike owerheid op die Administrateur te beroep. Diegene wat appèl wil aanteken, moet sodanige appèl by die Provinsiale Sekretaris inlewer binne dertig dae na die datum van sodanige beslissing en by hom so 'n som deponeer as wat die Administrateur voldoende mag beskou om die addisionele koste te dek, en hierdie som of enige gedeelte daarvan word volgens die goedvinding van die Administrateur verbeur indien die appèl nie gehandhaaf word nie. Oor alle geskilpunte is die beslissing van die Administrateur finaal, sodanige deposito nie meer te wees as £20 nie.
- (k) (i) Die beslissing van die genoemde plaaslike owerheid, met die voorwaardes opgelê en alle desbetreffende dokumente en planne, moet opgestuur word aan die Landmeter-generaal wat sonder onnodige versuim die plaaslike owerheid in kennis moet stel indien hy instem met sy beslissing.
- (ii) Die Landmeter-generaal besit die reg om homself op die Administrateur te beroep indien hy rede het om te vermoed dat die regulasies opgestel onder paragraaf (b) van subartikel (2) nie uitgevoer is nie of ingeval hy van oordeel is dat die magte kragtens hierdie Ordonnansie verleen met betrekking tot die aanskaffing van grond vir goewerments-, onderwys- en ander openbare doeleindes nie redelik uitgevoer is nie, of om enige ander rede wat hy in die openbare belang nodig ag om voor te lê.
- (iii) Die Administrateur kan die appèl verwys aan die Kommissie wat getuienis moet aanhoor van die genoemde plaaslike owerheid en die Landmeter-generaal en,

interested person, and the whole of such evidence with the findings of the Board shall be sent to the Administrator for his final decision.

(iv) The applicant shall be notified by the said local authority of the grant or refusal of his application only after receipt of the approval by the Surveyor-General or, in case of appeal as aforesaid, of the decision of the Administrator.

- (f) The said local authority may refuse any application for the establishment of a township or the subdivision of an estate on the grounds that the cost to the local authority of providing roads, retaining walls, sewerage, water supply or other essential services will be unreasonably great.

CHAPTER 4. — TOWN-PLANNING SCHEMES.

Application of this Chapter.

28. The provisions of this Chapter shall apply to every local authority named in the First Schedule and to every local authority to which the provisions of this Chapter have been applied in terms of section *thirty*.

Preparation of a scheme obligatory.

29. Every local authority named in the First Schedule shall within a period of three years from the commencement of this Ordinance, or within such further period or periods as the Administrator may in particular circumstances allow, prepare and submit to the Administrator in such form as may be prescribed a town-planning scheme, hereinafter referred to as a scheme, in respect of all the land situated within the area of the local authority, or such portion thereof as the Administrator may approve: ⁴⁰provided that the Administrator may authorise a scheme to be prepared and further dealt with in parts, and every such part shall for the purposes of this Chapter be deemed to be a scheme.

Provisions of this Chapter may be applied to any other local authority.

30. (1) Subject to the provisions of sub-sections (2), (3) and (4) hereof, the Administrator may from time to time after consultation with the local authority concerned by proclamation in the *Provincial Gazette* apply the provisions of this Chapter to any local authority other than a local authority named in the First Schedule.

(2) Before the power conferred by the preceding sub-section is exercised, the Administrator shall notify his intention to exercise such power—

- (a) by written notice to the local authority concerned; and
- (b) by notice once a week for three consecutive weeks in the *Provincial Gazette* and in a newspaper circulating in the area of the local authority concerned.

(3) It shall be competent for any person interested or the local authority concerned within thirty days of the first publication of the said notice in the *Provincial Gazette* to present to the Administrator a petition setting forth the grounds of opposition to the exercise by the Administrator of the power conferred upon him by sub-section (1).

(4) Upon receipt of any such petition the Administrator shall refer the same to the Board for consideration and report, and if no sufficient cause has been shown why the power proposed to be exercised shall not be exercised, the Administrator may exercise such power.

Time for preparation of a scheme.

31. Every local authority to which the provisions of this Chapter have been applied in terms of sub-section (1) of section *thirty* shall within a period of three years from the date of the proclamation referred to in the said sub-section or within such further period or periods as the Administrator may in particular circumstances allow, prepare and submit to the Administrator in such form as may be prescribed a scheme in respect of all the land situate

⁴⁰ Proviso added by s.6/O 16/53.

⁴¹ Proviso added by s.7/O 16/53. As to validation and submission of schemes in parts, see s.15/O 16/53. As to condonation of delays in respect of schemes, see s.17/O 16/53.

indien nodig, van enige belanghebbende persoon en alle sodanige getuienis, met die bevindings van die Kommissie, moet aan die Administrateur vir sy finale beslissing opgestuur word.

(iv) Die applikant moet deur gemeldê plaaslike owerheid in kennis gestel word van die goed- of afkeuring van sy aansoek slegs na die ontvangs van die goedkeuring van die Landmeter-generaal of, in die geval van 'n appèl, soos voornoem, van die beslissing van die Administrateur.

- (l) Die genoemde plaaslike owerheid kan enige aansoek vir die stigting van 'n dorp of die onderverdeling van 'n landgoed van die hand wys op grond van die feit dat die koste vir die plaaslike owerheid om paaie, steunmure, riolering, watertoevoer of ander noodsaaklike dienste te verskaf, onredelik groot sal wees.

HOOFSTUK 4. — DORPSAANLEGSKEMAS.

Toepassing van hierdie Hoofstuk.

28. Die bepalings van hierdie Hoofstuk geld vir elke plaaslike owerheid in die Eerste Bylae genoem, en vir elke plaaslike owerheid waarop die bepalings van hierdie Hoofstuk van toepassing gemaak is ooreenkomstig artikel *dertig*.

Opstel van skema is verpligtend.

29. Elke plaaslike owerheid in die Eerste Bylae genoem moet binne 'n tydperk van drie jaar vanaf die inwerkingtreding van hierdie Ordonnansie of binne sodanige verdere tydperk of tydperke as wat die Administrateur onder spesiale omstandighede mag toelaat, 'n dorpsaanlegskema, hierna genoem 'n skema, opstel en aan die Administrateur in sodanige vorm as wat voorgeskryf mag wees, voorlê ten opsigte van al die grond geleë binne die gebied van die plaaslike owerheid of sodanige gedeelte daarvan as wat die Administrateur mag goedkeur ⁴²met dien verstande dat die Administrateur magtiging kan verleen dat 'n skema opgestel en verder behandel word in dele, en elk sodanige deel word, vir sover dit hierdie hoofstuk betref, as 'n skema beskou.

Bepalings van hierdie Hoofstuk kan van toepassing gemaak word op enige ander plaaslike owerheid.

30. (1) Onderhewig aan die bepalings van subartikels (2), (3) en (4) hiervan, kan die Administrateur na beraadslaging met die betrokke plaaslike owerheid van tyd tot tyd die bepalings van hierdie Hoofstuk deur middel van proklamasie in die *Provinsiale Koerant* van toepassing maak op enige plaaslike owerheid, behalwe 'n plaaslike owerheid genoem in die Eerste Bylae.

(2) Voordat die mag deur die voorgaande subartikel verleen, uitgeoefen word, maak die Administrateur sy voorneme om sodanige mag uit te oefen, bekend—

- (a) deur skriftelike kennisgewing aan die betrokke plaaslike owerheid, en
(b) deur kennisgewing eenmaal per week vir drie agtereenvolgende weke in die *Provinsiale Koerant* en in 'n nuusblad wat in die gebied van die betrokke plaaslike owerheid in omloop is.

(3) Enige belanghebbende persoon of die betrokke plaaslike owerheid kan binne dertig dae vanaf die eerste publikasie van gemelde kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* 'n petisie by die Administrateur indien waarin uiteengesit word die redes teen die uitoefening deur die Administrateur van die mag aan hom kragtens subartikel (1) verleen.

(4) Op ontvangs van enige sodanige petisie verwys die Administrateur dit aan die Kommissie vir oorweging en verslagdoen, en as geen voldoende rede aangetoon is waarom die mag wat voorgestel word om uitgeoefen te word, nie uitgeoefen moet word nie, kan die Administrateur sodanige mag uitoefen.

Tyd vir opstel van skema.

31. Elke plaaslike owerheid waarop die bepalings van hierdie Hoofstuk kragtens subartikel (1) van artikel *dertig* van toepassing gemaak is, moet binne 'n tydperk van drie jaar vanaf die datum van die proklamasie in die genoemde subartikel vermeld of binne sodanige verdere tydperk of tydperke as wat die Administrateur onder spesiale omstandighede mag toelaat, 'n skema opstel en aan die Administrateur in sodanige vorm as wat voorgeskryf mag

⁴² Voorbehoudsbepaling toegevoeg by a.6/O 16/53.

within the area of the local authority or such portion thereof as the Administrator may approve: ⁴¹provided that the Administrator may authorise a scheme to be prepared and further dealt with in parts, and every such part shall for the purposes of this Chapter be deemed to be a scheme.

Any local authority may prepare a scheme.

32. (1) Any local authority which has not been required to prepare and submit a scheme as aforesaid may on its own initiative ⁴²and with the prior consent of the Administrator prepare and submit to the Administrator a scheme in respect of all the land situate within its area or such portion thereof as the Administrator may approve.

(2) ⁴³After receipt of the consent of the Administrator in terms of sub-section (1) notice of intention to prepare a scheme hereunder for submission to the Administrator shall be given by the local authority by means of an advertisement once a week for three consecutive weeks in the Provincial Gazette and in a newspaper circulating in the area of the local authority. The provisions of this Chapter shall then apply to such local authority as from the date of the said advertisement.

Incorporation of area affected by scheme within jurisdiction of another local authority.

⁴³32 bis. Where any area affected by a scheme in the course of preparation or awaiting approval is incorporated within the jurisdiction of another local authority, such local authority shall proceed with and complete such scheme in so far as it relates to such area. For such purposes the provisions of this Chapter shall, if not already applicable, be deemed to apply to such local authority.

Preparation of joint scheme.

33. (1) If it appears to the Administrator to be expedient that two or more local authorities should act jointly in the preparation or adoption of a scheme, he may at the request of one or more of them provide for the submission of a joint scheme in respect of all the land situated within their respective areas or such portions thereof as he may approve, and the provision of this Chapter shall *mutatis mutandis* apply to such joint local authorities in the same manner as if they were separate local authorities.

(2) If any local authority concerned in any proposed joint scheme, is unwilling to join in the submission of such a joint scheme, the Administrator may by order in writing compel such local authority so to join; provided that if such local authority is one to which the provisions of this Chapter do not apply, the Administrator shall not issue such order until the provisions of section *thirty* have been complied with.

Town-planning Committee.

34. For the purpose of the preparation of a scheme by any local authority or of a joint scheme by two or more local authorities, as the case may be, such local authorities may appoint a Town-planning Committee (the members of which need not necessarily be members of either of the local authorities concerned) and may confer with or without restriction on such Committee any powers which such local authorities may exercise to that end.

General purpose of town-planning scheme.

35. (1) Every town-planning scheme shall have for its general purpose a co-ordinated and harmonious development of the area of the local authority to which it relates (including where necessary the reconstruction of any part thereof which has already been subdivided and built upon) in such a way as will most effectively tend to promote health, safety, order, amenity, convenience and general welfare as well as efficiency and economy in the process of such development.

(2) In the preparation of a scheme under this Ordinance due consideration shall be given to the matters referred to in the Second Schedule to this Ordinance.

⁴² Amended by s.4/O 10/58.

⁴³ Section inserted by s.3/O 9/50.

wees, voorlê ten opsigte van al die grond geleë binne die gebied van die plaaslike owerheid of sodanige gedeelte daarvan as wat die Administrateur mag goedkeur: ⁴³met dien verstande dat die Administrateur magtiging kan verleen dat 'n skema opgestel en verder behandel word in dele, en elk sodanige deel word, vir sover dit hierdie hoofstuk betref, as 'n skema beskou.

Enige plaaslike owerheid kan 'n skema opstel.

32. (1) Enige plaaslike owerheid van wie dit nie verlang is om 'n skema, soos voornoem, op te stel en voor te lê nie, kan op sy eie inisiatief ⁴⁴en, met die voorafverkreë toestemming van die Administrateur 'n skema opstel en aan die Administrateur voorlê ten opsigte van al die grond geleë binne sy gebied of sodanige gedeelte daarvan as wat die Administrateur mag goedkeur.

(2) ⁴⁴Na ontvangs van die toestemming van die Administrateur ingevolge subartikel (1) moet kennis van enige voorneme om 'n skema hieronder op te stel vir voorlegging aan die Administrateur, deur die plaaslike owerheid gegee word deur middel van 'n advertensie eenmaal per week vir drie agtereenvolgende weke in die *Provinsiale Koerant* en in 'n nuusblad wat in die gebied van die plaaslike owerheid in omloop is. Die bepalings van hierdie Hoofstuk geld dan vir sodanige plaaslike owerheid vanaf die datum van gemelde advertensie.

Inlywing van gebied geraak deur skema in regsgebied van ander plaaslike owerheid.

⁴⁵32 bis. Waar 'n gebied wat geraak word deur 'n skema wat opgestel word of op goedkeuring wag, in die regsgebied van 'n ander plaaslike owerheid ingelyf word, moet sodanige plaaslike owerheid met so 'n skema voortgaan en dit voltooi vir sover dit op so 'n ingelyfde gebied betrekking het. Vir sodanige doeleindes word beskou dat die bepalings van hierdie Hoofstuk, indien dit nie reeds van toepassing is nie, op so 'n plaaslike owerheid van toepassing is.

Opstel van gesamentlike skema.

33. (1) As dit vir die Administrateur raadsaam blyk dat twee of meer plaaslike owerhede gesamentlik behoort op te tree in verband met die opstel of aanname van 'n skema, kan hy op versoek van een of meer van hulle voorsiening maak vir die voorlegging van 'n gesamentlike skema ten opsigte van al die grond geleë binne hul respektiewe gebiede of sodanige gedeeltes daarvan as wat hy mag goedkeur en die bepalings van hierdie Hoofstuk geld *mutatis mutandis* vir sulke gesamentlike plaaslike owerhede op dieselfde wyse asof hulle afsonderlike plaaslike owerhede was.

(2) As enige plaaslike owerheid wat belang het in enige voorgestelde gesamentlike skema onwillig is om saam te werk in verband met die voorlegging van so 'n gesamentlike skema, kan die Administrateur deur middel van 'n skriftelike lasgewing so 'n plaaslike owerheid verplig om aldus saam te werk; met die verstande dat indien so 'n plaaslike owerheid een is waarop die bepalings van hierdie Hoofstuk nie van toepassing is nie, die Administrateur nie so 'n bevel mag uitreik nie totdat die bepalings van artikel *dertig* nagekom is.

Dorpsaanlegkomitee.

34. Vir die opstel van 'n skema deur enige plaaslike owerheid of van 'n gesamentlike skema deur twee of meer plaaslike owerhede, soos die geval ook al mag wees, kan sulke plaaslike owerhede 'n Dorpsaanlegkomitee (die lede waarvan nie noodwendig lede van die een of die ander van die betrokke plaaslike owerhede hoef te wees nie) aanstel en kan met of sonder enige beperking enige magte wat sulke plaaslike owerhede in verband daarmee mag uitoefen, aan so 'n Komitee verleen.

Algemene doel van dorpsaanlegskema.

35. (1) Die algemene doel van elke dorpsaanlegskema moet wees 'n gekoördineerde en harmonieuse ontwikkeling van die gebied van die plaaslike owerheid waarop dit betrekking het (en, waar nodig, met inbegrip van die rekonstruksie van enige gedeelte daarvan wat reeds onderverdeel en bebou is) op so 'n wyse dat die gesondheid, veiligheid, orde, aantreklikheid, gerief en algemene welsyn op die mees doeltreffende wyse bevorder word, met inagneming van doeltreffendheid en spaarsaamheid by sodanige ontwikkeling.

(2) By die opstel van 'n skema ingevolge hierdie Ordonnansie moet die sake in die Tweede Bylae tot hierdie Ordonnansie genoem, behoorlike oorweging ontvang.

⁴³ Voorbehoudsbepaling toegevoeg by a.7/O 16/53. Insake wettiging van opstel en voorlegging van skemas in dele, sien a.15/O 16/53. Insake verskoning van vertraging ten opsigte van skemas, sien a.17/O 16/53.

⁴⁴ Gewysig by a.4/O 10/58.

⁴⁵ Artikel ingevoeg by a.3/O 9/50.

⁴⁴(3) The provisions of any other ordinance in so far as they relate to the determination of the boundaries and widths of, and the erection of structures within a specified distance of the boundaries of, proclaimed roads and declared roads, shall be deemed and be taken to be part of every scheme, except in so far as a scheme—

- (i) provides for a proclaimed road or declared road a width greater than that determined by or under such other ordinance, or
- (ii) requires structures to be at a distance from the boundary of the width of a proclaimed road or declared road greater than that determined by or under such other ordinance.

⁴⁴(4) Where a scheme prohibits land or buildings being put to any particular use or uses but permits any such use to continue for a period—

- (a) such scheme shall not provide that such period shall be at the discretion of the local authority but such period may be extended with the approval of the Administrator, and
- (b) any building put to such use shall not, except with the approval of the Administrator, be altered, extended or re-erected.

Administrator may prescribe provisions for scheme.

⁴⁶35 *bis*. (1) Notwithstanding any other provisions of this Chapter, the Administrator may on application by or after reference to a local authority, prescribe provisions for a scheme to be prepared by such local authority or for such local authority's scheme in the course of preparation or awaiting approval.

⁴⁶(1) *bis*. Before any provisions are prescribed in terms of sub-section (1) notice shall be given once a week for two consecutive weeks in the *Provincial Gazette* and in a newspaper circulating in the area of the local authority, setting out the substance of the proposed provisions and calling for objections thereto to be lodged with the local authority before a specified date not being less than fourteen days after the last publication of such notice. All objections received by the local authority shall, together with its comments thereon, be submitted to the Administrator for his consideration.

(2) Any provisions prescribed by the Administrator under sub-section (1) shall be deemed to be a scheme in the course of preparation for the local authority concerned or to be incorporated in its scheme in the course of preparation or awaiting approval, and shall supersede and amend any other provisions of such scheme in so far as the latter are repugnant to or inconsistent with those prescribed by the Administrator.

(3) On receipt of the provisions prescribed by the Administrator under sub-section (1) the local authority shall cause all documents, maps and plans relating to its scheme to be prepared or altered, as the case may be, in conformity with such provisions.

(4) A copy of the provisions prescribed by the Administrator under sub-section (1) shall be open to inspection by the public at the office of the local authority during office hours.

⁴⁷(5) Notice shall be given in the *Provincial Gazette* of the substance of any provisions prescribed by the Administrator in terms of this section.

Development contribution and compensation.

^{47a}35 *ter*. (1) Whenever, after the coming into operation of the Townships Amendment Ordinance, 1971, any provision is prescribed by the Administrator in terms of section 35 *bis*(1), he may, by order in writing sent to the local authority,—

- (a) direct that—
 - (i) a development contribution shall be due to the local authority concerned in respect of any land which, in the opinion of the Administrator, has been beneficially affected by the provision so prescribed, or
 - (ii) compensation shall be due from the local authority concerned in respect of any land which, in the opinion of the Administrator, has been injuriously affected by the provision so prescribed, and

⁴⁴ (3) and (4) inserted by s.8/O 16/53.

⁴⁶ Section inserted by s.9/O 16/53.

⁴⁶ (1) *bis* inserted by s.3/O 12/62.

⁴⁷ (5) substituted by s.3/O 12/62.

^{47a} [35 *ter*] inserted by s.4/O 25/69; substituted by s.1/O 13/71.

⁴⁶(3) Die bepalings van enige ander ordonnansie vir sover hulle betrekking het op die bepaling van die grense en breedtes van, en die oprigting van strukture binne 'n bepaalde afstand van die grense van, geproklameerde paaie en verklaarde paaie, word beskou en gereken as deel van elke skema, uitgesonderd vir sover so 'n skema—

- (i) vir 'n geproklameerde pad of verklaarde pad 'n breedte voorsien wat groter is as dié wat by of ingevolge so 'n ander ordonnansie bepaal word, of
- (ii) vereis dat strukture op 'n afstand van die grens van die breedte van 'n geproklameerde pad of verklaarde pad moet wees wat groter is as dié wat by of ingevolge so 'n ander ordonnansie bepaal word.

⁴⁶(4) Waar 'n skema verbied dat grond of geboue op enige manier of maniere gebruik word maar toelaat dat sodanige gebruik vir 'n tydperk voortduur—

- (a) mag so 'n skema nie bepaal dat sodanige tydperk na goeddunke van die plaaslike owerheid vasgestel word nie maar kan sodanige tydperk met die goedkeuring van die Administrateur verleng word, en
- (b) mag 'n gebou wat op so 'n manier gebruik word, nie sonder die goedkeuring van die Administrateur verander, uitgebrei of weer opgerig word nie.

Administrateur kan bepalings vir skema voorskryf.

⁴⁷35 bis. (1) Ondanks enige ander bepalings van hierdie hoofstuk kan die Administrateur op aansoek van of na oorleg met 'n plaaslike owerheid, bepalings voorskryf vir 'n skema wat deur so 'n plaaslike owerheid opgestel gaan word of vir sodanige plaaslike owerheid se skema wat opgestel word of op goedkeuring wag.

⁴⁸(1) bis. Voordat enige bepalings kragtens subartikel (1) voorgeskryf word, moet kennis een keer per week vir twee agtereenvolgende weke gegee word in die *Provinsiale Koerant* en in 'n nuusblad wat in die gebied van die plaaslike owerheid gelees word, waarin die hoofinhoud van die voorgestelde bepalings uiteengesit word en versoek word dat besware daarteen by die plaaslike owerheid ingedien moet word voor 'n bepaalde datum wat minstens veertien dae na die laaste publikasie van sodanige kennisgewing moet wees. Alle besware wat deur die plaaslike owerheid ontvang word, moet, tesame met sy opmerkings daarvoor, aan die Administrateur vir sy oorweging voorgelê word.

(2) Enige bepalings wat kragtens subartikel (1) deur die Administrateur voorgeskryf word, word beskou as 'n skema wat opgestel word vir die betrokke plaaslike owerheid of as ingelyf in sy skema wat opgestel word of op goedkeuring wag, en vervang en wysig enige ander bepalings van so 'n skema vir sover laasgenoemde strydig of onbestaanbaar is met dié wat deur die Administrateur voorgeskryf word.

(3) By ontvangs van die bepalings wat kragtens subartikel (1) deur die Administrateur voorgeskryf word, laat die plaaslike owerheid alle dokumente, kaarte en planne met betrekking tot sy skema voorberei of verander, na gelang van die geval, in ooreenstemming met sodanige bepalings.

(4) 'n Afskrif van die bepalings wat kragtens subartikel (1) deur die Administrateur voorgeskryf word, lê gedurende kantoorure op die kantoor van die plaaslike owerheid ter insae van die publiek.

⁴⁹(5) Kennis moet in die *Provinsiale Koerant* gegee word van die hoofinhoud van enige bepalings wat deur die Administrateur kragtens hierdie artikel voorgeskryf word.

Ontwikkelingsbydrae en vergoeding.

^{49a}35ter. (1) Wanneer ook al na die inwerkingtreding van die Wysigingsordonnansie op Dorpe, 1971, enige bepaling deur die Administrateur ingevolge artikel 35bis(1) voorgeskryf word, kan hy deur middel van 'n skriftelike lasgewing wat aan die plaaslike owerheid gestuur word—

(a) gelas dat—

- (i) 'n ontwikkelingsbydrae aan die betrokke plaaslike owerheid verskuldig is ten opsigte van enige grond wat na die mening van die Administrateur voordelig geraak is deur die bepaling aldus voorgeskryf, of
- (ii) vergoeding deur die betrokke plaaslike owerheid verskuldig is ten opsigte van enige grond wat na die mening van die Administrateur nadelig geraak is deur die bepaling aldus voorgeskryf, en

⁴⁶ (3) en (4) ingevoeg by a.8/O 16/53.

⁴⁷ Artikel ingevoeg by a.9/O 16/53.

⁴⁸ (1) bis ingevoeg by a.3/O 12/62.

⁴⁹ (5) vervang by a.3/O 12/62.

^{49a} [35ter] ingevoeg by a.4/O 25/69; vervang by a.1/O 13/71.

- (b) fix the amount of such development contribution or compensation; provided that where a portion of the land referred to in paragraph (a)(i) is required by the local authority for any purpose whatsoever which it is from time to time by law empowered to carry out, the Administrator may, if he is of opinion that the value of such portion is equal to or less than the amount of the development contribution so fixed, direct that such portion shall be transferred to such local authority in full or partial settlement, as the case may be, of such development contribution.
- (2) The Administrator may, before any order in terms of subsection (1) is complied with, by order in writing sent to the local authority, cancel or from time to time vary such order.
- (3) The local authority shall, on receipt of any order referred to in subsection (1), (2) or (6), forthwith serve a true copy thereof on the owner concerned in the manner prescribed by section 260 of the Municipal Ordinance, 1951 (Ordinance 19 of 1951).
- (4) An order in terms of subsection (1) shall be complied with—
- (a) in the case of a development contribution—
- (i) before the land in respect of which such order has been issued or any portion of such land is put or converted to any use which is authorized or permitted by the provision so prescribed but which was not so authorized or permitted immediately before the provision was so prescribed, or
 - (ii) before such land or portion thereof is transferred to any person other than a local authority.
- (b) in the case of compensation, on a date to be determined by the Administrator and specified in such order.
- (5) The terms and conditions of any order referred to in subsection (1) shall—
- (a) subject to the provisions of subsection (6), be binding upon and be complied with by the local authority or the owner, as the case may be, and
 - (b) be in addition to any other obligation imposed on the local authority or owner in consequence of the provisions of the relevant town planning scheme.
- (6) Whenever it is proposed to transfer land in respect of which an order in terms of subsection (1) has been issued but has not been complied with or to transfer any portion of such land and
- (a) the obligation to transfer such land or such portion arises from a contract which was entered into before the relevant provision was prescribed in terms of section 35*bis*, or
 - (b) the owner of such land and the proposed transferee have in writing agreed that such transferee accepts liability for compliance with such order,
- the Administrator may, on application in writing by such owner and after consultation with such transferee, by order in writing sent to the local authority, determine that such owner shall, on the transfer of such land or of such portion to such transferee, be wholly or partly exempt from compliance with such order whereupon such transferee shall, subject to any further such exemption, on the occurrence of any event referred to in subsection (4)(a), be liable to comply with such order to the extent to which such order has not been complied with by such owner.
- (7) Where the approval of the local authority is in law required for—
- (a) the erection or alteration of or addition to a building on land in respect of which an order in terms of subsection (1) has been issued, or on any portion of such land, or
 - (b) the carrying out of any work whatsoever on such land, or on such portion, or
 - (c) such land or such portion or any building thereon being put or converted to any use, which is authorized or permitted by the provision so prescribed but which was not so authorized or permitted immediately before the provision was so prescribed, such approval shall nevertheless not be granted unless—
- (i) such order has been complied with, or
 - (ii) security to the satisfaction of the local authority for due compliance with such order has been furnished to such local authority.

[SERVICE No. 9—1971.]

- (b) die bedrag van sodanige ontwikkelingsbydrae of vergoeding vasstel; met dien verstande dat waar die plaaslike owerheid 'n gedeelte van die grond in paragraaf (a)(i) genoem, nodig het vir enige doel wat ook al wat hy van tyd tot tyd by wet gemagtig word om uit te voer, die Administrateur, indien hy van mening is dat die waarde van sodanige gedeelte gelyk is aan of minder is as die bedrag van die ontwikkelingsbydrae aldus vasgestel, kan gelas dat sodanige gedeelte aan sodanige plaaslike owerheid oorgedra moet word ter volle of gedeeltelike vereffening, na gelang van die geval, van sodanige ontwikkelingsbydrae.
- (2) Die Administrateur kan, voordat enige lasgewing ingevolge subartikel (1) nagekom word, deur middel van 'n skriftelike lasgewing wat aan die plaaslike owerheid gestuur word, sodanige lasgewing intrek of van tyd tot tyd verander.
- (3) Die plaaslike owerheid moet, by ontvangs van enige lasgewing in subartikel (1), (2) of (6) genoem, onverwyld 'n juiste kopie daarvan op die betrokke eienaar dien op die wyse by artikel 260 van die Munisipale Ordonnansie, 1951 (Ordonnansie 19 van 1951), voorgeskryf.
- (4) 'n Lasgewing ingevolge subartikel (1) moet nagekom word—
- (a) in die geval van 'n ontwikkelingsbydrae—
- (i) voordat die grond ten opsigte waarvan sodanige lasgewing uitgereik is, of enige gedeelte van sodanige grond, aangewend of omgeskep word vir enige gebruik wat by die bepaling aldus voorgeskryf, gemagtig of toegelaat word, maar wat nie aldus gemagtig of toegelaat was onmiddellik voordat die bepaling aldus voorgeskryf is nie, of
- (ii) voordat sodanige grond of gedeelte daarvan aan enigiemand uitgesonderd 'n plaaslike owerheid oorgedra word.
- (b) in die geval van vergoeding, op 'n datum wat deur die Administrateur bepaal en in sodanige lasgewing vermeld word.
- (5) Die bepalings en voorwaardes van enige lasgewing in subartikel (1) genoem—
- (a) is, behoudens die bepalings van subartikel (6), bindend vir en moet nagekom word deur die plaaslike owerheid of die eienaar, na gelang van die geval, en
- (b) is benewens enige ander verpligting wat aan die plaaslike owerheid of eienaar opgelê word ten gevolge van die bepalings van die betrokke dorpsaanlegkema.
- (6) Wanneer ook al dit die voorneme is om grond oor te dra ten opsigte waarvan 'n lasgewing ingevolge subartikel (1) uitgereik is maar nog nie nagekom is nie of om enige gedeelte van sodanige grond oor te dra en—
- (a) die verpligting om sodanige grond of sodanige gedeelte oor te dra uit 'n kontrak ontstaan wat aangegaan is voordat die betrokke bepaling ingevolge artikel 35bis voorgeskryf is, of
- (b) die eienaar van sodanige grond en die voornemende transportnemer skriftelik ooreengekom het dat sodanige transportnemer aanspreeklikheid vir die nakoming van sodanige lasgewing aanvaar,
- kan die Administrateur, op skriftelike aansoek deur sodanige eienaar en na oorleg met sodanige transportnemer, deur middel van 'n skriftelike lasgewing wat aan die plaaslike owerheid gestuur word, bepaal dat sodanige eienaar, by die oordrag van sodanige grond of van sodanige gedeelte aan sodanige transportnemer, geheel en al of gedeeltelik vrygestel word van die nakoming van sodanige lasgewing waarna sodanige transportnemer, behoudens enige verdere sodanige vrystelling, by die voorkoms van enige gebeure in subartikel (4)(a) genoem, sodanige lasgewing moet nakom in die mate waarin sodanige lasgewing nie deur sodanige eienaar nagekom is nie.
- (7) Waar die goedkeuring van die plaaslike owerheid by wet vereis word vir—
- (a) die oprigting of verandering of uitbreiding van 'n gebou op grond ten opsigte waarvan 'n lasgewing ingevolge subartikel (1) uitgereik is, of op enige gedeelte van sodanige grond, of
- (b) die uitvoering van enige werk wat ook al op sodanige grond of op sodanige gedeelte, of
- (c) die aanwending of omskepping van sodanige grond of van sodanige gedeelte of enige gebou daarop vir enige gebruik,
- wat by die bepaling aldus voorgeskryf gemagtig of toegelaat word maar wat nie aldus gemagtig of toegelaat was onmiddellik voordat die bepaling aldus voorgeskryf is nie, word sodanige goedkeuring nietemin nie toegestaan nie tensy—
- (i) sodanige lasgewing nagekom is, of
- (ii) sekuriteit ten genoeë van die plaaslike owerheid vir die behoorlike nakoming van sodanige lasgewing aan sodanige plaaslike owerheid verstrekkend is.

(8) Notwithstanding the provisions of any other ordinance relating to the payment of moneys into or the meeting of expenditure from any particular fund of the local authority, any development contribution shall be paid into and any compensation shall be paid from such funds of the local authority as the Administrator may from time to time determine.

(9) For the purposes of this section "owner" means the person who is the owner of the land referred to in subsection (1)(a)(i) at the time when an order in terms of that subsection is required to be complied with.

Scheme to be submitted to the Administrator.

36. (1) Every scheme prepared under this Ordinance shall be submitted to the Administrator for approval in such form as may be prescribed and shall be accompanied by such plans, documents and other relevant matters as may be required in terms of regulations framed by the Administrator under the provisions of this Ordinance ⁴⁸and the Administrator may at any time require the local authority to furnish such further plans, documents and other relevant particulars as he may deem necessary.

(2) Regulations framed by the local authority in terms of sub-section (2) (b) of section twenty-seven shall also be submitted with the scheme and the plans shall show all the necessary references to those regulations in so far as they may be applicable.

[continued on page 606]

⁴⁸ Amended by s.10/O 16/53.

(8) Ondanks die bepalings van enige ander ordonnansie insake die storting van gelde in of die bestryding van uitgawe uit enige besondere fonds van die plaaslike owerheid, moet enige ontwikkelingsbydrae gestort word in en enige vergoeding betaal word uit die fondse van die plaaslike owerheid wat die Administrateur van tyd tot tyd bepaal.

(9) Vir die toepassing van hierdie artikel beteken „eienaar” die persoon wat die eienaar is van die grond in subartikel (1)(a)(i) genoem, op die tydstip wanneer 'n lasgewing ingevolge gemelde subartikel nagekom moet word.

Skema moet aan die Administrateur voorgelê word.

36. (1) Elke skema ingevolge hierdie Ordonnansie opgestel, moet aan die Administrateur vir goedkeuring voorgelê word in so 'n vorm as wat voorgeskryf mag wees, en dit moet vergesel gaan van sulke planne, dokumente en ander desbetreffende sake as wat verlang mag word ooreenkomstig regulasies deur die Administrateur opgestel kragtens die bepalings van hierdie Ordonnansie ⁶⁰en die Administrateur kan te eniger tyd die plaaslike owerheid aansê om alle verdere planne, dokumente en ander desbetreffende besonderhede te verstrek wat hy nodig ag.

(2) Regulasies deur die plaaslike owerheid kragtens subartikel (ii) (b)⁶¹ van artikel *sewe-entwintig* opgestel, moet ook met die skema voorgelê word en die planne moet al die nodige verwysings na daardie regulasies vir sover hulle van toepassing is, aantoon.

[vervolg op bladsy 607]

⁶⁰ Gewysig by a.10/O 16/53.

⁶¹ Vermoedelik word hier subartikel (2) (b) bedoel — verwys na Engelse teks.

⁴⁹36 bis. On the submission to him of a scheme in terms of section *thirty-six*, the Administrator shall cause an investigation of the scheme to be undertaken.

Scheme to be referred to the Townships Board, and advertised.

37. (1) ⁵⁰When the investigation referred to in section *thirty-six bis* has been completed to the satisfaction of the Administrator, he shall call upon the local authority to submit to him within a specified period such number of additional copies as he may consider necessary of all documents, maps and plans relating to its scheme, duly amended in accordance with the requirements of sub-section (3) of section *thirty-five bis*, and on receipt thereof shall refer the scheme to the Board for its consideration and report, and the Board shall forthwith publish a notification once a week during three consecutive weeks in the *Provincial Gazette* and in a newspaper circulating in the area of the local authority concerned to the effect that a scheme has been submitted and that copies of it and of the relative maps, plans and other details of the scheme are lying for inspection at the respective offices of the local authority and of the ⁵⁰*Provincial Secretary*.

(2) Every owner or occupier of immovable property within the area of the local authority concerned shall have a right of objection to the scheme and may notify the Board in writing of any such objection and of the grounds thereof at any time within one month after the last publication in the *Provincial Gazette* of the notice referred to in sub-section (1).

Objection to scheme.

38. (1) On expiry of the period prescribed in sub-section (2) of section *thirty-seven* and in the event of objections to the scheme having been received, the Board shall fix a day for the hearing of such objections, and not less than fourteen days before the day so fixed the Board shall forward copies of all objections received to the local authority concerned and shall notify such local authority of the time and place fixed for the hearing of the objections.

(2) At the hearing of any such objections any local authority or objector may be represented by counsel or attorney. Such hearing shall be open to the public.

Consideration of Scheme by Board.

⁵¹39. After the hearing referred to in section *thirty-eight*, the Board may recommend to the Administrator that the scheme or any particular provisions thereof be further investigated as provided for in section *thirty-six bis*.

Mining area included in scheme.

40. If proclaimed land or land held under mining title be included in a scheme the approval of the Minister of Mines to that portion of the scheme situate within such proclaimed land or land held under mining title shall be furnished to the Board by the local authority before the recommendation of the Board is submitted to the Administrator under section *forty-one*; provided that the withholding of such approval shall not prevent the completion and approval of the scheme in respect of the remaining area of the local authority.

Approval and proclamation of scheme.

41. ⁵²(1) After considering the scheme, all objections thereto and the result of any investigation undertaken in terms of section *thirty-nine* the Board shall submit its recommendations in regard thereto to the Administrator. The Provincial Secretary shall advise the local authority of any amendments, modifications or additions to the scheme recommended by the Board.

(2) The Administrator may thereupon approve the scheme with any such ⁵³*amendments, modifications or additions* as he may deem fit and shall by proclamation in the *Provincial*

⁴⁹ Section inserted by s.5(1)/O 10/58. See further s.5(2)/O 10/58 as to procedure in case of pending schemes.

⁵⁰ Amended by s.6/O 10/58.

⁵¹ [39] substituted by s.7/O 10/58.

⁵² (1) substituted by s.8/O 10/58.

⁵³ Amended by s.8/O 10/58.

Onderzoek van skema.

⁵²36 bis. Wanneer 'n skema ingevolge artikel *ses-en-dertig* aan die Administrateur voorgelê word, laat hy 'n ondersoek na die skema instel.

Skema moet na Dorpekommissie verwys en geadverteer word.

37. (1) ⁵³Wanneer die ondersoek vermeld in artikel *ses-en-dertig bis* tot genoeë van die Administrateur voltooi is, sê hy die plaaslike owerheid aan om die getal bykomende eksemplare wat hy nodig ag van alle dokumente, kaarte en planne met betrekking tot die plaaslike owerheid se skema, behoorlik gewysig ooreenkomstig die vereistes van subartikel (3) van artikel *vyf-en-dertig bis*, binne 'n vasgestelde tydperk aan hom voor te lê en by ontvangs daarvan verwys hy die skema na die Kommissie vir sy oorweging en verslagdoen, en die Kommissie publiseer dan dadelik 'n kennisgewing eenmaal per week gedurende drie agtereenvolgende weke in die *Provinsiale Koerant* en in 'n nuusblad wat in die gebied van die betrokke plaaslike owerheid in omloop is ten effekte dat 'n skema ingedien is en dat kopieë daarvan en van die betrokke kaarte, planne en ander besonderhede van die skema op die onderskeie kantore van die plaaslike owerheid en van die ⁵³*Provinsiale Sekretaris* ter insage lê.

(2) Elke eienaar of okkupeerder van vaste-eiendom binne die gebied van die betrokke plaaslike owerheid besit die reg om beswaar te maak teen die skema en kan die Kommissie te eniger tyd binne een maand na die laaste publikasie in die *Provinsiale Koerant* van die kennisgewing in subartikel (1) genoem, skriftelik in kennis stel van enige sodanige beswaar en die redes daarvoor.

Beswaar teen skema.

38. (1) Na afloop van die tydperk in subartikel (2) van artikel *sewe-en-dertig* voorgeskryf en ingeval daar besware teen die skema ingekom het, stel die Kommissie 'n dag vas vir die verhoor van sulke besware en die Kommissie moet ten minste veertien dae voor die aldus vasgestelde dag kopieë van al die besware ontvang aan die betrokke plaaslike owerheid stuur, en sodanige plaaslike owerheid in kennis stel van die tyd en plek wat vir die verhoor van die besware vasgestel is.

(2) By die verhoor van enige sodanige besware kan 'n plaaslike owerheid of persoon wat beswaar maak, deur 'n advokaat of prokureur verteenwoordig word. Sodanige verhoor is oop vir die publiek.

Oorweging van skema deur Kommissie.

⁵⁴39. Na die verhoor vermeld in artikel *agt-en-dertig* kan die Kommissie by die Administrateur aanbeveel dat die skema of enige besondere bepalings daarvan verder ondersoek word soos bepaal in artikel *ses-en-dertig bis*.

Myng gebied ingesluit in skema.

40. Ingeval geproklameerde grond of grond in besit gehou onder myntitel in 'n skema ingesluit is, moet die goedkeuring van die Minister van Mynwese vir daardie deel van die skema wat geleë is binne sodanige geproklameerde grond of gronde in besit gehou onder myntitel deur die plaaslike owerheid aan die Kommissie verskaf word voordat die aanbeveling van die Kommissie aan die Administrateur kragtens artikel *een-en-veertig* voorgelê word; met die verstande dat die weerhouding van sodanige goedkeuring nie die voltooiing en goedkeuring van die skema sal verhinder ten opsigte van die orige gebied van die plaaslike owerheid nie.

Goedkeuring en proklamering van skema.

41. ⁵⁵(1) Na oorweging van die skema, alle besware daarteen en die uitslag van enige ondersoek ingestel ingevolge artikel *nege-en-dertig*, lê die Kommissie sy aanbevelings in verband daarmee aan die Administrateur voor. Die Provinsiale Sekretaris stel die plaaslike owerheid in kennis van enige wysigings, veranderings of uitbreidings aan die skema wat deur die Kommissie aanbeveel word.

(2) Die Administrateur kan dan die skema goedkeur met enige sodanige ⁵⁶wysigings, *veranderinge of uitbreidings* as wat hy geskik ag en moet by proklamasie in die *Provinsiale Koerant*

⁵² Artikel ingevoeg by a.5(1)/O 10/58. Verwys ook na a.5(2)/O 10/58 in verband met skemas wat voor inwerkingtreding van hierdie artikel vir ondersoek voorgelê is.

⁵³ Gewysig by a.6/O 10/58.

⁵⁴ [39] vervang by a.7/O 10/58.

⁵⁵ (1) vervang by a.8/O 10/58.

⁵⁶ Gewysig by a.8/O 10/58.

Gazette notify that it has been approved ⁶⁴provided that no amendments, modifications or additions which have not been recommended by the Board shall be made without further reference to the Board.

(3) Copies of the scheme as approved by the Administrator and proclaimed as above shall be lodged with the Surveyor-General and the Registrar of Deeds by the local authority concerned.

Operation of town-planning scheme.

42. ⁶⁵(1) When a scheme has been proclaimed as aforesaid the local authority shall observe and enforce the observance of all requirements of the scheme. Save with the consent of the Administrator after reference to the Board, the local authority shall not thereafter undertake or permit the erection or alteration of or addition to any building or the carrying out of any work, or any alteration in or modification of the use to which any building, land or works is put, if it would not conform to the provisions of the approved scheme.

(2) When a scheme has been proclaimed as aforesaid the local authority shall, notwithstanding anything in any other law contained, have the power to acquire by agreement or expropriation any land if it is satisfied that the acquisition of such land is necessary for or ancillary to the proper carrying out of the said scheme.

Other Ordinances or regulations in conflict with approved scheme.

43. The provisions of this Chapter or of an approved scheme shall ⁶⁶subject to the provisions of sub-section (3) of section thirty-five override the requirements of any other Ordinance or regulations framed thereunder which may be in conflict with such provisions.

Failure to prepare scheme or to enforce provisions of an approved scheme.

44. (1) If a local authority named in the First Schedule or a local authority to which the provisions of this Chapter have been applied in terms of section *thirty* fails to prepare a scheme within the time specified or the extension granted under section *twenty-nine* or *thirty-one* or fails to enforce to the satisfaction of the Administrator the provisions of an approved scheme operative in its area, the Administrator may by proclamation in the *Provincial Gazette* withdraw all or any of the powers vested in the local authority under Chapter 3 and this Chapter.

(2) Upon application by the local authority the Administrator may subsequently revoke such proclamation.

Approved scheme may be modified or elaborated with approval of Administrator.

⁶⁷45. (1) Any local authority may from time to time of its own motion, and shall if so required by the Administrator elaborate any of the provisions of its approved scheme, or enlarge its scheme, if manifestly inadequate, or may on application to the Administrator modify or alter any of the details of the scheme or substitute a new scheme for the approved scheme.

(2) The provisions of this Chapter shall *mutatis mutandis* apply with respect to any alteration of or addition to a scheme and to every new scheme substituted for an approved scheme.

Duties of owner of land affected by scheme.

46. Whenever a scheme has been approved by the Administrator, the local authority may by written notice call upon the owners of the land affected by the scheme to—

- (a) take such steps as may be necessary to alter the original lay-out or subdivision of the land so as to conform to the scheme;
- (b) cause any necessary alterations to be duly recorded on the plans and diagrams in the office of the Surveyor-General and in the Deeds Registry; and

⁶⁴ Proviso substituted by s.8/O 10/58.

⁶⁵ (1) substituted by s.4/O 9/50.

⁶⁶ Amended by s.11/O 16/53.

⁶⁷ As to validation of amendments to and departures from schemes, see s.16/O 16/53. As to incorporation of Cape Town Foreshore Plan in scheme of Cape Town Municipality, see s.18/O 16/53.

kennis gee dat dit goedgekeur is; ⁵⁷met dien verstande dat geen wysigings, veranderings of uitbreidings wat nie deur die Kommissie aanbeveel is nie, sonder verdere verwysing na die Kommissie aangebring mag word nie.

(3) Kopieë van die skema, soos deur die Administrateur goedgekeur en soos hierbo geproklameer, moet by die Landmeter-generaal en die Registrateur van Aktes deur die betrokke plaaslike owerheid ingedien word.

Toepassing van dorpsaanlegskema.

42.⁵⁸ (1) Wanneer 'n skema soos voormeld geproklameer is, moet die plaaslike owerheid alle vereistes van die skema nakom en sorg dat dit nagekom word. Behalwe met die toestemming van die Administrateur na oorleg met die Kommissie, mag die plaaslike owerheid nie daarna die oprigting of verandering of uitbreiding van enige gebou of die uitvoering van enige werk, of enige verandering of wysiging van die doel waarvoor enige gebou, grond of werke gebruik word, onderneem of toelaat as dit nie aan die bepalings van die goedgekeurde skema sal voldoen nie.

(2) Wanneer 'n skema geproklameer is, soos voornoem, besit die plaaslike owerheid, niteenstaande enige bepalings van enige ander wet, die mag om deur ooreenkoms of ont-eiening enige grond aan te skaf indien hy oortuig is dat die aanskaffing van sodanige grond nodig is vir of in verband staan met die behoorlike uitvoer van gemelde skema.

Ander Ordonnansies of regulasies in stryd met goedgekeurde skema.

43. Die bepalings van hierdie Hoofstuk of van 'n goedgekeurde skema geniet ⁵⁹onderworpe aan die bepalings van subartikel (3) van artikel vyf-en-dertig voorrang bo die vereistes van enige ander Ordonnansie of regulasies daaronder opgestel wat in stryd mag wees met sodanige bepalings.

Versuim om skema op te stel of bepalings van 'n goedgekeurde skema toe te pas.

44. (1) Indien 'n plaaslike owerheid in die Eerste Bylae genoem, of 'n plaaslike owerheid waarop die bepalings van hierdie Hoofstuk van toepassing gemaak is ooreenkomstig artikel dertig, versuim om binne die bepaalde tyd of die verlenging toegestaan kragtens artikel nege-en-twintig of een-en-dertig 'n skema op te stel of versuim om tot bevrediging van die Administrateur die bepalings van 'n goedgekeurde skema wat in sy gebied van krag is, toe te pas, kan die Administrateur by proklamasie in die *Provinsiale Koerant* almal of enige van die magte aan die plaaslike owerheid kragtens Hoofstuk 3 en hierdie Hoofstuk verleen, intrek.

(2) Op aansoek van die plaaslike owerheid kan die Administrateur daarna so 'n proklamasie herroep.

Goedgekeurde skema kan gewysig of uitgebrei word met goedkeuring van Administrateur.

45. (1) Enige plaaslike owerheid kan van tyd tot tyd uit sy eie beweging en moet, indien verlang deur die Administrateur, enige van die bepalings van sy goedgekeurde skema uitbrei of sy skema vergroot indien dit klaarblyklik ontoereikend is, of kan op aansoek by die Administrateur die skema in besonderhede wysig of verander, of kan die goedgekeurde skema deur 'n nuwe skema vervang.

(2) Die bepalings van hierdie Hoofstuk geld *mutatis mutandis* vir enige verandering van of toevoeging tot 'n skema en vir elke nuwe skema wat in die plek van 'n goedgekeurde skema gestel word.

Plig van eienaar van grond wat onder die skema val.

46. Wanneer 'n skema ook al deur die Administrateur goedgekeur is, kan die plaaslike owerheid deur middel van skriftelike kennisgewing van die eienaars van die grond wat onder die skema val, verlang:—

- (a) om sulke stappe te doen as wat nodig is vir die verandering van die oorspronklike aanleg of onderverdeling van die grond ten einde dit in ooreenstemming te bring met die skema;
- (b) om enige nodige veranderings behoorlik te laat aanteken op die planne en kaarte op die kantoor van die Landmeter-generaal en op die Registrasiekantoor van Aktes; en

⁵⁷ Voorbehoudsbepaling vervang by a.8/O 10/58.

⁵⁸ (1) vervang by a.4/O 9/50.

⁵⁹ Gewysig by a.11/O 16/53.

⁶⁰ Insake wettiging van wysigings aan en afwykings van skemas, sien a.16/O 16/53. Insake inlywing van Kaapstadse Strandgebiedsplan in skema van Kaapstadse Munisipaliteit, sien a.18/O 16/53.

(c) effect any transfers which may be rendered necessary by the scheme.

Any expense incurred by an owner aforesaid under the provisions of this section shall be borne by the local authority.

Surveyor-General and Registrar not to approve of certain subdivisions.

47. (1) After the receipt of a copy of an approved scheme as provided for in section *forty-one* the Surveyor-General shall not approve a general plan or diagram of any subdivision which is not in conformity with the approved scheme.

(2) Similarly the Registrar of Deeds shall not register any deed in reference to any property which comes within the area of a scheme unless the deed is accompanied by a certificate from the local authority that the land is affected or not affected by the scheme. If affected by the scheme the deed shall contain the provisions affecting the property.

Persons injuriously affected entitled to claim compensation.

48. (1) Any person having an interest in any land taken for the purpose of a scheme or in any land injuriously affected by the coming into operation of any provision contained in a scheme or by the execution of any work under a scheme shall, subject to the provisions of section *forty-nine*, be entitled to claim compensation from the local authority for all loss or damage thereby sustained by him, provided that the application for compensation be made to the local authority within six months from the date of the proclamation in the *Provincial Gazette* approving of the scheme.

(2) Any person who for the purpose of complying with any provision contained in a scheme or in making or resisting a claim under the provisions of this Ordinance relating to compensation or betterment has incurred expenditure which is rendered abortive by a subsequent variation or revocation of a scheme shall be entitled to claim from the local authority in so far as it was reasonably incurred the amount of the abortive expenditure, provided that the application for compensation be made to the local authority within six months from the date of the notification of such variation required in terms of sub-section (2) of section *forty-five*.

Compensation not payable in certain cases.

49. (1) No compensation shall be payable under sub-section (1) of section *forty-eight* in respect of any loss or damage resulting from the coming into operation of any provision of the scheme which—

- (a) prescribes the space about buildings; or
- (b) limits the number of buildings; or
- (c) regulates, or empowers the local authority to regulate the size, height, design or external appearance of buildings; or
- (d) prohibits or restricts building operations permanently on the ground that, by reason of the situation or nature of the land, the erection of buildings thereon would be likely to involve danger or injury to health or excessive expenditure of public money in the provision of roads, sewers, water supply or other public services; or
- (e) prohibits (otherwise than by way of prohibition of building operations) the use of land for a purpose likely to involve danger or injury to health, or serious detriment to the neighbourhood, or restricts (otherwise than by way of restriction of building operations) the use of the land so far as may be necessary for preventing such danger, injury or detriment; or
- (f) restricts the manner in which buildings may be used; or
- (g) in the interests of safety regulates or empowers the local authority to regulate the height and position of proposed walls, fences or hedges near the corners or bends of roads; or
- (h) in the case of land which at no time within the period of five years immediately preceding the approval of the scheme was or formed part of the site of a building fixes in relation to any street or proposed street a line beyond which no building in that street or proposed street may project; or
- (j) in the case of the erection of any building intended to be used for the purposes of business or industry, requires the provision of accommodation for loading, unloading or fuelling vehicles with a view to preventing obstruction of traffic on any highway; or

(c) om enige transporte wat as gevolg van die skema nodig is, uit te maak.

Enige koste deur 'n eienaar, soos voornoem, ingevolge die bepalings van hierdie artikel beloop, moet deur die plaaslike owerheid gedek word.

Landmeter-generaal en Registrateur keur nie sekere onderverdelings goed nie.

47. (1) Na ontvangs van 'n kopie van 'n goedgekeurde skema soos bepaal in artikel *een-en-veertig*, keur die Landmeter-generaal nie 'n algemene plan of kaart van 'n onderverdeling wat nie in ooreenstemming is met die goedgekeurde skema, goed nie.

(2) Insgelyks registreer die Registrateur van Aktes nie enige akte wat betrekking het op 'n eiendom wat binne die gebied van 'n skema val nie, tensy die akte vergesel gaan van 'n sertifikaat van die plaaslike owerheid dat die grond deur die skema geaffekteer word of nie. As dit deur die skema geaffekteer word, moet die akte die bepalings wat betrekking het op die eiendom, bevat.

Persone benadeel, geregtig om skadevergoeding te eis.

48. (1) Enige persoon wat belang het by enige grond wat in beslag geneem is vir die doeleindes van 'n skema of by enige grond wat benadeel word deur die inwerkingtreding van enige bepaling vervat in 'n skema of deur die uitvoer van enige werk onder 'n skema is, onderhewig aan die bepalings van artikel *nege-en-veertig*, geregtig om skadevergoeding van die plaaslike owerheid op te eis vir al die verlies of skade deur hom daardeur gely, met die verstande dat die aansoek om skadevergoeding by die plaaslike owerheid gedoen word binne ses maande vanaf die datum van die proklamasie in die *Provinsiale Koerant* wat die skema goedkeur.

(2) Enige persoon wat, met die doel om enige bepaling vervat in 'n skema, na te kom of om 'n eis in te stel of te opponeer ingevolge die bepalings van hierdie Ordonnansie met betrekking tot skadevergoeding of verbetering, uitgawe beloop het wat deur 'n daaropvolgende verandering of hersiening van 'n skema nutteloos gemaak word, is geregtig om die bedrag van die nuttelose uitgawe van die plaaslike owerheid op te eis vir sover dit redelikerwys beloop is, mits die aansoek om skadevergoeding by die plaaslike owerheid gedoen word binne ses maande vanaf die datum van die bekendmaking van sodanige verandering vereis ooreenkomstig die bepalings van subartikel (2) van artikel *vyf-en-veertig*.

Skadevergoeding nie betaalbaar in sekere gevalle nie.

49. (1) Geen skadevergoeding is betaalbaar ingevolge subartikel (1) van artikel *ag-en-veertig* ten opsigte van enige verlies of skade veroorsaak deur die inwerkingtreding van enige bepaling van die skema nie, wat—

- (a) die ruimte rondom geboue vasstel; of
- (b) die aantal geboue beperk; of
- (c) die grootte, hoogte, ontwerp of uiterlike voorkoms van geboue reël of aan die plaaslike owerheid mag verleen om dit te reël; of
(9) In the event of the Administrator cancelling an infringement levy, the owner shall, within six months of the date of such cancellation, rectify the contravention or at his option demolish such building or portion thereof as was specified in the order, failing which the local authority shall take all such steps as may be necessary to rectify the contravention or to cause such building or such portion thereof to be demolished, and all amounts expended by the local authority in that connection, including any amount recovered from it by the Administrator under subsection (10), shall be recoverable by it from such owner.

(10) If, in the opinion of the Administrator, a local authority fails to perform its duties or exercise its powers satisfactorily under subsection (9), he may, after notice to such local authority, perform such duties and exercise such powers, and any amount expended by him in that connection shall be recoverable by him from such local authority.

(11) The owner of a building or portion thereof on the date when the order is served and any person who thereafter becomes the owner thereof shall be jointly and severally liable for the payment of the infringement levy.

(12) If an owner satisfies the Administrator that the contravention in respect of which the order was served has ceased to exist, he shall by notice served on such owner, rescind, with effect from a date to be fixed by him, the order and any infringement levy which has been

Administrateur, na kennisgewing aan sodanige plaaslike owerheid, die bevoegdhede uitoefen en die pligte uitvoer wat ingevolge gemelde subartikel aan sodanige plaaslike owerheid verleen en opgedra is, en is enige bedrag wat deur hom in dié verband bestee word, deur hom op so 'n plaaslike owerheid verhaalbaar.

(3) 'n Sertifikaat waarin die bestaan beweer en die aard en omvang vermeld word van die oortreding waarop die lasgewing in subartikel (1) genoem, betrekking het, moet tesame met die lasgewing aan die eenaar bestel word. Sodanige sertifikaat moet uitgereik word deur—

(a) die stadsklerk of sekretaris van die plaaslike owerheid, waar die lasgewing deur die plaaslike owerheid uitgereik word, of

(b) die Provinsiale Sekretaris, waar die lasgewing deur die Administrateur uitgereik word, en sodanige sertifikaat is *prima facie* bewys van sodanige bestaan, aard en omvang.

(4) (a) As die eenaar die juistheid van die sertifikaat in subartikel (3) genoem, betwis, moet hy, binne een maand van die bestelling daarvan, by die Administrateur 'n skriftelike verklaring indien waarin die gronde en redes uiteengesit word waarop hy sodanige juistheid betwis. Sodanige geskil moet ooreenkomstig die bepalings van die Wet op Arbitrasie, 1965 (Wet no. 42 van 1965) na arbitrasie verwys word.

(b) By ontvangs van die verklaring in paragraaf (a) genoem, stel die Administrateur 'n arbiter of arbiters aan om oor sodanige geskil te beslis.

(c) Enige toekenning gemaak ten gevolge van die arbitrasie in paragraaf (a) genoem, kan 'n datum vasstel, wat nie later mag wees nie as drie maande na die datum waarop sodanige toekenning gemaak word, waarvóór of waarop die eenaar aan die lasgewing moet voldoen, en daarna word sodanige datum vir die toepassing van die hieropvolgende bepalings van hierdie artikel geag die datum te wees wat in die lasgewing bepaal is.

(5) Enige bedrag wat ingevolge subartikel (1) deur 'n plaaslike owerheid bestee word en enige bedrag wat ingevolge subartikel (2) deur die Administrateur op hom verhaal word, is deur sodanige plaaslike owerheid op die eenaar verhaalbaar.

(6) Die Administrateur kan nakoming van die bepalings van die lasgewing opskort op voorwaarde dat en solank die eenaar aan die plaaslike owerheid 'n oortredingsheffing betaal van 'n bedrag wat deur die Administrateur bepaal en in 'n kennisgewing deur hom aan sodanige eenaar bestel, uiteengesit word.

(7) Enige oortredingsheffing word periodiek by tussenpose al na die Administrateur bepaal, verskuldig en betaalbaar, en kan betaalbaar gemaak word met terugwerkende krag tot die datum waarop die oprigting van die betrokke gebou of gedeelte daarvan 'n aanvang geneem het.

(8) Die Administrateur kan, wanneer hy dit ook al nodig ag, òf onvoorwaardelik òf onderworpe aan enige voorwaardes wat hy bepaal, deur middel van 'n kennisgewing wat aan die eenaar bestel word—

(a) die bedrag van die oortredingsheffing of die tussenpose waarby dit betaal moet word, wysig; of

(b) betaling van sodanige oortredingsheffing uitstel vir die tydperk wat hy bepaal, of

(c) sodanige oortredingsheffing intrek.

(9) Ingeval die Administrateur 'n oortredingsheffing intrek, moet die eenaar, binne ses maande vanaf die datum van sodanige intrekking, die oortreding reg stel of, na sy keuse, sodanige gebou of gedeelte daarvan wat in die lasgewing bepaal is, sloop, en indien hy in gebreke bly, moet die plaaslike owerheid alle stappe doen wat nodig is om die oortreding reg te stel of om sodanige gebou of sodanige gedeelte daarvan te laat sloop, en is alle bedrae wat deur die plaaslike owerheid in dié verband bestee word, insluitende enige bedrag wat ingevolge subartikel (10) deur die Administrateur op hom verhaal word, deur hom op sodanige eenaar verhaalbaar.

(10) Indien 'n plaaslike owerheid na die mening van die Administrateur in gebreke bly om sy pligte of bevoegdhede ingevolge subartikel (9) bevredigend uit te voer of uit te oefen, kan die Administrateur na kennisgewing aan sodanige plaaslike owerheid, sodanige pligte uitvoer en sodanige bevoegdhede uitoefen, en is enige bedrag wat deur hom in dié verband bestee word, deur hom op sodanige plaaslike owerheid verhaalbaar.

(11) Die eenaar van 'n gebou of gedeelte daarvan op die datum waarop die lasgewing bestel word en enige persoon wat daarna die eenaar daarvan word, is gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik vir die betaling van die oortredingsheffing.

(12) As 'n eenaar die Administrateur oortuig dat die oortreding ten opsigte waarvan die lasgewing bestel is, nie langer bestaan nie, herroep hy, deur middel van 'n kennisgewing aan sodanige eenaar bestel, met ingang van 'n datum wat deur hom vasgestel word, die lasgewing

[DIENS NO. 6—1968.]

determined in that connection; provided that such rescission shall not relieve any person from liability to pay any infringement levy still due and payable in respect of any period prior to such date.

(13) For the purposes of this section—

- (a) “building”, “erect” and “erection” have the meanings assigned thereto by section 1 of the Divisional Councils Ordinance, 1952 (Ordinance No. 15 of 1952); and
- (b) the provisions of section 260 of the Municipal Ordinance, 1951 (Ordinance No. 19 of 1951), shall *mutatis mutandis* apply to the service of any notice, certificate or the order; and
- (c) “owner” in relation to a building or portion thereof means—
 - (i) the person from time to time registered in a Deeds Registry as the owner of the land on which the building or portion thereof has been erected, or
 - (ii) the lessee from time to time of State-owned land on which the building or portion thereof has been erected,
 and includes—
 - (aa) the liquidator or judicial manager of an owner which is a company incorporated or registered as such under any law and which is under liquidation or judicial management;
 - (bb) the trustee or assignee of the estate of an owner which has been sequestrated or assigned;
 - (cc) the executor or administrator of the estate of a deceased owner;
 - (dd) the legal representative of an owner who is under any other legal disability, and
 - (ee) the authorised representative in the Republic of an owner who is absent from the Republic or whose whereabouts are unknown.

Right of entry.

⁷⁷61 *ter.* (1) A local authority shall through its members, employees or contractors, together with any assistants and advisers that may be necessary, have access to or over any property by the shortest and most practicable route reasonable in the circumstances, for the purpose of—

- (a) doing anything authorised or required to be done by such local authority under this ordinance, or
- (b) making any inquiry, investigation or survey in connection with the exercise of its powers or the performance of its duties under this ordinance.

(2) The Administrator and the Provincial Secretary, and any person authorised thereto in writing by the Administrator or the Provincial Secretary, shall have access to or over any property by the shortest and most practicable route reasonable in the circumstances, for the purpose of—

- (a) doing anything authorised or required to be done under this ordinance by the Administrator or the Provincial Secretary, as the case may be, or
- (b) making any inquiry, investigation or survey in connection with the exercise of his power or the performance of his duties under this ordinance by the Administrator or the Provincial Secretary, as the case may be.

(3) Any person who threatens, resists, hinders or obstructs, or uses foul, abusive or insulting language towards or at, any person referred to in sub-section (1) or sub-section (2) in the exercise of his powers under this section, shall be guilty of an offence.

Administrator may impose conditions.

⁷⁸61 *quater.* When the Administrator in terms of this Ordinance grants approval, authority or exemption or upholds an appeal, he may do so subject to such conditions as he may deem fit and as may lawfully be complied with.

Offences and penalties.

⁷⁹62. (1) Any person who contravenes or fails to comply with—

- (a) any provision of this ordinance or any regulation in force thereunder;
- (b) any condition imposed in terms of this ordinance or the Townships Ordinance, 1927 (Ordinance No. 13 of 1927), by the Administrator in respect of a township, subdivided

⁷⁷ Section inserted by s.14/O 16/53.

⁷⁸ Section inserted by s.5/O 17/54.

⁷⁹ [62] substituted by s.5/O 12/62 and s.4/O 28/68.

en enige oortredingsheffing wat in dié verband bepaal is; met dien verstande dat sodanige herroeping nie 'n persoon vrystel van aanspreeklikheid om enige oortredingsheffing te betaal wat nog ten opsigte van enige tydperk voor sodanige datum verskuldig en betaalbaar is nie.

(13) Vir die toepassing van hierdie artikel—

- (a) het „gebou”, „oprig” en „oprigting” die betekenis wat by artikel 1 van die Ordonnansie op Afdelingsrade, 1952 (Ordonnansie no. 15 van 1952), daaraan geheg word; en
- (b) is die bepalings van artikel 260 van die Munisipale Ordonnansie, 1951 (Ordonnansie no. 19 van 1951), *mutatis mutandis* van toepassing op die diening of bestelling van enige kennisgewing, sertifikaat of die lasgewing; en
- (c) beteken „eienaar” met betrekking tot 'n gebou of gedeelte daarvan—
 - (i) die persoon wat van tyd tot tyd in 'n Registrasiekantoor van Aktes geregistreer is as die eienaar van die grond waarop die gebou of gedeelte daarvan opgerig is, of
 - (ii) die huurder van tyd tot tyd van Staatsgrond waarop die gebou of gedeelte daarvan opgerig is, en omvat dit—
 - (aa) die likwidateur of geregtelike bestuurder van 'n eienaar wat 'n maatskappy is wat kragtens enige wet as sodanig geïnkorporeer of geregistreer is en wat in likwidasie of onder geregtelike bestuur is;
 - (bb) die trustee of beredderaar van die boedel van 'n eienaar wat gesekwestreer of afgestaan is;
 - (cc) die eksekuteur of administrateur van die boedel van 'n oorlede eienaar;
 - (dd) die regsverteenwoordiger van 'n eienaar wie se handelingsbevoegdheid op enige ander wyse beperk is, en
 - (ee) die gemagtigde verteenwoordiger in die Republiek van 'n eienaar wat uit die Republiek afwesig is of wie se verblyf onbekend is.

Reg van toegang.

⁷⁹61*ter*. (1) 'n Plaaslike owerheid het deur middel van sy lede, werknemers of aannemers, tesame met enige assistente en raadgevers wat nodig is, toegang tot of oor enige eiendom langs die kortste en doenlikste roete wat in die omstandighede redelik is, ten einde—

- (a) enigiets te doen wat so 'n plaaslike owerheid kragtens hierdie ordonnansie gemagtig of verplig word om te doen, of
- (b) navraag, ondersoek of opmetings te doen in verband met die uitoefening van sy bevoegdhede of die uitvoering van sy pligte ingevolge hierdie ordonnansie.

(2) Die Administrateur en die Provinsiale Sekretaris, en enigiemand wat deur die Administrateur of die Provinsiale Sekretaris skriftelik daartoe gemagtig word, het toegang tot of oor enige eiendom langs die kortste en doenlikste roete wat in die omstandighede redelik is, ten einde—

- (a) enigiets te doen wat die Administrateur of die Provinsiale Sekretaris, na gelang van die geval, kragtens hierdie ordonnansie gemagtig of verplig word om te doen, of
- (b) navraag, ondersoek of opmetings te doen in verband met die uitoefening van sy bevoegdhede en die uitvoering van sy pligte kragtens hierdie ordonnansie deur die Administrateur of die Provinsiale Sekretaris, na gelang van die geval.

(3) Iedereen wat iemand genoem in subartikel (1) of subartikel (2) by die uitoefening van sy bevoegdhede ingevolge hierdie artikel, dreig, weerstaan, hinder of belemmer, of vuil, beledigende of lasterlike taal teenoor of teen hom besig, is skuldig aan 'n misdryf.

Administrateur kan voorwaardes stel.

⁸⁰61 *quater*. Wanneer die Administrateur kragtens hierdie ordonnansie goedkeuring, magtiging of vrystelling verleen of 'n appèl handhaaf, kan hy dit doen onderworpe aan die voorwaardes wat hy goed dink en wat wettig nagekom kan word.

Misdrywe en strawwe.

⁸¹62. (1) Iedereen wat—

- (a) enige bepaling van hierdie ordonnansie of 'n regulasie wat daarkragtens van krag is;
- (b) enige voorwaarde ingevolge hierdie ordonnansie of die Ordonnansie op Dorpe, 1927 (Ordonnansie no. 13 van 1927), deur die Administrateur gestel ten opsigte van 'n dorp,

⁷⁹ Artikel ingevoeg by a.14/O 16/53.

⁸⁰ Artikel ingevoeg by a.5/O 17/54.

⁸¹ [62] vervang by a.5/O 12/62 en a.4/O 28/68.

estate, minor subdivision or any land comprised therein or in respect of any approval or appeal under section 57;

- (c) any provision of an approved town planning scheme;
- (d) any provision of a town planning scheme in the course of preparation or awaiting approval in so far as it applies to—
 - (i) the use of any land, or
 - (ii) any building or structure or portion of a building or structure, used or erected after the first day of June, 1950, or the date on which the provisions of Chapter 4 became applicable to the local authority, whichever is the later date, or to any portion of such land or of the site of such building or structure, except in so far as a departure therefrom has been authorised or validated by or under any law;
- (e) any order issued and served in terms of section 61 *bis* unless and for so long as compliance with such order has been suspended in terms of subsection (6) of that section,

shall be guilty of an offence and shall on conviction be liable to a fine not exceeding five thousand rands or to imprisonment for a period not exceeding ten years or to both such fine and such imprisonment, and in addition in the case of a continuing offence to a fine not exceeding fifty rands or to imprisonment for a period not exceeding fifty days or to both such fine and such imprisonment for each day on which such offence is continued after written notice to discontinue such offence has been given by the local authority or by the Administrator, as the case may be, to the person committing such offence; provided that no person shall be liable to any penalty for a continuing offence in respect of any contravention while an infringement levy is being paid in connection therewith in accordance with the provisions of section 61 *bis* (7) or has been deferred in terms of section 61 *bis* (8) (b).

(2) Any person who, after the commencement of the Townships Amendment Ordinance, 1968, is convicted of an offence under the provisions of this section as it existed from time to time during the period from the first day of June, 1950, to the day immediately prior to the date of commencement of the Townships Amendment Ordinance, 1968, shall be liable to the penalties provided for in subsection (1).

(3) It shall be the duty of every employee of the local authority to report to such local authority or to any employee thereof who has been specially appointed by such local authority for the purpose of receiving such report (hereinafter referred to as the appointed employee), any act or omission which comes to his notice in the course of his official duties and which *prima facie* constitutes an offence under subsection (1). If any act or omission is not rectified within six months of its being reported as hereinbefore provided, the local authority or the appointed employee, as the case may be, shall inform the Provincial Secretary thereof.

Repeal of laws.

63. The Townships Ordinance, 1927 (Ordinance No. 13 of 1927), with the exception of sections *thirty-five* and *thirty-six* thereof, and the Townships Ordinance, 1928 (Ordinance No. 24 of 1928) are hereby repealed; provided that any matter under the said Ordinances pending and uncompleted at the commencement of this Ordinance shall be completed in terms of the said Ordinances.

Short title and commencement.

64. This Ordinance may be cited as the Townships Ordinance, 1934, and shall commence and come into operation on a date to be fixed by the Administrator by proclamation in the *Provincial Gazette*.⁸⁰

First Schedule.

LOCAL AUTHORITIES TO WHICH THE PROVISIONS OF CHAPTER 3 AND 4 ARE APPLIED:

Municipality of the City of Cape Town.

Municipality of the City of Port Elizabeth.

Municipality of the City of East London.

⁸⁰ 1st January, 1935 (Proc. 189 — 7.12.34).

onderverdeelde landgoed, klein onderverdeling of enige grond daarin bevat of ten opsigte van enige goedkeuring of beroep kragtens artikel 57;

- (c) enige bepaling van 'n goedgekeurde dorpsaanlegskema;
- (d) enige bepaling van 'n dorpsaanlegskema wat opgestel word of op goedkeuring wag, vir sover dit van toepassing is op—
 - (i) die gebruik van enige grond, of
 - (ii) 'n gebou of struktuur of gedeelte van 'n gebou of struktuur, wat gebruik of opgerig is na die eerste dag van Junie 1950 of die datum waarop die bepalings van hoofstuk 4 op die plaaslike owerheid van toepassing geword het, watter ook al die laaste datum is, of op enige gedeelte van sodanige grond of van die terrein van sodanige gebou of struktuur, behalwe vir sover 'n afwyking daarvan by of kragtens enige wet gemagtig of gewettig is;
- (e) enige lasgewing uitgereik en bestel ingevolge artikel 61 *bis* tensy en solank nakoming van sodanige lasgewing ingevolge subartikel (6) van dié artikel opgeskort is,

oortree of versuim om daaraan te voldoen, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vyfduisend rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens tien jaar of met sowel sodanige boete as sodanige gevangenisstraf, en daarbenewens in die geval van 'n voortdurende misdryf met 'n boete van hoogstens vyftig rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens vyftig dae of met sowel sodanige boete as sodanige gevangenisstraf vir elke dag waarop sodanige misdryf voortduur nadat skriftelik kennis om sodanige misdryf te staak deur die plaaslike owerheid of deur die Administrateur, na gelang van die geval, gegee is aan die persoon wat sodanige misdryf pleeg; met dien verstande dat niemand aanspreeklik is vir enige boete vir 'n voortdurende misdryf ten opsigte van enige oortreding terwyl 'n oortredingsheffing ooreenkomstig die bepalings van artikel 61 *bis* (7) in verband daarmee betaal word of ingevolge artikel 61 *bis* (8) (b) uitgestel is nie.

(2) Iedereen wat na die inwerkingtreding van die Wysigingsordonnansie op Dorpe, 1968, skuldig bevind word aan 'n misdryf kragtens die bepalings van hierdie artikel soos dit van tyd tot tyd gedurende die tydperk vanaf die eerste dag van Junie 1950 tot die dag onmiddellik voor die datum van inwerkingtreding van die Wysigingsordonnansie op Dorpe, 1968, bestaan het, is strafbaar met die strawwe waarvoor in subartikel (1) voorsiening gemaak word.

(3) Dit is die plig van elke werknemer van die plaaslike owerheid om verslag te doen aan sodanige plaaslike owerheid of aan enige werknemer daarvan wat spesiaal deur sodanige plaaslike owerheid aangestel is om sodanige verslag te ontvang (hierna die aangestelde werknemer genoem) oor enige handeling of versuim wat in die loop van sy amptelike pligte onder sy aandag kom en wat *prima facie* 'n misdryf kragtens subartikel (1) uitmaak. Indien enige handeling of versuim nie herstel word binne ses maande nadat daarvoor verslag gedoen is soos hierbo bepaal nie, moet die plaaslike owerheid of die aangestelde werknemer, na gelang van die geval, die Provinsiale Sekretaris daarvan in kennis stel.

Herroeping van wette.

63. Die Ordonnansie op Dorpe, 1927 (Ordonnansie No. 13 van 1927) met die uitsondering van artikels *vyf-en-dertig* en *ses-en-dertig* daarvan, en die Ordonnansie op Dorpe, 1928 (Ordonnansie No. 24 van 1928) word hiermee herroep; met die verstande dat enige saak ingevolge gemelde Ordonnansies wat hangende en nie afgehandel is by die inwerkingtreding van hierdie Ordonnansie nie, afgehandel moet word ooreenkomstig gemelde Ordonnansies.

Kort titel en inwerkingtreding.

64. Hierdie Ordonnansie kan aangehaal word as die Ordonnansie op Dorpe, 1934, en neem 'n aanvang en tree in werking op 'n datum wat deur die Administrateur by proklamasie in die *Provinsiale Koerant*⁸² vasgestel moet word.

Eerste Bylae.

PLAASLIKE OWERHEDE WAAROP DIE BEPALINGS VAN HOOFSTUKKE 3 EN 4 VAN TOEPASSING IS:

- Munisipaliteit van die Stad Kaapstad.
- Munisipaliteit van die Stad Port Elizabeth.
- Munisipaliteit van die Stad Oos-Londen.

⁸² 1 Januarie 1935 (Prok. 189 — 7.12.34).

Second Schedule.**MATTERS TO BE CONSIDERED IN THE PREPARATION OF THE SCHEME.**

1. Roads and streets, with particular regard to:
 - (a) Their provision, grades, location, changes of direction, deviation, width and connection with other roads and streets within or adjacent to the area of the town-planning scheme, and the closing of existing roads or streets or portions thereof.
 - (b) Nature and volume of the traffic which will have to be carried.
 - (c) Whether they are likely to be used as, or become, principal or main through-traffic roads, secondary-traffic roads or as purely access roads to residences and erven. Also whilst serving as main or secondary roads, whether they may not be of such a total width as to permit of some portion of such width being used for ornamental purposes.
 - (d) The securing of improved facilities for municipal or other public purposes.
 - (e) The preservation of existing trees, shrubs, plantations and works or things calculated to maintain the amenity of an area or district and the roads and streets therein.
 - (f) The desirability of providing street or road frontage beside any river, watercourse, vlei, lake or pan within the area.
 - (g) The provision of "ring" roads so as to permit of through traffic avoiding central business areas.
2. The reservation of land for afforestation purposes, recreation grounds, parks and other open spaces, including playing grounds for children.
3. The reservation of ground for aerodromes, parking places for motor cars and other such public utility services.
4. The preservation of places of natural beauty and of local or national historical interest.
5. The reservation of areas to be used solely for agricultural purposes.
6. The reservation of sufficient land or sites for national, provincial or local government purposes and other public requirements.
7. The providing of sites for occupation as native locations, and the adequate provisions of and for use or occupation by persons other than Europeans.
8. The provision of proper drainage of subsoil and surface water, the provision of sewerage and provision for the ultimate disposal of surface and subsoil water and sewage.
9. The zoning of areas to be used wholly or mainly for residential, business, industrial, noxious or objectionable trade and other specific purposes.
10. The size and shape of erven, having regard to their prospective uses and the desirability or practicability of altering the size or shape of existing unbuilt-on erven so as to effect improvement in the lay-out of any particular area.
11. The regulation of buildings, having regard to:
 - (a) Number which may be built on any one erf.
 - (b) The proportionate area of any erf which may be built on.
 - (c) The open space to be provided about buildings.
 - (d) The location or position of buildings on an erf relative to the street and boundary lines and to other buildings.
 - (e) Their height, character and materials of construction.
 - (f) Their use as single occupation houses, flats, apartment houses, business premises, warehouses or for other purposes.
 - (g) Minimum cost of buildings within prescribed areas. The zoning of areas with regard to any or all of the matters mentioned in this clause.
12. Systems of water supply, including the reservation, where necessary, of sites for service reservoirs, pumping stations and other water supply requirements, public lighting, power supply and public transportation.

[SERVICE No. 6—1968.]

Tweede Bylae.

SAKE WAT IN OORWEGING GENEEM MOET WORD BY DIE OPSTEL VAN DIE SKEMA.

1. Paaie en strate, met spesiale inagneming van:—
 - (a) Die voorsiening daarvan, hellings, ligging, verandering van rigting, verlegging, wydte en aansluiting daarvan met ander paaie en strate binne of langs die gebied van die dorpsaanlegskema en die sluiting van bestaande paaie of strate of gedeeltes daarvan.
 - (b) Die aard en omvang van die verkeer wat daarvoor sal gaan.
 - (c) Of hulle moontlik gebruik sal word as hoofpaaie vir deurgaande verkeer, of as verkeerspaaie van minder belang of eenvoudig as toegangspaaie na wonings en erwe of dit sal word. Ook terwyl hulle dien as hoof- of hulppaaie, of hulle nie van so 'n totale wydte mag wees om dit moontlik te maak dat 'n gedeelte van sodanige wydte gebruik word vir versieringsdoeleindes nie.
 - (d) Die daarstelling van beter fasiliteite vir munisipale of ander openbare doeleindes.
 - (e) Die beskerming van bestaande bome, struikgewasse, plantasies en werke of dinge wat bereken is om die aantreklikheid van 'n gebied of distrik en die paaie en strate daarin te bewaar.
 - (f) Die wenslikheid om langs enige rivier, waterloop, vlei, meer of pan binne die gebied voorsiening te maak vir straat- of padfronte.
 - (g) Die voorsiening van "kring"-paaie om sodoende deurgaande verkeer in staat te stel om sentrale besigheidsdele te vermy.
2. Die onthou van grond vir bosaanplanting, ontspanningsgronde, parke en ander ope ruimtes, met insluiting van speelgronde vir kinders.
3. Die uithouding van grond vir lughawens, staanplekke vir motorkarre en ander openbare utiliteitsdienste van soortgelyke aard.
4. Die beskerming van plekke met pragtige natuurskoon en van plaaslike of geskiedkundige volksbelang.
5. Die uithou van gebiede wat slegs vir landboudoeleindes gebruik sal word.
6. Die uithou van voldoende grond of persele vir die doeleindes van die volks-, provinsiale of plaaslike regerings en ander openbare behoeftes.
7. Die voorsiening van terreine vir gebruik as naturellekasies en die genoegsame voorsiening van grond vir gebruik of bewoning deur ander persone as blankes.
8. Die voorsiening van die behoorlike dreinerings van water onder en bo die grond, die voorsiening van riolerings en vir die wegdoen van water bo en onder die grond, asook rioolvullis.
9. Die verdeling van gebiede in wyke om uitsluitlik of hoofsaaklik gebruik te word vir die doeleindes van bewoning, besighede, nywerhede, skadelike of aanstootlike handelondernemings en ander spesifieke doeleindes.
10. Die grootte en vorm van erwe, met inagneming van die doeleindes waarvoor hulle in die toekoms gebruik sal word en die wenslikheid of uitvoerbaarheid om die grootte of vorm van bestaande onbeboude erwe te verander om sodoende 'n verbetering aan te bring in die aanleg van enige besondere gebied.
11. Die reëling van geboue, met inagneming van:
 - (a) Die aantal wat op enige afsonderlike erf gebou mag word.
 - (b) Die proporsionele grootte van 'n erf waarop gebou mag word.
 - (c) Die ope ruimte wat rondom geboue voorsien moet word.
 - (d) Die plek of ligging van geboue op 'n erf in verhouding tot die straat en grenslyne en tot ander geboue.
 - (e) Die hoogte, aard en boumateriale daarvan.
 - (f) Die gebruik daarvan as afsonderlike woonhuise, flats, huurkamerwoningen, besigheidspersele, handelshuise of vir ander doeleindes.
 - (g) Minimumkoste van geboue binne voorgeskrewe gebiede. Die verdeling van gebiede in wyke met betrekking tot enige of al die sake in hierdie klousule genoem.
12. Watertoevoerstelsels, insluitende die uithou, waar nodig, van terreine vir reservoars, pompstasies en ander watertoevoerbenodigdhede, openbare verligting, lewering van krag en vervoerdienste aan die publiek.

No. 17, 1973

Goedgekeur op 3 Augustus 1973
Engelse teks deur die Staatspresident geteken

Afgekondig op 17 Augustus 1973

ORDONNANSIE

Tot wysiging van die Ordonnansie op Dorpe, 1934, in artikel 20, om die Registra-
teur van Aktes te onthef van die plig om 'n dorpsregister te open en met betrekking
tot die uitreiking van sertifikate van geregistreerde titel en die transport van erwe
in 'n dorp of onderverdeelde landgoed; in artikels 24, 25 en 26, om gevolglike
wysigings insake dorpsregisters aan te bring; deur die vervanging van artikel 35 *ter*,
om voorsiening te maak vir die betaling van 'n verhogingsheffing deur of ver-
goeding aan eienaars van grond waarvan die waarde vermeerder of verminder
word ten gevolge van enige bepaling voorgeskryf ingevolge artikel 35 *bis* en vir
die vasstelling van die bedrag van sodanige heffing of vergoeding by ooreenkoms
of arbitrasie; deur die invoeging van 'n nuwe artikel 35 *quat*, om die Administra-
teur in staat te stel om, sonder dat sekere statutêre vereistes nagekom is, bepalings
voor te skryf vir 'n dorpsaanlegskema om te verseker dat sodanige skema in beide
amptelike tale sal wees of om verwysings in sodanige skema na gewigte en mate
tot die metrieke stelsel om te reken; om gevolglike wysigings aan te bring, insake
die uitreiking van 'n sertifikaat waarby die oordrag van onroerende goed gemagtig
word, in die Dorpsbesturen Ordonnantie, 1921, die Plaatselike Besturen Ordon-
nantie, 1921, die Munisipale Ordonnansie, 1951, en die Ordonnansie op Afdelings-
rade, 1952, en om voorsiening te maak vir sake wat daarmee in verband staan.

DIT WORD VERORDEN deur die Provinsiale Raad van die Provinsie die
Kaap die Goeie Hoop as volg:—

Wysiging van artikel 20
van Ord. 33 van 1934.

1. Artikel 20 van die Ordonnansie op Dorpe, 1934 (hierna die hoofordonnansie
genoem), word hierby gewysig —

(a) deur subartikel (2) te skrap;

(b) deur subartikel (7) deur die volgende subartikel te vervang:—

“(7) Geen registrasie van die transport van 'n erf in 'n dorp of onderver-
deelde landgoed na die inwerkingtreding van hierdie Ordonnansie uitgelê, mag
geskied op die Registrasiekantoor van Aktes en geen sertifikaat van ge-
registreerde titel ten opsigte van enige sodanige erf mag uitgereik word nie,
tensy en totdat so 'n dorp of onderverdeelde landgoed ingevolge subartikel (6)
bekend gemaak is as 'n goedgekeurde dorp of onderverdeelde landgoed en
'n verwysing na die *Provinsiale Koerant* waarin sodanige dorp of onderver-
deelde landgoed aldus bekend gemaak word, op die algemene plan van soda-
nige dorp of onderverdeelde landgoed geëndosseer is.”, en

(c) deur na subartikel (7) die volgende nuwe subartikel in te voeg:—

“(7A) Geen erf in 'n dorp of onderverdeelde landgoed mag getransporteer
of andersins behandel word nie behalwe in ooreenstemming met die voor-
waardes waarop die aansoek om sodanige dorp te stig of om sodanige land-
goed te onderverdeel, deur die Administrateur toegestaan is.”.

Wysiging van artikel 24
van Ord. 33 van 1934.

2. Artikel 24 van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur subartikels (1) en
(2) deur die volgende subartikels te vervang:—

“(1) Die eiendomsreg op alle openbare plekke in 'n goedgekeurde dorp of
onderverdeelde landgoed berus, na bekendmaking in die *Provinsiale Koerant*
ooreenkomstig artikel 20 (6), by die Administrateur in trust vir enige sodanige
plaaslike owerheid as wat daarna vir so 'n dorp of onderverdeelde landgoed
ingestel mag word of by die plaaslike owerheid self indien so 'n plaaslike ower-

No. 17, 1973

Assented to 3 August 1973
English text signed by the State President

Promulgated 17 August 1973

ORDINANCE

To amend the Townships Ordinance, 1934, in section 20, to relieve the Registrar of Deeds of the duty to open a townships register and in relation to the issue of certificates of registered title and the transfer of erven in a township or subdivided estate; in sections 24, 25 and 26, to make consequential amendments relating to townships registers; by the substitution of section 35 *ter*, to provide for the payment of an enhancement levy by or compensation to owners of land of which the value is increased or decreased in consequence of any provision prescribed in terms of section 35 *bis* and for the determination of the amount of such levy or compensation by agreement or arbitration; by the insertion of a new section 35 *quat*, to enable the Administrator, without certain statutory requirements having been complied with, to prescribe provisions for a town planning scheme to ensure that such scheme will be in both official languages or to convert references in such scheme to weights and measures to the metric system; to make consequential amendments, relating to the issue of a certificate authorizing the transfer of immovable property, to the Village Management Boards Ordinance, 1921, the Local Boards Ordinance, 1921, the Municipal Ordinance, 1951, and the Divisional Councils Ordinance, 1952, and to provide for matters incidental thereto.

BE IT ORDAINED by the Provincial Council of the Province of the Cape of Good Hope as follows:—

1. Section 20 of the Townships Ordinance, 1934 (hereinafter referred to as the principal ordinance), is hereby amended —

Amendment of section
20 of Ord. 33 of 1934.

(a) by the deletion of subsection (2);

(b) by the substitution for subsection (7) of the following subsection:—

“(7) No registration of the transfer of any erf in a township or subdivided estate laid out after the commencement of this Ordinance shall be effected in the Deeds Registry and no certificate of registered title in respect of any such erf shall be issued unless and until such township or subdivided estate has, in terms of subsection (6), been notified as an approved township or subdivided estate and a reference to the *Provincial Gazette* in which such township or subdivided estate is so notified has been endorsed on the general plan of such township or subdivided estate.”, and

(c) by the insertion after subsection (7) of the following new subsection:—

“(7A) No erf in a township or subdivided estate shall be transferred or otherwise dealt with except in accordance with the conditions upon which the application to establish such township or to subdivide such estate was granted by the Administrator.”.

2. Section 24 of the principal ordinance is hereby amended by the substitution for subsections (1) and (2) of the following subsections:—

Amendment of section
24 of Ord. 33 of 1934.

“(1) The ownership of all public places in an approved township or subdivided estate shall, upon notification in the *Provincial Gazette* in terms of section 20 (6), vest in the Administrator in trust for any such local authority as may thereafter be constituted for such township or subdivided estate or in the local authority itself if such local authority is already in existence the owner being

heid reeds bestaan, en die eienaar is heeltal onteien van enige belang in sulke openbare plekke; met dien verstande dat ingeval die geregistreerde eienaar van die dorp of onderverdeelde landgoed verlang om transport te verleen van daardie deel daarvan wat in sy naam geregistreer bly, hy daardie openbare plekke wat in sy naam geregistreer is, mag insluit in die oordrag onderhewig aan die voorwaarde dat dit in die Administrateur in trust of in die reeds bestaande plaaslike owerheid, na gelang van die geval, gevestig bly. Die Registrateur moet 'n aantekening maak dat die openbare plekke wat op die algemene plan aangedui word, kragtens hierdie Ordonnansie aldus gevestig is. As 'n plaaslike owerheid later ingestel word, moet die Registrateur met die magtiging van die Administrateur, 'n dergelike aantekening maak dat die eiendomsreg ten opsigte van sodanige openbare plekke in die plaaslike owerheid gevestig is.

(2) As die algemene plan van 'n goedgekeurde dorp of onderverdeelde landgoed wettiglik verander word as gevolg van die sluiting van 'n openbare plek en die stigting van 'n nuwe openbare plek, val die eiendomsreg van die grond wat die gesluite openbare plek uitmaak, terug aan die persoon op wie se grond die dorp of onderverdeelde landgoed uitgelê was of aan sy opvolger in eiendomsreg en die eiendomsreg ten opsigte van die grond waaruit die nuwe openbare plek bestaan, is gevestig in die Administrateur of plaaslike owerheid, na gelang van omstandighede, vanaf die datum van die verandering van die algemene plan op dieselfde wyse asof dit op die oorspronklike plan van die dorp of onderverdeelde landgoed aangetoon was. Die Registrateur moet daarna die nodige endossemente maak op die eiendomsbewys van die grond en op die duplikaat daarvan wat op sy kantoor bewaar word."

Wysiging van artikel 25 van Ord. 33 van 1934.

3. Artikel 25 van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:—

"(1) As 'n algemene plan van 'n goedgekeurde dorp of onderverdeelde landgoed of van enige gedeelte daarvan wettiglik ingetrek word, val die eiendomsreg ten opsigte van die openbare plekke daarop aangedui terug aan die eienaar of sy opvolger in eiendomsreg, onderhewig aan enige terme, voorwaardes of uitsonderings gestel deur die Administrateur wat so 'n intrekking in die *Provinsiale Koerant* moet laat bekend maak. Die Registrateur moet daarna die nodige endossemente maak op die eiendomsbewys van die grond en op die duplikaat daarvan wat op sy kantoor bewaar word."

Wysiging van artikel 26 van Ord. 33 van 1934, soos vervang by artikel 2 van Ord. 18 van 1972.

4. (1) Artikel 26 (8) van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur paragraaf (iv) deur die volgende paragraaf te vervang:—

"(iv) die Registrateur enige endossemente op die betrokke transportaktes moet aanbring wat nodig is om aan sodanige algehele of gedeeltelike intrekking uitvoering te gee."

(2) Die bepalings van subartikel (1) tree in werking op die datum waarop artikel 12 van die Opmetingswysigingswet, 1972 (Wet 71 van 1972), in werking tree.

Vervanging van artikel 35 ter van Ord. 33 van 1934, soos vervang by artikel 1 van Ord. 13 van 1971 en gewysig by artikel 1 van Ord. 3 van 1972.

5. (1) Artikel 35 ter van die hoofordonnansie word hierby deur die volgende artikel vervang:—

35 ter. (1) Ten opsigte van elke bepaling wat na die inwerkingtreding van die Wysigingsordonnansie op Dorpe, 1969 (Ordonnansie 25 van 1969), deur die Administrateur ingevolge artikel 35 bis voorgeskryf word of is vir 'n plaaslike owerheid se skema wat opgestel word of op goedkeuring wag, is daar, behoudens die bepalings van subartikels (8), (9) en (10) —

(a) 'n verhogingsheffing aan sodanige plaaslike owerheid verskuldig deur die eienaar van enige grond waarvan die waarde vermeerder word of is ten gevolge daarvan dat sodanige bepaling aldus voorgeskryf word of is, en

(b) vergoeding deur sodanige plaaslike owerheid verskuldig aan die eienaar van enige grond waarvan die waarde verminder word of is ten gevolge daarvan dat sodanige bepaling aldus voorgeskryf word of is.

(2) 'n Verhogingsheffing by subartikel (1) (a) beoog, is 'n bedrag gelyk aan vyftig persent van die geraamde verskil.

(3) Die vergoeding by subartikel (1) (b) beoog, is 'n bedrag gelyk aan die hele geraamde verskil.

"Verhogingsheffing en vergoeding.

entirely dispossessed of any interest in such public places; provided that in the event of the registered owner of the township or subdivided estate wishing to transfer away that portion thereof which remains registered in his name, he may include in the transfer those public places which are registered in his name subject to the vestment thereof remaining in the Administrator in trust or in the local authority already in existence, as the case may be. The Registrar shall record that the public places as shown on the general plan are in terms of this Ordinance so vested. If a local authority be later constituted the Registrar shall on the authority of the Administrator similarly record that the ownership of such public places vests in it.

(2) If the general plan of an approved township or subdivided estate is lawfully altered in consequence of the closing of a public place and the creation of a new public place the ownership of the land constituting the closed public place shall revert in the person on whose land the township or subdivided estate was laid out or his successor in title and the ownership of the land constituting the new public place shall vest in the Administrator or local authority, as the case may be, as from the date of the alteration of the general plan in the same manner as if it had been shown on the original plan of the township or subdivided estate. The Registrar shall thereupon make the necessary endorsements on the title-deed of the land and the duplicate thereof filed in his office.”.

3. Section 25 of the principal ordinance is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:—

Amendment of section 25 of Ord. 33 of 1934.

“(1) If a general plan of an approved township or subdivided estate or of any part thereof is lawfully cancelled the ownership of the public places represented thereon shall revert in the owner or his successor in title subject to any terms, conditions or exceptions made by the Administrator who shall cause such cancellation to be notified in the *Provincial Gazette*. The Registrar shall thereupon make the necessary endorsements on the title-deed of the land and the duplicate thereof filed in his office.”.

4. (1) Section 26 (8) of the principal ordinance is hereby amended by the substitution for paragraph (iv) of the following paragraph: —

Amendment of section 26 of Ord. 33 of 1934, as substituted by section 2 of Ord. 18 of 1972.

“(iv) the Registrar shall effect such endorsements to the relevant title deeds as may be necessary to give effect to such total or partial cancellation.”.

(2) The provisions of subsection (1) shall come into operation on the date on which section 12 of the Land Survey Amendment Act, 1972 (Act 71 of 1972), comes into operation.

5. (1) The following section is hereby substituted for section 35 *ter* of the principal ordinance:—

Substitution of section 35 *ter* of Ord. 33 of 1934, as substituted by section 1 of Ord. 13 of 1971 and amended by section 1 of Ord. 3 of 1972.

35 *ter*. (1) In respect of every provision which is or has been prescribed by the Administrator after the commencement of the Townships Amendment Ordinance, 1969 (Ordinance 25 of 1969), in terms of section 35 *bis* for a local authority's scheme in the course of preparation or awaiting approval, there shall, subject to the provisions of subsections (8), (9) and (10) —

“Enhancement levy and compensation.

(a) be an enhancement levy due to such local authority by the owner of any land of which the value is or has increased in consequence of such provision being or having been so prescribed, and

(b) be compensation due by such local authority to the owner of any land of which the value is or has decreased in consequence of such provision being or having been so prescribed.

(2) An enhancement levy contemplated by subsection (1) (a) shall be an amount equal to fifty per cent of the estimated difference.

(3) The compensation contemplated by subsection (1) (b) shall be an amount equal to the whole of the estimated difference.

(4) (a) Die geraamde verskil kan by ooreenkoms tussen die plaaslike owerheid en die eienaar vasgestel word en elke sodanige ooreenkoms —

(i) moet aan die Administrateur voorgelê word tesame met 'n verslag van die plaaslike owerheid oor die redes, feite en omstandighede wat daartoe gelei het dat hy en die eienaar die geraamde verskil op die ooreengekome bedrag vasgestel het, en

(ii) is onderworpe aan die goedkeuring van die Administrateur.

(b) Die Administrateur kan, na oorweging van die verslag by paragraaf (a) beoog en as hy, na oorleg met die plaaslike owerheid en die eienaar, van mening is dat die bedrag waartoe hulle ooreengekom het, nie 'n ware weergawe van die geraamde verskil is nie, gelas dat, tensy 'n verdere ooreenkoms soos by paragraaf (a) beoog, deur die plaaslike owerheid en die eienaar getref word binne 'n tydperk van drie maande vanaf die datum van sodanige lasgewing en deur hom goedgekeur word, die geraamde verskil vasgestel moet word deur die skattingshof saamgestel kragtens Hoofstuk II van die Skattingsordonnansie, 1944 (Ordonnansie 26 van 1944), wat ingevolge genoemde ordonnansie regsbevoegdheid het in die gebied waar die betrokke grond geleë is, en die bepalings van genoemde hoofstuk (uitgesonderd artikels 17, 19 en 21 (4)) en van artikels 81 en 82 (2) van genoemde ordonnansie is *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van sodanige hof en sy bevoegdhede, funksies en pligte.

(c) As geen sodanige ooreenkoms getref is nie na verstryking van die tydperk by paragraaf (b) beoog, moet die plaaslike owerheid die betrokke skattingshof skriftelik in kennis stel van dié feit en sodanige hof bepaal daarna 'n tyd wanneer en 'n plek waar hy sal sit om die geraamde verskil vas te stel en gee skriftelike kennis van minstens een-en-twintig dae aan die Administrateur, die plaaslike owerheid en die eienaar van die tyd en plek aldus bepaal.

(d) Die skattingshof ontvang en oorweeg, op die tyd en plek ingevolge paragraaf (c) bepaal, die getuienis wat die Administrateur, die plaaslike owerheid en die eienaar, hetsy persoonlik of deur middel van 'n verteenwoordiger, aanbied en stel daarna die geraamde verskil vas.

(e) Die bedrag ingevolge paragraaf (d) vasgestel, is afdoende en bindend vir die plaaslike owerheid en die eienaar en word vir alle doeleindes geag die bedrag te wees waartoe die plaaslike owerheid en die eienaar ooreengekom het en die bepalings van paragraaf (b) is, na sodanige vasstelling, nie van toepassing nie ten opsigte van die bedrag aldus vasgestel.

(f) 'n Behoorlike verrekening moet gedoen word ten opsigte van enige bedrag wat voor 'n vasstelling ingevolge paragraaf (d) betaal is ten gevolge van 'n ooreenkoms by paragraaf (a) beoog en enige bedrag wat ingevolge subartikel (9) geag word betaal te gewees het ter volle of gedeeltelike vereffening van 'n verhogingsheffing.

(5) (a) Die plaaslike owerheid of die eienaar kan, as 'n ooreenkoms soos by subartikel (4) beoog, nie binne 'n tydperk van drie maande vanaf die vasgestelde datum getref is nie, die ander skriftelik in kennis stel dat 'n geskil in verband met die geraamde verskil tussen hulle ontstaan het en vereis dat sodanige geskil deur middel van arbitrasie besleg word en moet die Administrateur van sodanige geskil in kennis stel.

(b) Indien, binne 'n tydperk van nege maande vanaf die vasgestelde datum, geen ooreenkoms soos by subartikel (4) beoog, aan die Administrateur voorgelê is nie of hy nie in kennis gestel is dat 'n geskil soos by paragraaf (a) beoog, ontstaan het nie, kan hy, deur middel van 'n skriftelike kennisgewing aan die plaaslike owerheid en die eienaar gelas dat, tensy so 'n ooreenkoms getref word of òf die plaaslike owerheid òf die eienaar ingevolge paragraaf (a) optree binne 'n tydperk van drie maande vanaf die datum van sodanige lasgewing, dit geag sal word dat 'n geskil in verband met die geraamde verskil ontstaan het tussen die plaaslike owerheid en die eienaar en dat sodanige geskil deur middel van arbitrasie besleg moet word.

(c) Ingeval enige geskil soos by hierdie subartikel beoog, ontstaan of geag word te ontstaan het, word die geraamde verskil deur middel van arbitrasie ingevolge die Wet op Arbitrasie, 1965 (Wet 42 van 1965), vasgestel deur 'n enkele arbiter wat aangestel word by ooreenkoms tussen die plaaslike owerheid en die eienaar of, by ontstentenis van sodanige ooreenkoms, deur die Administrateur wie se beslissing in verband met sodanige aanstelling afdoende en bindend vir die plaaslike owerheid en die eienaar is.

(4) (a) The estimated difference may be determined by agreement between the local authority and the owner and every such agreement shall —

(i) be submitted to the Administrator together with a report by the local authority as to the reasons, facts and circumstances which led it and the owner to determine the estimated difference in the amount agreed upon, and

(ii) be subject to the approval of the Administrator.

(b) The Administrator may, after consideration of the report contemplated by paragraph (a) and if he is, after consultation with the local authority and the owner, of opinion that the amount agreed upon between them is not a true reflection of the estimated difference, direct that, unless a further agreement as contemplated by paragraph (a) is reached by the local authority and the owner within a period of three months from the date of such direction and is approved by him, the estimated difference shall be determined by the valuation court constituted under Chapter II of the Valuation Ordinance, 1944 (Ordinance 26 of 1944), which has jurisdiction in terms of the said ordinance in the area where the land concerned is situate, and the provisions of the said Chapter (other than sections 17, 19 and 21 (4)) and of sections 81 and 82 (2) of the said ordinance shall *mutatis mutandis* apply in respect of such court and its powers, functions and duties.

(c) If, after the expiration of the period contemplated by paragraph (b) no such agreement has been reached, the local authority shall in writing notify the valuation court concerned of that fact and such court shall thereupon fix a time when and place where it will sit to determine the estimated difference and shall give not less than twenty-one days written notice to the Administrator, the local authority and the owner of the time and place so fixed.

(d) The valuation court shall, at the time and place fixed in terms of paragraph (c), receive and consider such evidence as the Administrator, the local authority and the owner may tender, either personally or through a representative, and shall thereafter determine the estimated difference.

(e) The amount determined in terms of paragraph (d) shall be final and binding upon the local authority and the owner and shall for all purposes be deemed to be the amount agreed upon by the local authority and the owner and the provisions of paragraph (b) shall, after such determination, not apply in respect of the amount so determined.

(f) A due adjustment shall be made in respect of any amount paid prior to a determination in terms of paragraph (d) in consequence of an agreement contemplated by paragraph (a) and any amount deemed, in terms of subsection (9), to have been paid in full or partial settlement of an enhancement levy.

(5) (a) The local authority or the owner may, if no agreement as contemplated by subsection (4) has been reached within a period of three months from the fixed date, notify the other in writing that a dispute in regard to the estimated difference has arisen between them and require that such dispute be determined by arbitration and shall notify the Administrator of such dispute.

(b) If, within a period of nine months from the fixed date, no agreement as contemplated by subsection (4) has been submitted to the Administrator or he has not been notified that a dispute as contemplated by paragraph (a) has arisen, he may, by notice in writing to the local authority and the owner direct that, unless such an agreement is reached or either the local authority or the owner acts in terms of paragraph (a) within a period of three months from the date of such direction, a dispute in regard to the estimated difference shall be deemed to have arisen between the local authority and the owner and that such dispute shall be determined by arbitration.

(c) In the event of any dispute as contemplated by this subsection arising or being deemed to have arisen, the estimated difference shall be determined by arbitration in terms of the Arbitration Act, 1965 (Act 42 of 1965), by a single arbitrator appointed by agreement between the local authority and the owner or, in the absence of such agreement, by the Administrator whose decision in regard to such appointment shall be final and binding upon the local authority and the owner.

(6) 'n Arbitrer wat aangestel is om 'n geskil by subartikel (5) beoog, te besleg, ken die koste van die arbitrasieverrigtinge toe —

(a) in die geval van 'n geskil by subartikel (5) (a) beoog —

(i) teen die plaaslike owerheid as die geraamde verskil soos deur die arbitrer vasgestel —

(aa) in die geval van 'n verhogingsheffing, gelyk is aan of minder is as, en

(bb) in die geval van vergoeding, gelyk is aan of meer is as,

die bedrag wat laas deur die eienaar skriftelik as die geraamde verskil voorgestel is voordat sodanige geskil ontstaan het;

(ii) teen die eienaar as die geraamde verskil soos deur die arbitrer vasgestel —

(aa) in die geval van 'n verhogingsheffing, gelyk is aan of meer is as, en

(bb) in die geval van vergoeding, gelyk is aan of minder is as,

die bedrag wat laas deur die plaaslike owerheid skriftelik as die geraamde verskil voorgestel is voordat sodanige geskil ontstaan het, en

(iii) in enige geval nie by subparagrafe (i) en (ii) beoog nie, teen die plaaslike owerheid en die eienaar onderskeidelik met inagneming veral van die verhouding waarin —

(aa) in die geval van 'n verhogingsheffing, die bedrag waarmee die geraamde verskil soos deur die arbitrer vasgestel, minder is as die bedrag wat laas deur die plaaslike owerheid skriftelik as die geraamde verskil voorgestel is voordat sodanige geskil ontstaan het, staan tot die bedrag waarmee die geraamde verskil aldus vasgestel, meer is as die bedrag wat laas deur die eienaar skriftelik as die geraamde verskil voorgestel is voordat sodanige geskil ontstaan het, en

(bb) in die geval van vergoeding, die bedrag waarmee die geraamde verskil soos deur die arbitrer vasgestel, meer is as die bedrag wat laas deur die plaaslike owerheid skriftelik as die geraamde verskil voorgestel is voordat sodanige geskil ontstaan het, staan tot die bedrag waarmee die geraamde verskil aldus vasgestel, minder is as die bedrag wat laas deur die eienaar skriftelik as die geraamde verskil voorgestel is voordat sodanige geskil ontstaan het, en

(b) in die geval van 'n geskil wat ingevolge subartikel (5) (b) geag word te ontstaan het, teen die plaaslike owerheid en die eienaar, wat gesamentlik en afsonderlik daarvoor aanspreeklik is.

(7) Die betaling van 'n verhogingsheffing of vergoeding is benewens enige ander verpligting wat aan die plaaslike owerheid of die eienaar van die betrokke grond opgelê word ten gevolge van die bepalings van die betrokke skema en sodanige heffing of vergoeding is betaalbaar —

(a) in die geval van 'n verhogingsheffing —

(i) voordat sodanige grond of enige gedeelte daarvan aangewend of omgeskep word vir enige gebruik wat gemagtig of toegelaat word by die bepaling by subartikel (1) beoog maar wat nie aldus gemagtig of toegelaat was voor die vasgestelde datum nie, of

(ii) voordat sodanige grond of enige gedeelte daarvan, uitgesonderd 'n gedeelte wat onderworpe is aan 'n lasgewing ingevolge subartikel (9) uitgereik, aan enige persoon oorgedra word, en

(b) in die geval van vergoeding, binne 'n tydperk van ses maande vanaf die datum van die ooreenkoms by subartikel (4) of (5) (b) beoog of van die toekenning deur 'n arbitrer ingevolge hierdie artikel gedoen, na gelang van die geval.

(8) Wanneer dit ook al die voorneme is om grond oor te dra ten opsigte waarvan 'n verhogingsheffing verskuldig is maar nog nie betaal is nie of om enige gedeelte van sodanige grond oor te dra en —

(6) An arbitrator appointed to determine a dispute contemplated by subsection (5) shall award the costs of the arbitration proceedings —

(a) in the case of a dispute contemplated by subsection (5) (a) —

(i) against the local authority if the estimated difference as determined by the arbitrator is —

(aa) in the case of an enhancement levy, equal to or less than, and

(bb) in the case of compensation, equal to or greater than,

the amount last proposed in writing as the estimated difference by the owner before such dispute arose;

(ii) against the owner if the estimated difference as determined by the arbitrator is —

(aa) in the case of an enhancement levy, equal to or greater than, and

(bb) in the case of compensation, equal to or less than,

the amount last proposed in writing as the estimated difference by the local authority before such dispute arose, and

(iii) in any case not contemplated by subparagraphs (i) and (ii), against the local authority and the owner respectively having regard particularly to the proportion which —

(aa) in the case of an enhancement levy, the amount by which the estimated difference as determined by the arbitrator is less than the amount last proposed in writing as the estimated difference by the local authority before such dispute arose bears to the amount by which the estimated difference so determined is greater than the amount last proposed in writing as the estimated difference by the owner before such dispute arose, and

(bb) in the case of compensation, the amount by which the estimated difference as determined by the arbitrator is greater than the amount last proposed in writing as the estimated difference by the local authority before such dispute arose bears to the amount by which the estimated difference so determined is less than the amount last proposed in writing as the estimated difference by the owner before such dispute arose, and

(b) in the case of a dispute deemed in terms of subsection (5) (b) to have arisen, against the local authority and the owner, who shall be jointly and severally liable therefor.

(7) The payment of an enhancement levy or compensation shall be in addition to any other obligation imposed on the local authority or the owner of the land concerned in consequence of the provisions of the relevant scheme and such levy or compensation shall be payable —

(a) in the case of an enhancement levy —

(i) before such land or any portion thereof is put or converted to any use which is authorized or permitted by the provision contemplated by subsection (1) but which was not so authorized or permitted before the fixed date, or

(ii) before such land or any portion thereof, other than a portion which is subject to a direction issued in terms of subsection (9), is transferred to any person, and

(b) in the case of compensation, within a period of six months from the date of the agreement contemplated by subsection (4) or (5) (b) or of the award made by an arbitrator in terms of this section, as the case may be.

(8) Whenever it is proposed to transfer land in respect of which an enhancement levy is due but has not yet been paid or to transfer any portion of such land and —

(a) die verpligting om sodanige grond of sodanige gedeelte oor te dra, ontstaan uit of ten gevolge van 'n kontrak wat deur die eienaar en die voornemende transportnemer aangegaan is voor die vasgestelde datum, of

(b) die eienaar van sodanige grond en die voornemende transportnemer skriftelik ooreengekom het dat sodanige transportnemer aanspreeklikheid vir die betaling van sodanige heffing aanvaar,

kan die Administrateur, na oorleg met die eienaar, die voornemende transportnemer en die plaaslike owerheid, beslis dat sodanige eienaar, by die oordrag van sodanige grond of van sodanige gedeelte aan sodanige transportnemer, geheel en al of gedeeltelik vrygestel word van aanspreeklikheid vir die betaling van sodanige heffing, en by sodanige oordrag word sodanige transportnemer, behoudens enige verdere sodanige vrystelling, aanspreeklik vir die betaling, by die voorkoms van enige gebeure by subartikel (7) (a) beoog, van sodanige heffing in die mate waarin sodanige heffing nie deur sodanige eienaar betaal is nie.

(9) (a) Waar die plaaslike owerheid 'n gedeelte van die grond in subartikel (1) (a) genoem, nodig het vir enige doel wat ook al wat hy van tyd tot tyd by wet gemagtig of verplig word om uit te voer, kan die plaaslike owerheid, deur middel van 'n skriftelike kennisgewing wat aan die eienaar beteken word voordat enige ooreenkoms soos by subartikel (4) beoog, getref word, die eienaar in kennis stel dat hy voornemens is om die Administrateur te versoek om ingevolge paragraaf (c) te gelas dat sodanige gedeelte aan die plaaslike owerheid oorgedra moet word.

(b) Die plaaslike owerheid en die eienaar moet daarna die waarde onmiddellik voor die vasgestelde datum van die gedeelte van grond by paragraaf (a) beoog, vasstel ooreenkomstig die bepalinge van subartikels (4), (5) en (6) en vir die doeleindes daarvan —

(i) word enige verwysing in genoemde subartikels na die geraamde verskil geag 'n verwysing na die waarde van sodanige gedeelte te wees;

(ii) is die bepalinge van genoemde subartikel (6) van toepassing asof die vasstelling van sodanige waarde betrekking het op die betaling van vergoeding, en

(iii) word die tydperk by subartikel (5) (a) beoog, geag 'n aanvang te geneem het op die datum waarop die kennis in paragraaf (a) genoem, gegee word.

(c) Die plaaslike owerheid moet die Administrateur skriftelik in kennis stel van die waarde vasgestel ooreenkomstig die voorafgaande bepalinge van hierdie subartikel en die Administrateur kan gelas dat, as die waarde aldus vasgestel gelyk is aan of minder is as die bedrag van die verhogingsheffing wat ten opsigte van die betrokke grond verskuldig is, die gedeelte in paragraaf (a) genoem, oorgedra moet word aan die plaaslike owerheid en, by die oordrag van sodanige gedeelte aan die plaaslike owerheid, word die waarde aldus vasgestel, geag 'n bedrag te wees wat betaal is ter volle of gedeeltelike vereffening, na gelang van die geval, van sodanige verhogingsheffing.

(d) 'n Behoorlike verrekening ten opsigte van enige bedrag betaal ten opsigte van die betrokke verhogingsheffing moet gedoen word by die oordrag aan die plaaslike owerheid van die gedeelte van grond by paragraaf (a) beoog.

(10) (a) Die Administrateur kan, òf in die algemeen òf met betrekking tot die regsgebied van enige plaaslike owerheid, beslis dat die bepalinge van subartikel (1) nie van toepassing is nie ten opsigte van enige klas of tipe van bepaling wat ingevolge artikel 35 *bis* voorgeskryf kan word en enige beslissing ingevolge hierdie paragraaf gedoen, kan —

(i) gedoen word met terugwerkende krag tot 'n datum wat nie vroeër is nie as die ses-en-twintigste dag van September 1969, en

(ii) te eniger tyd deur hom verander of ingetrek word.

(b) Die Administrateur kan, op skriftelike aansoek van die plaaslike owerheid of die eienaar en as hy van mening is, na oorleg met die plaaslike owerheid en die eienaar, dat spesiale omstandighede bestaan wat sodanige optrede regverdig, beslis dat, ongeag of die geraamde verskil ingevolge hierdie artikel vasgestel is of nie —

(a) the obligation to transfer such land or such portion arises from or in consequence of a contract which was entered into by the owner and the proposed transferee before the fixed date, or

(b) the owner of such land and the proposed transferee have in writing agreed that such transferee accepts liability for payment of such levy,

the Administrator may, after consultation with the owner, the proposed transferee and the local authority, determine that such owner shall, on the transfer of such land or of such portion to such transferee, be wholly or partly exempt from liability for payment of such levy and upon such transfer such transferee shall, subject to any further such exemption, become liable for payment, on the occurrence of any event contemplated by subsection (7) (a), of such levy to the extent to which such levy has not been paid by such owner.

(9) (a) Where a portion of the land referred to in subsection (1) (a) is required by the local authority for any purpose whatsoever which it is from time to time by law empowered or required to carry out, the local authority may, by notice in writing served on the owner before any agreement as contemplated by subsection (4) is reached inform the owner that it intends requesting the Administrator do direct in terms of paragraph (c) that such portion shall be transferred to it.

(b) The local authority and the owner shall thereafter determine the value immediately prior to the fixed date of the portion of land contemplated by paragraph (a) in accordance with the provisions of subsections (4), (5) and (6) and for the purposes thereof —

(i) any reference in the said subsections to the estimated difference shall be deemed to be a reference to the value of such portion;

(ii) the provisions of the said subsection (6) shall apply as if the determination of such value related to the payment of compensation, and

(iii) the period contemplated by subsection (5) (a) shall be deemed to have commenced on the date on which the notice referred to in paragraph (a) is given.

(c) The local authority shall notify the Administrator in writing of the value determined in accordance with the preceding provisions of this subsection and the Administrator may direct that, if the value so determined is equal to or less than the amount of the enhancement levy due in respect of the land concerned, the portion referred to in paragraph (a) shall be transferred to the local authority and, upon the transfer of such portion to the local authority, the value so determined shall be deemed to be an amount paid in full or partial settlement, as the case may be, of such enhancement levy.

(d) A due adjustment in respect of any amount paid in respect of the enhancement levy concerned shall be made upon the transfer to the local authority of the portion of land contemplated by paragraph (a).

(10) (a) The Administrator may, either generally or in relation to the area of jurisdiction of any local authority, determine that the provisions of subsection (1) shall not apply in respect of any class or type of provision which may be prescribed in terms of section 35 *bis* and any determination made in terms of this paragraph may —

(i) be made with retrospective effect to a date not earlier than the twenty-sixth day of September, 1969, and

(ii) at any time be altered or withdrawn by him.

(b) The Administrator may, on the written application of the local authority or the owner and if he is of opinion, after consultation with the local authority and the owner, that special circumstances justifying such action exist, determine that, whether or not the estimated difference has been determined in terms of this section —

(i) die bepalings van subartikel (1) nie van toepassing is of geag word nie van toepassing te gewees het nie ten opsigte van die betrokke grond;

(ii) in die geval van 'n verhogingsheffing, die persentasie beoog by subartikel (2) verminder word of geag word verminder te gewees het tot 'n persentasie deur hom gespesifiseer, of

(iii) in die geval van vergoeding, net dié proporsie van die geraamde verskil wat hy gelas, verskuldig is of geag word verskuldig te gewees het aan sodanige eienaar,

en in sodanige geval moet 'n behoorlike verrekening gedoen word ten opsigte van enige bedrag wat voor sodanige beslissing betaal is as 'n verhogingsheffing of vergoeding en enige bedrag wat ingevolge subartikel (9) geag word betaal te gewees het ter volle of gedeeltelike vereffening van 'n verhogingsheffing.

(11) Waar die goedkeuring van 'n plaaslike owerheid by wet vereis word vir —

(a) die oprigting of verandering of uitbreiding van 'n gebou op grond ten opsigte waarvan 'n verhogingsheffing verskuldig is of op enige gedeelte van sodanige grond;

(b) die uitvoering van enige werk wat ook al op sodanige grond of op enige gedeelte daarvan, of

(c) die aanwending of omskepping van sodanige grond of enige gedeelte daarvan of enige gebou daarop vir enige gebruik,

wat gemagtig of toegelaat word by die bepaling by subartikel (1) beoog maar wat nie aldus gemagtig of toegelaat was voor die vasgestelde datum nie, word sodanige goedkeuring nietemin nie toegestaan nie tensy —

(i) sodanige verhogingsheffing betaal is;

(ii) enige grond wat onderworpe is aan 'n lasgewing ingevolge subartikel (9) uitgereik, aan sodanige plaaslike owerheid oorgedra is, of

(iii) sekuriteit vir die betaling van sodanige verhogingsheffing of vir die oordrag van die grond in paragraaf (ii) genoem, ten genoeë van sodanige plaaslike owerheid aan hom verstrekk is.

(12) Ondanks die bepalings van enige ander ordonnansie insake die storting van gelde in of die bestryding van uitgawe uit enige besondere fonds of rekening van 'n plaaslike owerheid, moet elke verhogingsheffing gestort word in 'n afsonderlike rekening en aangewend word alleenlik —

(a) om uitgawe te bestry wat, na die mening van die plaaslike owerheid, betrekking het op of in verband staan met of nodig is vir die uitvoering van sy skema, met inbegrip van die betaling van vergoeding ingevolge hierdie artikel verskuldig en die bestryding van die koste van arbitrasieverrigtinge wat teen sodanige plaaslike owerheid toegeken word, of

(b) met die goedkeuring van die Administrateur, om uitgawe te bestry wat deur die plaaslike owerheid aangegaan is met betrekking tot die voorsiening van kapitaalwerke of geriewe binne sy regsgebied.

(13) Vir die toepassing van hierdie artikel beteken —

'eienaar' die persoon wie se naam in 'n Registrasiekantoor van Aktes geregistreer is as die eienaar van die betrokke grond op die vasgestelde datum;

'geraamde verskil' die verskil tussen die waarde van die betrokke grond onmiddellik voor en onmiddellik na die vasgestelde datum, met inagneming van die bepalings van die skema van toepassing op sodanige grond;

'koste van arbitrasieverrigtinge' die koste van en verbonde aan arbitrasieverrigtinge wat deur enige party daarby aangegaan is en omvat dit die besoldiging van die arbiter en takseergelde;

'vasgestelde datum' die datum waarop die bepaling by subartikel (1) beoog, voorgeskrif word of is, en

(i) the provisions of subsection (1) shall not apply or be deemed not to have applied in respect of the land concerned;

(ii) in the case of an enhancement levy, the percentage contemplated by subsection (2) shall be reduced or be deemed to have been reduced to a percentage specified by him, or

(iii) in the case of compensation, only such proportion of the estimated difference as he may direct shall be due or be deemed to have been due to such owner,

and in such event a due adjustment shall be made in respect of any amount paid prior to such determination as an enhancement levy or compensation and any amount deemed, in terms of subsection (9), to have been paid in full or partial settlement of an enhancement levy.

(11) Where the approval of a local authority is in law required for —

(a) the erection or alteration of or addition to a building on land in respect of which an enhancement levy is due or on any portion of such land;

(b) the carrying out of any work whatsoever on such land or on any portion thereof, or

(c) such land or any portion thereof or any building thereon being put or converted to any use,

which is authorized or permitted by the provision contemplated by subsection (1) but which was not so authorized or permitted before the fixed date, such approval shall nevertheless not be granted unless —

(i) such enhancement levy has been paid;

(ii) any land which is subject to a direction issued in terms of subsection (9) has been transferred to such local authority, or

(iii) security for the payment of such enhancement levy or for the transfer of the land referred to in paragraph (ii) has been furnished to such local authority to its satisfaction.

(12) Notwithstanding the provisions of any other ordinance relating to the payment of moneys into or the meeting of expenditure from any particular fund or account of a local authority, every enhancement levy shall be paid into a separate account and applied solely —

(a) to meeting expenditure which, in the opinion of the local authority, is related or incidental to or necessary for the implementation of its scheme, including the payment of compensation due in terms of this section and the defrayment of the costs of arbitration proceedings awarded against such local authority, or

(b) with the approval of the Administrator, to meeting expenditure incurred by the local authority in relation to the provision of capital works or amenities within its area of jurisdiction.

(13) For the purposes of this section —

‘costs of arbitration proceedings’ means the costs of and incidental to arbitration proceedings incurred by any party thereto and includes the remuneration of the arbitrator and taxation fees;

‘estimated difference’ means the difference between the value of the land concerned immediately prior to and immediately subsequent to the fixed date, having regard to the provisions of the scheme applicable to such land;

‘fixed date’ means the date on which the provision contemplated by subsection (1) is or was prescribed;

‘owner’ means the person whose name is registered in a Deeds Registry as the owner of the land concerned on the fixed date, and

'waarde' die bedrag wat die betrokke grond sou behaal het as dit op die oop mark deur 'n gewillige verkoper aan 'n gewillige koper verkoop was.'.

(2) Die bepaling van subartikel (1) word geag in werking te getree het op die ses-en-twintigste dag van September 1969.

(3) (a) Enige ontwikkelingsbydrae of gedeelte daarvan of enige vergoeding wat betaal is en enige grond wat oorgedra is voor die inwerkingtreding van hierdie ordonnansie ten gevolge van 'n lasgewing wat uitgereik is of heet uitgereik te gewees het ingevolge artikel 35 *ter* van die hoofordonnansie soos genoemde artikel bestaan het te eniger tyd voor sodanige inwerkingtreding word, behoudens die bepaling van subartikel (5), geag betaal te gewees het as 'n verhogingsheffing of vergoeding verskuldig en geldig vasgestel ooreenkomstig die bepaling van genoemde artikel soos gewysig by hierdie ordonnansie of oorgedra te gewees het ten gevolge van 'n geldige lasgewing uitgereik ingevolge subartikel (9) van genoemde artikel soos aldus gewysig, na gelang van die geval.

(b) Enige ontwikkelingsbydrae, vergoeding of grond genoem in 'n lasgewing wat uitgereik is of heet uitgereik te gewees het ingevolge artikel 35 *ter* van die hoofordonnansie soos dit bestaan het te eniger tyd voor die inwerkingtreding van hierdie ordonnansie, wat nie ten volle betaal of oorgedra is voor sodanige inwerkingtreding nie, word, behoudens die bepaling van subartikel (5), geag 'n verhogingsheffing of vergoeding te wees wat verskuldig en geldig vasgestel is ooreenkomstig die bepaling van genoemde artikel soos gewysig by hierdie ordonnansie of onderworpe te wees aan 'n geldige lasgewing uitgereik ingevolge subartikel (9) van genoemde artikel soos aldus gewysig, na gelang van die geval, en die tydperk beoog by subartikel (7) (b) van genoemde artikel soos aldus gewysig, word, in die geval van enige sodanige vergoeding, geag te verstryk op die datum bepaal ten opsigte van sodanige vergoeding ingevolge subartikel (4) (b) van genoemde artikel soos dit bestaan het voor sodanige inwerkingtreding, of, as geen datum aldus bepaal is nie, ses maande na sodanige inwerkingtreding.

(4) Waar die Administrateur voor die inwerkingtreding van hierdie ordonnansie bepaal het dat 'n ontwikkelingsbydrae of vergoeding soos beoog by artikel 35 *ter* soos genoemde artikel bestaan het te eniger tyd voor sodanige inwerkingtreding, nie verskuldig is nie, word die bepaling aldus gedoen, vir alle doeleindes geag 'n beslissing te wees wat gedoen is ingevolge subartikel (10) (b) (i) van genoemde artikel soos gewysig by hierdie ordonnansie.

(5) Iedereen wat —

(a) 'n ontwikkelingsbydrae of vergoeding betaal het of aanspreeklik is vir die betaling daarvan wat, ingevolge subartikel (3), geag word betaal te gewees het as 'n verhogingsheffing of vergoeding of 'n verhogingsheffing of vergoeding te wees wat verskuldig en geldig vasgestel is ooreenkomstig die bepaling van artikel 35 *ter* van die hoofordonnansie soos gewysig by hierdie ordonnansie, of

(b) enige grond oorgedra het of moet oordra wat, ingevolge subartikel (3), geag word oorgedra te gewees het ten gevolge van of onderworpe te wees aan 'n geldige lasgewing uitgereik ingevolge artikel 35 *ter* (9) van die hoofordonnansie soos gewysig by hierdie ordonnansie,

kan, binne 'n tydperk van drie maande vanaf die inwerkingtreding van hierdie ordonnansie, deur middel van 'n skriftelike kennisgewing aan die betrokke munisipaliteit, afdelingsraad, dorpsbestuur of plaaslike bestuur of aan die betrokke eienaar, na gelang van die geval, vereis dat —

(i) 'n nuwe vasstelling van die bedrag wat betaal is of vir die betaling waarvan hy aanspreeklik is, gedoen word ooreenkomstig die bepaling van artikel 35 *ter* van die hoofordonnansie soos gewysig by hierdie ordonnansie asof sodanige bedrag 'n verhogingsheffing of vergoeding was soos beoog by genoemde artikel soos aldus gewysig, en

(ii) 'n vasstelling van die waarde van enige grond wat oorgedra is of oorgedra moet word, gedoen word ooreenkomstig die bepaling van subartikels (4), (5) en (6) van genoemde artikel soos aldus gewysig en vir die doeleindes van genoemde vasstelling word enige verwysing in genoemde subartikels na die geraamde verskil geag 'n verwysing te wees na die waarde van sodanige grond en is die bepaling van genoemde subartikel (6) van toepassing asof sodanige vasstelling betrekking het op die betaling van vergoeding,

'value' means the amount which the land concerned would have realized if sold in the open market by a willing seller to a willing buyer."

(2) The provisions of subsection (1) shall be deemed to have come into operation on the twenty-sixth day of September, 1969.

(3) (a) Any development contribution or portion thereof or any compensation paid and any land transferred prior to the commencement of this ordinance in consequence of an order issued or purported to have been issued in terms of section 35 *ter* of the principal ordinance as the said section existed at any time prior to such commencement shall, subject to the provisions of subsection (5), be deemed to have been paid as an enhancement levy or compensation due and validly determined in accordance with the provisions of the said section as amended by this ordinance or to have been transferred in consequence of a valid direction issued in terms of subsection (9) of the said section as so amended, as the case may be.

(b) Any development contribution, compensation or land referred to in an order issued or purported to have been issued in terms of section 35 *ter* of the principal ordinance as it existed at any time prior to the commencement of this ordinance which has not been paid in full or transferred prior to such commencement shall, subject to the provisions of subsection (5), be deemed to be an enhancement levy or compensation due and validly determined in accordance with the provisions of the said section as amended by this ordinance or to be subject to a valid direction issued in terms of subsection (9) of the said section as so amended, as the case may be, and the period contemplated by subsection (7) (b) of the said section as so amended shall, in the case of any such compensation, be deemed to expire on the date determined in respect of such compensation in terms of subsection (4) (b) of the said section as it existed prior to such commencement or, if no date has been so determined, six months after such commencement.

(4) Where the Administrator has, prior to the commencement of this ordinance, determined that a development contribution or compensation as contemplated by section 35 *ter* as the said section existed at any time prior to such commencement shall not be due, the determination so made shall for all purposes be deemed to be a determination made in terms of subsection (10) (b) (i) of the said section as amended by this ordinance.

(5) Any person who —

(a) has paid or is liable to pay a development contribution or compensation which is, in terms of subsection (3), deemed to have been paid as or to be an enhancement levy or compensation due and validly determined in accordance with the provisions of section 35 *ter* of the principal ordinance as amended by this ordinance, or

(b) has transferred or is required to transfer any land which is, in terms of subsection (3), deemed to have been transferred in consequence of or to be subject to a valid direction issued in terms of section 35 *ter* (9) of the principal ordinance as amended by this ordinance,

may, within a period of three months from the commencement of this ordinance, by notice in writing to the municipality, divisional council, village management board or local board concerned or to the owner concerned, as the case may be, require —

(i) a fresh determination of the amount paid or liable to be paid to be made in accordance with the provisions of section 35 *ter* of the principal ordinance as amended by this ordinance as if such amount were an enhancement levy or compensation as contemplated by the said section as so amended, and

(ii) a determination of the value of any land which has been transferred or is required to be transferred to be made in accordance with the provisions of subsections (4), (5) and (6) of the said section as so amended and for the purposes of the said determination any reference in the said subsections to the estimated difference shall be deemed to be a reference to the value of such land and the provisions of the said subsection (6) shall apply as if such determination related to the payment of compensation,

en vir die doeleindes van sodanige nuwe vasstelling of vasstelling word die tydperk beoog by subartikel (5) (a) van genoemde artikel soos aldus gewysig, geag te begin het op die datum waarop sodanige kennis gegee word.

(6) (a) Enige bedrag vasgestel ten gevolge van 'n nuwe vasstelling beoog by subartikel (5) (i) word vir alle doeleindes geag die bedrag te wees wat verskuldig is deur die munisipaliteit, afdelingsraad, dorpsbestuur of plaaslike bestuur as die vergoeding of deur die eienaar as die verhogingsheffing wat ingevolge subartikel (3) geag word verskuldig en geldig vasgestel te wees ooreenkomstig die bepalings van artikel 35 *ter* van die hoofordonnansie soos gewysig by hierdie ordonnansie, na gelang van die geval.

(b) Enige waarde vasgestel ten gevolge van 'n vasstelling beoog by subartikel (5) (ii) word —

(i) as die betrokke grond voor die doen van sodanige vasstelling oorgedra is, by sodanige doen, of

(ii) as die betrokke grond nie aldus oorgedra is nie, by die oordrag daarvan,

geag 'n bedrag te wees wat betaal is ter volle of gedeeltelike vereffening van die verhogingsheffing wat ingevolge subartikel (3) geag word verskuldig en geldig vasgestel te wees ooreenkomstig die bepalings van artikel 35 *ter* van die hoofordonnansie soos gewysig by hierdie ordonnansie.

(c) 'n Behoorlike verrekening ten opsigte van enige bedrag wat betaal is of ingevolge paragraaf (b) geag word betaal te gewees het ten opsigte van die verhogingsheffing of vergoeding wat ingevolge subartikel (3) geag word verskuldig en geldig vasgestel te wees ooreenkomstig die bepalings van artikel 35 *ter* van die hoofordonnansie soos gewysig by hierdie ordonnansie moet gedoen word by die doen van die nuwe vasstelling of vasstelling beoog by hierdie subartikel en by die oordrag van grond beoog by paragraaf (b) (ii), na gelang van die geval.

6. Die volgende artikel word hierby in die hoofordonnansie na artikel 35 *ter* ingevoeg:—

35 *quat*. Ondanks die bepalings van artikels 35 *bis* en 45 kan die Administrateur, sonder dat daar aan die bepalings van artikels 35 *bis* en 36 tot en met 41 voldoen is, enige bepaling vir die skema van enige plaaslike owerheid voorskryf, hetsy sodanige skema opgestel word, op goedkeuring wag of goedgekeur is, as sodanige bepaling deur sodanige plaaslike owerheid opgestel is uitsluitlik met die doel om —

(a) te verseker dat sodanige skema of 'n deel daarvan of enige gedeelte van sodanige skema of deel in beide amptelike tale sal wees, of

(b) die gewigte en mate genoem in sodanige skema of deel daarvan of enige gedeelte van sodanige skema of deel tot die metrieke stelsel om te reken,

en sodanige bepaling word vir alle doeleindes geag by sodanige skema of deel ingelyf te wees met ingang van die datum waarop sodanige skema of deel deur sodanige plaaslike owerheid opgestel is of, in die geval van 'n bepaling wat ingelyf is by sodanige skema of deel nadat sodanige skema of deel deur sodanige plaaslike owerheid opgestel is, die datum waarop sodanige laasgenoemde bepaling aldus ingelyf is.”.

7. Artikel 36 (2) van die Dorpsbesturen Ordonnantie, 1921, word hierby gewysig deur paragraaf (e) deur die volgende paragraaf te vervang:—

“(e) dat —

(i) enige verhogingsheffing wat verskuldig is of geag word verskuldig te wees ingevolge artikel 35 *ter* (1) van die Ordonnansie op Dorpe, 1934 (Ordonnansie 33 van 1934), en wat geheel en al of gedeeltelik betaalbaar is voor die oordrag beoog by subartikel (1), aldus betaal is;

(ii) enige grond wat onderworpe is of geag word onderworpe te wees aan 'n lasgewing uitgereik ingevolge artikel 35 *ter* (9) van genoemde ordonnansie, aan die Bestuur oorgedra is, of

(iii) sekuriteit vir die betaling van sodanige heffing of die oordrag van enige grond beoog by subparagraaf (ii) ten genoë van die Bestuur aan hom verstrekk is.”.

Invoeging van artikel 35 *quat* in Ord. 33 van 1934.

“Voorskryf van bepalings vir sekere doeleindes.

Wysiging van artikel 36 van Ord. 10 van 1921, soos vervang by artikel 5 van Ord. 25 van 1969 en gewysig by artikel 2 van Ord. 13 van 1971.

and for the purposes of such fresh determination or determination the period contemplated by subsection (5) (a) of the said section as so amended shall be deemed to have commenced on the date on which such notice is given.

(6) (a) Any amount determined in consequence of a fresh determination contemplated by subsection (5) (i) shall for all purposes be deemed to be the amount due by the municipality, divisional council, village management board or local board as the compensation or by the owner as the enhancement levy deemed, in terms of subsection (3), to be due and validly determined in accordance with the provisions of section 35 *ter* of the principal ordinance as amended by this ordinance, as the case may be.

(b) Any value determined in consequence of a determination contemplated by subsection (5) (ii) shall —

(i) if the land concerned was transferred prior to the making of such determination, upon such making, or

(ii) if the land concerned was not so transferred, upon the transfer thereof,

be deemed to be an amount paid in full or partial settlement of the enhancement levy deemed, in terms of subsection (3), to be due and validly determined in accordance with the provisions of section 35 *ter* of the principal ordinance as amended by this ordinance.

(c) A due adjustment in respect of any amount paid or deemed in terms of paragraph (b) to have been paid in respect of the enhancement levy or compensation deemed, in terms of subsection (3), to be due and validly determined in accordance with the provisions of section 35 *ter* of the principal ordinance as amended by this ordinance shall be made upon the making of the fresh determination or determination contemplated by this subsection and upon the transfer of land contemplated by paragraph (b) (ii), as the case may be.

6. The following section is hereby inserted in the principal ordinance after section 35 *ter*:—

35 *quat*. Notwithstanding the provisions of sections 35 *bis* and 45, the Administrator may, without the provisions of sections 35 *bis* and 36 to and including 41 having been complied with, prescribe any provision for the scheme of any local authority, whether such scheme is in the course of preparation, awaiting approval or has been approved, if such provision has been prepared by such local authority solely for the purpose of —

(a) ensuring that such scheme or part thereof or any portion of such scheme or part will be in both official languages, or

(b) converting weights and measures referred to in such scheme or part thereof or any portion of such scheme or part to the metric system,

and such provision shall for all purposes be deemed to have been incorporated in such scheme or part with effect from the date upon which such scheme or part was prepared by such local authority or, in the case of a provision which was incorporated in such scheme or part after such scheme or part was prepared by such local authority, the date on which such last-mentioned provision was so incorporated.”

7. Section 36 (2) of the Village Management Boards Ordinance, 1921, is hereby amended by the substitution for paragraph (e) of the following paragraph:—

“(e) that —

(i) any enhancement levy which is or is deemed to be due in terms of section 35 *ter* (1) of the Townships Ordinance, 1934 (Ordinance 33 of 1934), and which is wholly or partly payable before the transfer contemplated by subsection (1) has been so paid;

(ii) any land which is or is deemed to be subject to a direction issued in terms of section 35 *ter* (9) of the said ordinance has been transferred to the Board, or

(iii) security for the payment of such levy or the transfer of any land contemplated by subparagraph (ii) has been furnished to the Board to its satisfaction.”

Insertion of section 35 *quat* in Ord. 33 of 1934.

“Prescribing of provisions for certain purposes.

Amendment of section 36 of Ord. 10 of 1921, as substituted by section 5 of Ord. 25 of 1969 and amended by section 2 of Ord. 13 of 1971.

Wysiging van artikel 31 van Ord. 11 van 1921, soos vervang by artikel 6 van Ord. 25 van 1969 en gewysig by artikel 3 van Ord. 13 van 1971.

8. Artikel 31 (2) van die Plaatselike Besturen Ordonnantie, 1921, word hierby gewysig deur paragraaf (e) deur die volgende paragraaf te vervang:—

“(e) dat —

(i) enige verhogingsheffing wat verskuldig is of geag word verskuldig te wees ingevolge artikel 35 *ter* (1) van die Ordonnansie op Dorpe, 1934 (Ordonnansie 33 van 1934), en wat geheel en al of gedeeltelik betaalbaar is voor die oordrag beoog by subartikel (1), aldus betaal is;

(ii) enige grond wat onderworpe is of geag word onderworpe te wees aan 'n lasgewing uitgereik ingevolge artikel 35 *ter* (9) van genoemde ordonnansie, aan die Bestuur oorgedra is, of

(iii) sekuriteit vir die betaling van sodanige heffing of die oordrag van enige grond beoog by subparagraaf (ii) ten genoeë van die Bestuur aan hom verstrekk is.”.

Wysiging van artikel 108 van Ord. 19 van 1951, soos gewysig by artikel 3 van Ord. 15 van 1961, artikel 12 van Ord. 24 van 1966, artikel 7 van Ord. 25 van 1969 en artikel 4 van Ord. 13 van 1971.

9. Artikel 108 (2) van die Munisipale Ordonnansie, 1951, word hierby gewysig deur paragraaf (e) deur die volgende paragraaf te vervang:—

“(e) dat —

(i) enige verhogingsheffing wat verskuldig is of geag word verskuldig te wees ingevolge artikel 35 *ter* (1) van die Ordonnansie op Dorpe, 1934 (Ordonnansie 33 van 1934), en wat geheel en al of gedeeltelik betaalbaar is voor die oordrag beoog by subartikel (1), aldus betaal is;

(ii) enige grond wat onderworpe is of geag word onderworpe te wees aan 'n lasgewing uitgereik ingevolge artikel 35 *ter* (9) van genoemde ordonnansie, aan die raad oorgedra is, of

(iii) sekuriteit vir die betaling van sodanige heffing of die oordrag van enige grond beoog by subparagraaf (ii) ten genoeë van die raad aan hom verstrekk is.”.

Wysiging van artikel 100 van Ord. 15 van 1952, soos gewysig by artikel 3 van Ord. 4 van 1953, artikel 9 van Ord. 28 van 1966, artikel 8 van Ord. 25 van 1969 en artikel 5 van Ord. 13 van 1971.

10. Artikel 100 (2) van die Ordonnansie op Afdelingsrade, 1952, word hierby gewysig deur paragraaf (d) deur die volgende paragraaf te vervang:—

“(d) dat —

(i) enige verhogingsheffing wat verskuldig is of geag word verskuldig te wees ingevolge artikel 35 *ter* (1) van die Ordonnansie op Dorpe, 1934 (Ordonnansie 33 van 1934), en wat geheel en al of gedeeltelik betaalbaar is voor die oordrag beoog by subartikel (1), aldus betaal is;

(ii) enige grond wat onderworpe is of geag word onderworpe te wees aan 'n lasgewing uitgereik ingevolge artikel 35 *ter* (9) van genoemde ordonnansie, aan die raad oorgedra is, of

(iii) sekuriteit vir die betaling van sodanige heffing of die oordrag van enige grond beoog by subparagraaf (ii) ten genoeë van die raad aan hom verstrekk is.”.

Kort titel.

